UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

# ENKELE SOSIOLOGIESE ASPEKTE

# VAN DIE

# VRYETYDSBESTEDING VAN MANLIKE KLEURLINGE

© University of Pretoria

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

# ENKELE SOSIOLOGIESE ASPEKTE
# VAN DIE
# VRYETYDSBESTEDING VAN MANLIKE KLEURLINGE

deur

Adam Johannes Jacobus Botha

Verhandeling voorgelê ter vervulling van
'n deel van die vereistes vir die graad

MAGISTER ARTIUM
(Sosiologie)

in die

Fakulteit van Lettere en Wysbegeerte
aan die
UNIVERSITEIT VAN PRETORIA

Junie 1967

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



# INHOUDSOPGAWE

Bladsy

Voorwoord (v)
Lys van tabelle (vi)

## HOOFSTUK 1

## INLEIDING

1. Keuse van die vraagstuk 1
2. Doel van die ondersoek 2
3. Metode van ondersoek 2
4. Betroubaarheid van gegewens 3
5. Duur en tyd van die ondersoek 4
6. Beskrywing van die steekproef 4
7. Begripsbepaling
   - a. Kleurling 5
   - b. Vrye tyd 5
   - c. Ontspanning 9
   - d. Werk 13
8. Begrensing van die ondersoek
   - a. Proefpersone 14
   - b. Gebied 14
9. Die ligging, ontstaan en ontwikkeling van Eersterust 14
10. Gebruik van die tabelle 18
11. Indeling van die ondersoek 18

## HOOFSTUK 2

## TEORETIESE AGTERGROND

1. Algemeen 20
2. Ontstaan van vrye tyd 21
3. Ontspanning en spel 22
4. Enkele teorieë oor spel en ontspanning 23
5. Die waarde van gesonde ontspanningsaktiwiteite
   - a. Eise wat aan ontspanning gestel word 25
   - b. Persoonlike waarde van ontspannings-ervarings 26
   - c. Gevolge van suksesvolle ontspannings-ervarings 27
   - d. Die noodsaaklikheid van ontspanning 28
6. Samevatting 32

© University of Pretoria Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Bladsy

## H O O F S T U K 3

### DIE KENMERKE VAN DIE ONDERSOEKGROEP

1. Inleiding 34
2. Ouderdom 34
3. Onderwyspeil 35
4. Huwelikstaat 35
5. Inkomste 36
6. Beroep 37
7. Samevatting 38

## H O O F S T U K 4

### DIE LEESGEWOONTES VAN DIE ONDERSOEKGROEP

1. LEES VAN KOERANTE
  a. Inleiding 39
  b. Ouderdom en die lees van koerante 40
  c. Onderwyspeil en die lees van koerante 43
  d. Maandelikse inkomste en die lees van koerante 46
  e. Beroep en die lees van koerante 49
  f. Huwelikstaat en die lees van koerante 53
2. LEES VAN TYDSKRIFTE
  a. Inleiding 54
  b. Ouderdom en die lees van tydskrifte 55
  c. Onderwyspeil en die lees van tydskrifte 58
  d. Beroep en die lees van tydskrifte 60
  e. Inkomste en die lees van tydskrifte 63
  f. Huwelikstaat en die lees van tydskrifte 67
3. LEES VAN BOEKE
  a. Inleiding 68
  b. Ouderdom en die lees van boeke 69
  c. Onderwyspeil en die lees van boeke 71
  d. Maandelikse inkomste en die lees van boeke 74
  e. Beroep en die lees van boeke 78
  f. Huwelikstaat en die lees van boeke 79
4. SAMEVATTING 81

## H O O F S T U K 5

### DIE LUISTERGEWOONTES NA DIE RADIO

1. Inleiding 85
2. Luisterfrekwensie na die radio 85
3. Ouderdom en luister na die radio 86
4. Onderwyspeil en luister na die radio 90
5. Inkomste en luister na die radio 91
6. Beroep en luister na die radio 93
7. Huwelikstaat en luister na die radio 95
8. Samevatting 97

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Bladsy

H O O F S T U K 6

DIE GEBRUIK VAN DRANK

1. Inleiding 100
2. Drinkfrekwensie van drank 100
3. Ouderdom en gebruik van drank 101
4. Onderwyspeil en gebruik van drank 105
5. Inkomste en gebruik van drank 106
6. Beroep en gebruik van drank 108
7. Huwelikstaat en gebruik van drank 112
8. Samevatting 113

H O O F S T U K 7

DIE AFLÊ EN ONTVANG VAN BESOEK

1. DIE AFLÊ VAN BESOEK
   a. Inleiding 115
   b. Die aflê en ontvang van besoek 115
   c. Ouderdom en aflê van besoek 115
   d. Onderwyspeil en aflê van besoek 120
   e. Inkomste en aflê van besoek 122
   f. Beroep en aflê van besoek 123
   g. Huwelikstaat en aflê van besoek 125
2. BESOEK ONTVANG
   a. Inleiding 127
   b. Ouderdom en ontvang van besoek 128
   c. Onderwyspeil en ontvang van besoek 130
   d. Inkomste en ontvang van besoek 133
   e. Beroep en ontvang van besoek 135
   f. Huwelikstaat en ontvang van besoek 137
3. SAMEVATTING 139

H O O F S T U K 8

DEELNAME EN BESOEK AAN SPORTBYEENKOMSTE

1. DEELNAME AAN SPORT
   a. Inleiding 142
   b. Frekwensie van deelname aan sport 142
   c. Ouderdom en deelname aan sport 144
   d. Onderwyspeil en deelname aan sport 145
   e. Inkomste en deelname aan sport 147
   f. Beroep en deelname aan sport 151
   g. Huwelikstaat en deelname aan sport 153
2. BYWONING VAN SPORTBYEENKOMSTE
   a. Inleiding 154
   b. Frekwensie van bywoning van sportbyeenkomste 154
   c. Ouderdom en bywoning van sportbyeenkomste 156
   d. Onderwyspeil en bywoning van sportbyeenkomste 158
   e. Inkomste en bywoning van sportbyeenkomste 159
   f. Beroep en bywoning van sportbyeenkomste 161
   g. Huwelikstaat en bywoning van sportbyeenkomste 163
3. SAMEVATTING 165

© University of Pretoria Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Bladsy

## H O O F S T U K 9

### SLOTBESKOUING


a. Inleiding 168
b. Algemene gevolgtrekkings 169

BYLAAG 1 172

BIBLIOGRAFIE 174


© University of Pretoria Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



# VOORWOORD

In die eerste plek betuig ek graag my grootste dank aan Hom vir die verstand en geleenthede om hierdie ondersoek te kon voltooi.

'n Spesiale woord van dank en erkenning aan my promotor dr. J.F. Loedolff vir sy leiding en vriendelike hulp.

'n Woord van dank aan mnre. D.T. van der Spuy, H. van N. de Vos en A.P.R. Kellerman vir hulp verleen met die veldwerk.

'n Besondere woord van dank aan my vrou, Nellie, vir die bemoediging en besieling van haar kant, en vir al die opofferings wat sy, Bennie en Lizette moes maak om die studie moontlik te maak.

A.J.J. Botha.

Pretoria.
Junie 1967.

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



# L Y S V A N T A B E L L E


| Tabelnommer | Titel | Bladsy |
|---|---|---|
| 1 | DIE OUDERDOMME VAN DIE ONDERSOEKGROEP | 34 |
| 2 | DIE ONDERWYSPEIL VAN DIE ONDERSOEKGROEP | 35 |
| 3 | DIE HUWELIKSTAAT VAN DIE ONDERSOEKGROEP | 35 |
| 4 | DIE MAANDELIKSE INKOMSTE VAN DIE ONDERSOEK-GROEP | 36 |
| 5 | DIE BEROEP VAN DIE ONDERSOEKGROEP | 37 |
| 6 | DIE LEESFREKWENSIE VAN KOERANTE, TYDSKRIFTE EN BOEKE | 40 |
| 7(a) | DIE LEESFREKWENSIE VAN KOERANTE VOLGENS OUDER-DOM | 41 |
| (b) | DIE OUDERDOM VOLGENS LEESFREKWENSIE VAN KOERANTE | 42 |
| 8(a) | DIE LEESFREKWENSIE VAN KOERANTE VOLGENS ONDER-WYSPEIL | 44 |
| (b) | DIE ONDERWYSPEIL VOLGENS LEESFREKWENSIE VAN KOERANTE | 45 |
| 9(a) | DIE LEESFREKWENSIE VAN KOERANTE VOLGENS MAAN-DELIKSE INKOMSTE | 47 |
| (b) | DIE MAANDELIKSE INKOMSTE VOLGENS LEESFREKWEN-SIE VAN KOERANTE | 48 |
| 10(a) | DIE LEESFREKWENSIE VAN KOERANTE VOLGENS BEROEP | 50 |
| (b) | DIE BEROEP VOLGENS LEESFREKWENSIE VAN KOERANTE | 51 |
| 11(a) | DIE LEESFREKWENSIE VAN KOERANTE VOLGENS HUWE-LIKSTAAT | 52 |
| (b) | DIE HUWELIKSTAAT VOLGENS DIE LEESFREKWENSIE VAN KOERANTE | 53 |
| 12(a) | DIE LEESFREKWENSIE VAN TYDSKRIFTE VOLGENS OUDERDOM | 56 |
| (b) | DIE OUDERDOM VOLGENS LEESFREKWENSIE VAN TYD-SKRIFTE | 57 |
| 13(a) | DIE LEESFREKWENSIE VAN TYDSKRIFTE VOLGENS ONDERWYSPEIL | 59 |
| (b) | DIE ONDERWYSPEIL VOLGENS LEESFREKWENSIE VAN TYDSKRIFTE | 60 |
| 14(a) | DIE LEESFREKWENSIE VAN TYDSKRIFTE VOLGENS BEROEP | 61 |
| (b) | DIE BEROEP VOLGENS LEESFREKWENSIE VAN TYD-SKRIFTE | 62 |
| 15(a) | DIE LEESFREKWENSIE VAN TYDSKRIFTE VOLGENS MAANDELIKSE INKOMSTE | 64 |
| (b) | DIE MAANDELIKSE INKOMSTE VOLGENS LEESFREKWEN-SIE VAN TYDSKRIFTE | 65 |
| 16(a) | DIE LEESFREKWENSIE VAN TYDSKRIFTE VOLGENS HUWELIKSTAAT | 66 |
| (b) | DIE HUWELIKSTAAT VOLGENS LEESFREKWENSIE VAN TYDSKRIFTE | 67 |
| 17(a) | DIE LEESFREKWENSIE VAN BOEKE VOLGENS OUDERDOM | 70 |
| (b) | DIE OUDERDOM VOLGENS LEESFREKWENSIE VAN BOEKE | 71 |
| 18(a) | DIE LEESFREKWENSIE VAN BOEKE VOLGENS ONDER-WYSPEIL | 72 |
| (b) | DIE ONDERWYSPEIL VOLGENS LEESFREKWENSIE VAN BOEKE | 73 |
| 19(a) | DIE LEESFREKWENSIE VAN BOEKE VOLGENS MAANDE-LIKSE INKOMSTE | 75 |
| (b) | DIE MAANDELIKSE INKOMSTE VOLGENS LEESFREKWEN-SIE VAN BOEKE | 76 |
| 20(a) | DIE LEESFREKWENSIE VAN BOEKE VOLGENS BEROEP | 77 |
| (b) | DIE BEROEP VOLGENS LEESFREKWENSIE VAN BOEKE | 78 |


© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



| | | Bladsy |
|---|---|---|
| 21(a) | DIE LEESFREKWENSIE VAN BOEKE VOLGENS HUWELIKSTAAT | 80 |
| (b) | DIE HUWELIKSTAAT VOLGENS LEESFREKWENSIE VAN BOEKE | 81 |
| 22 | DIE LUISTERFREKWENSIE NA DIE RADIO | 86 |
| 23(a) | DIE LUISTERFREKWENSIE NA DIE RADIO VOLGENS OUDERDOM | 87 |
| (b) | DIE OUDERDOM VOLGENS LUISTERFREKWENSIE NA DIE RADIO | 88 |
| 24(a) | DIE LUISTERFREKWENSIE NA DIE RADIO VOLGENS ONDERWYSPEIL | 89 |
| (b) | DIE ONDERWYSPEIL VOLGENS LUISTERFREKWENSIE NA DIE RADIO | 90 |
| 25(a) | DIE LUISTERFREKWENSIE NA DIE RADIO VOLGENS MAANDELIKSE INKOMSTE | 92 |
| (b) | DIE MAANDELIKSE INKOMSTE VOLGENS LUISTERFREKWENSIE NA DIE RADIO | 93 |
| 26(a) | DIE LUISTERFREKWENSIE NA DIE RADIO VOLGENS BEROEP | 94 |
| (b) | DIE BEROEP VOLGENS LUISTERFREKWENSIE NA DIE RADIO | 95 |
| 27(a) | DIE LUISTERFREKWENSIE NA DIE RADIO VOLGENS HUWELIKSTAAT | 96 |
| (b) | DIE HUWELIKSTAAT VOLGENS LUISTERFREKWENSIE NA DIE RADIO | 97 |
| 28 | DIE DRINKFREKWENSIE VAN DRANK | 100 |
| 29(a) | DIE DRINKFREKWENSIE VOLGENS OUDERDOM | 102 |
| (b) | DIE OUDERDOM VOLGENS DRINKFREKWENSIE | 103 |
| 30(a) | DIE DRINKFREKWENSIE VOLGENS ONDERWYSPEIL | 104 |
| (b) | DIE ONDERWYSPEIL VOLGENS DRINKFREKWENSIE | 105 |
| 31(a) | DIE DRINKFREKWENSIE VOLGENS MAANDELIKSE INKOMSTE | 107 |
| (b) | DIE MAANDELIKSE INKOMSTE VOLGENS DRINKFREKWENSIE | 108 |
| 32(a) | DIE DRINKFREKWENSIE VOLGENS BEROEP | 109 |
| (b) | DIE BEROEP VOLGENS DRINKFREKWENSIE | 110 |
| 33(a) | DIE DRINKFREKWENSIE VOLGENS HUWELIKSTAAT | 111 |
| (b) | DIE HUWELIKSTAAT VOLGENS DRINKFREKWENSIE | 112 |
| 34 | DIE AFLÊ EN ONTVANG VAN BESOEK | 116 |
| 35(a) | DIE FREKWENSIE VAN BESOEK AFLÊ VOLGENS OUDERDOM | 117 |
| (b) | DIE OUDERDOM VOLGENS FREKWENSIE VAN BESOEK AFLÊ | 118 |
| 36(a) | DIE FREKWENSIE VAN BESOEK AFLÊ VOLGENS ONDERWYSPEIL | 119 |
| (b) | DIE ONDERWYSPEIL VOLGENS FREKWENSIE VAN BESOEK AFLÊ | 120 |
| 37(a) | DIE FREKWENSIE VAN BESOEK AFLÊ VOLGENS MAANDELIKSE INKOMSTE | 121 |
| (b) | DIE MAANDELIKSE INKOMSTE VOLGENS FREKWENSIE VAN BESOEK AFLÊ | 122 |
| 38(a) | DIE FREKWENSIE VAN BESOEK AFLÊ VOLGENS BEROEP | 124 |
| (b) | DIE BEROEP VOLGENS FREKWENSIE VAN BESOEK AFLÊ | 125 |
| 39(a) | DIE FREKWENSIE VAN BESOEK AFLÊ VOLGENS HUWELIKSTAAT | 126 |
| (b) | DIE HUWELIKSTAAT VOLGENS FREKWENSIE VAN BESOEK AFLÊ | 127 |
| 40(a) | DIE FREKWENSIE VAN BESOEK ONTVANG VOLGENS OUDERDOM | 129 |
| (b) | DIE OUDERDOM VOLGENS FREKWENSIE VAN BESOEK ONTVANG | 130 |
| 41(a) | DIE FREKWENSIE VAN BESOEK ONTVANG VOLGENS ONDERWYSPEIL | 131 |
| (b) | DIE ONDERWYSPEIL VOLGENS FREKWENSIE VAN BESOEK ONTVANG | 132 |

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



| | | Bladsy |
|---|---|---|
| 42(a) | DIE FREKWENSIE VAN BESOEK ONTVANG VOLGENS MAANDELIKSE INKOMSTE | 134 |
| (b) | DIE MAANDELIKSE INKOMSTE VOLGENS FREKWENSIE VAN BESOEK ONTVANG | 135 |
| 43(a) | DIE FREKWENSIE VAN BESOEK ONTVANG VOLGENS BEROEP | 136 |
| (b) | DIE BEROEP VOLGENS FREKWENSIE VAN BESOEK ONTVANG | 137 |
| 44(a) | DIE FREKWENSIE VAN BESOEK ONTVANG VOLGENS HUWELIKSTAAT | 138 |
| (b) | DIE HUWELIKSTAAT VOLGENS FREKWENSIE VAN BESOEK ONTVANG | 139 |
| 45 | DIE FREKWENSIE VAN DEELNAME AAN SPORT | 142 |
| 46(a) | DIE FREKWENSIE VAN DEELNAME AAN SPORT VOLGENS OUDERDOM | 143 |
| (b) | DIE OUDERDOM VOLGENS FREKWENSIE VAN DEELNAME AAN SPORT | 144 |
| 47(a) | DIE FREKWENSIF VAN DEELNAME AAN SPORT VOLGENS ONDERWYSPEIL | 146 |
| (b) | DIE ONDERWYSPEIL VOLGENS FREKWENSIE VAN DEELNAME AAN SPORT | 147 |
| 48(a) | DIE FREKWENSIE VAN DEELNAME AAN SPORT VOLGENS MAANDELIKSE INKOMSTE | 148 |
| (b) | DIE MAANDELIKSE INKOMSTE VOLGENS FREKWENSIE VAN DEELNAME AAN SPORT | 149 |
| 49(a) | DIE FREKWENSIE VAN DEELNAME AAN SPORT VOLGENS BEROEP | 150 |
| (b) | DIE BEROEP VOLGENS FREKWENSIE VAN DEELNAME AAN SPORT | 151 |
| 50(a) | DIE FREKWENSIE VAN DEELNAME AAN SPORT VOLGENS HUWELIKSTAAT | 152 |
| (b) | DIE HUWELIKSTAAT VOLGENS FREKWENSIE VAN DEELNAME AAN SPORT | 153 |
| 51 | DIE FREKWENSIE VAN BYWONING VAN SPORTBYEENKOMSTE | 154 |
| 52(a) | DIE FREKWENSIE VAN BYWONING VAN SPORTBYEENKOMSTE VOLGENS OUDERDOM | 155 |
| (b) | DIE OUDERDOM VOLGENS FREKWENSIE VAN BYWONING VAN SPORTBYEENKOMSTE | 156 |
| 53(a) | DIE FREKWENSIE VAN BYWONING VAN SPORTBYEENKOMSTE VOLGENS ONDERWYSPEIL | 157 |
| (b) | DIE ONDERWYSPEIL VOLGENS FREKWENSIE VAN BYWONING VAN SPORTBYEENKOMSTE | 158 |
| 54(a) | DIE FREKWENSIE VAN BYWONING VAN SPORTBYEENKOMSTE VOLGENS MAANDELIKSE INKOMSTE | 160 |
| (b) | DIE MAANDELIKSE INKOMSTE VOLGENS FREKWENSIE VAN BYWONING VAN SPORTBYEENKOMSTE | 161 |
| 55(a) | DIE FREKWENSIE VAN BYWONING VAN SPORTBYEENKOMSTE VOLGENS BEROEP | 162 |
| (b) | DIE BEROEP VOLGENS FREKWENSIE VAN BYWONING VAN SPORTBYEENKOMSTE | 163 |
| 56(a) | DIE FREKWENSIE VAN BYWONING VAN SPORTBYEENKOMSTE VOLGENS HUWELIKSTAAT | 164 |
| (b) | DIE HUWELIKSTAAT VOLGENS FREKWENSIE VAN BYWONING VAN SPORTBYEENKOMSTE | 165 |

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

# H O O F S T U K 1

## INLEIDING

### 1. KEUSE VAN DIE VRAAGSTUK

Dat die vraagstuk van vryetydsbesteding 'n saak van aktuele belang is en dat dit op die hoogste vlak bespreek word, getuig die pasgestigde Departement van Sport en Ontspanning. Ook in die leër word offisiere in die hoogste range aangestel om na die vryetydsbesteding van die manne in die weermag om te sien. Dit is egter nie net die regering en die weermag wat beplan vir beter benutting van vrye tyd nie, maar haas elke groot werkgewer besef die waarde van gesonde ontspanning vir hulle werknemers, in so 'n mate dat hulle selfs bereid is om groot somme geld daaraan te spandeer.

In ons land met sy snelle industriële ontwikkeling, waar ook al hoe meer van meganisasie en outomatisasie gebruik gemaak word, neem die arbeider se vrye tyd steeds toe en die werksweek het gekrimp tot vyf dae. Pieterse stel dit dat: „Die moderne mens se beroepsarbeid neem 'n steeds kleiner gedeelte van die dag in beslag. In teenstelling met vroeër is 'n agtuurwerksdag byna algemeen in swang". (21, p.91.)

Keyter (13, p.22-23) beweer dat die hoë eise wat aan die verstedelikte arbeider gestel word, dit noodsaaklik maak dat daar afwisselende aktiwiteite tot sy beskikking gestel moet word. Indien dit nie gedoen word nie, mag daardie gevaarlike eensydigheid wat dikwels by die arbeider as gevolg van meganisasie en outomatisasie ontstaan, aanleiding gee tot ernstige persoonlikheidskending.

© University of Pretoria Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Cutten gaan verder: „The possession of surplus time, in the use of which one has not been trained, is more dangerous than surplus money under the same conditions". (8, p.40.) Butler (6, p.10) wys dan ook daarop dat die nuwe verskynsel, naamlik vrye tyd, 'n direkte uitdaging bied aan elke gemeenskap om te beplan en voorsiening te maak vir die besteding daarvan.

Nash sê: „This leisure must be made to contribute to man's advancement, to aid him in his pursuit of happiness, and to give him a sense of worthwhileness. Otherwise it will be a liability and lay the basis for his destruction". (17, p.63).

## 2. DOEL VAN DIE ONDERSOEK

Aangesien die nuwe woonbuurt Eersterust beplan is om uiteindelik al die Kleurlinge van Pretoria te huisves, is getrag om vas te stel hoe dit met sekere van hulle vryetydsaktiwiteite gesteld is.

Die doel van hierdie studie is dan om te bepaal hoe gereeld en hoeveel Kleurlingmans in hulle vrye tyd lees, radio luister, drank gebruik, deelneem aan sport of dit as toeskouer bywoon, besoek aflê en ontvang en ook wat die invloed van faktore soos ouderdom, onderwyspeil, beroep, inkomste en huwelikstaat is op die gereeldheid van deelname aan dié besondere aktiwiteite.

Aangesien geen ander studie oor vryetydsbesteding by Kleurlinge opgespoor kon word nie, is hierdie nie 'n vergelykende studie nie.

## 3. METODE VAN ONDERSOEK

Die gegewens wat in hierdie ondersoek verwerk is, kon slegs verkry word deur persoonlike onderhoude te voer met die

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



betrokke persone. Terwyl die vraelys opgestel is, is verskeie besoeke in Eersterust afgelê en is daar onder andere met die Sekretaris van die Sportvereniging, die hoof van 'n laerskool en die verteenwoordiger in die Kleurlingraad gesprekke gevoer. Waardevolle inligting is van dié persone ontvang en hulle wenke is by die opstel van dié vraelys in ag geneem.

Die konsepvraelys is op Saterdag 5 Maart in Eersterust getoets om te verseker dat die persone die vrae sal verstaan. Enkele wysigings is aangebring en daarna is dit gebruik vir die opname op Sondag 3 April. Op aanbeveling van die skoolhoof is die opname op 'n Sondag gedoen, omdat die meeste mense dan tuis is.

Die onderhoude is deur die ondersoeker en drie blanke amptenare van die Nasionale Buro vir Opvoedkundige en Maatskaplike Navorsing gevoer. Al vier dié persone het vanweë die aard van hulle werk grondige kennis van

(a) die metode van onderhoudvoering en
(b) die Kleurlinge as bevolkingsgroep van ons land.

Voordat die veldwerk aangepak is, het die ondersoeker en die ander drie persone by die ondersoek betrokke, 'n samespreking gehad om te verseker dat die vrae eenders vertolk sou word.

Na die afhandeling van die veldwerk is die voltooide vraelyste noukeurig nagegaan om foute uit te skakel. Hierna is tabelle deur die ondersoeker opgestel en ontleed.

## 4. BETROUBAARHEID VAN GEGEWENS

Die ondersoeker asook die drie helpers wat die veldwerk gedoen het, het al verskeie kere opnames onder die Kleurlinge gemaak en gevolglik het hulle geweet hoe om dié mense te

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



hanteer en veral om die natuurlike agterdog teenoor die Blankes te verwyder. Dit is dan ook gevind dat sodra die proefpersoon se vertroue gewen en hy op sy gemak gestel was, samewerking van hulle verkry is.

Daar is geen rede gevind om te glo dat die inligting wat verstrek is nie korrek is nie. Aanvanklik is byvoorbeeld gedink dat die hoogste standerd wat geslaag is te hoog is, maar nadat met verskeie persone wat op hoogte van sake is, geskakel is, is tot die slotsom gekom dat die gegewens akkuraat en betroubaar is.

5. DUUR EN TYD VAN DIE ONDERSOEK

Op Saterdag 5 Maart 1966 is die voorlopige vraelys getoets en die werklike ondersoek is op Sondag 3 April 1966 afgehandel.

Al die vraelyste vir die ondersoek is op een dag voltooi. Enkele persone was nie tuis nie en hulle is later weer besoek. Nadat die vraelyste nagesien is, was dit nodig om 'n paar persone weer te besoek om meer besonderhede omtrent hulle beroep te verkry ten einde 'n indeling van die verskillende beroepe te kon maak.

6. BESKRYWING VAN DIE STEEKPROEF

Die ligging en plan van Eersterust is vooraf deeglik bestudeer en die gebied is deeglik verken. Ten tye van die ondersoek was daar 611 wonings en daar is besluit op 'n steekproef van een-derde, wat beteken dat 204 huise besoek moes word.

Om die grootste noukeurigheid te verkry, is besluit om met 'n steekproef van huise te werk en nie van persone nie. Dit beteken dat elke manlike persoon in die ouderdomsgroep 18 tot 59 jaar in elke woning ondervra moes word. Persone wat

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



gebreklik, opvallend sieklik of onder die invloed van drank is, sou nie ondervra word nie.

Die nommers van al die huise is numeries neergeskryf. 'n Beginpunt tussen die eerste drie huise is ewekansig bepaal en daarna is elke derde huis se nommer neergeskryf. Elke veldwerker het toe 'n lys met die nommers van die huise wat hy moes gaan besoek, gekry.

Van die 204 wonings wat besoek is, was daar in 7 geen man wat vir die ondersoek gekwalifiseer het nie, of die mense was nie tuis nie. In die oorblywende 197 wonings wat besoek is, is 'n totaal van 223 mans gevind wat gekwalifiseer het vir die ondersoek en vir wie elkeen 'n vraelys voltooi is.

Die wonings waar van die mans nie tuis was nie, is later weer besoek en 'n verdere 5 vraelyste is voltooi, wat die totaal op 228 te staan gebring het.

## 7. BEGRIPSBEPALING

Vir die doel van hierdie ondersoek is dit nodig om sekere begrippe, soos byvoorbeeld „Kleurling", „vrye tyd", „ontspanning" en „werk" nader te omskryf.

### a. Kleurling

Aangesien Eersterust 'n woonbuurt slegs vir Kleurlinge is, is aanvaar dat alle persone woonagtig in dié woonbuurt Kleurlinge is.

### b. Vrye tyd

Om 'n duidelike begrip te kry van wat onder vrye tyd verstaan word, word vervolgens 'n paar definisies aangehaal.

(i) Neumeyer omskryf vrye tyd as volg: „Leisure is commonly thought of as the surplus time remaining after the formal

© University of Pretoria Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



duties and necessities of life have been attended to. It is free time, enabling a person to do as he chooses". (18, p.1.)

(ii) In die <u>International Social Journal</u> word die volgende omskrywing van vrye tyd gegee:

„Besides providing increasing quantities of more and more highly perfected productive machinery and consumer goods, a technological civilization also gives rise to what we may call spare time, i.e. time that is 'spared' and, at least on the face of it, clearly differentiated from working time. This is made possible by the organization and discipline of work, the division of labour, the structure of industrial enterprises, and the cohesion of the armies of industrial workers. The fact that the mass invasion of factories and offices is regulated by a rigid time-table means that tens, or hundreds of millions of people have at their disposal a certain amount of time which, to the outside observer, appears to be available, unoccupied". (33, p. 509-510.)

(iii) <u>Kraus</u> se omskrywing van vrye tyd stel meer tevrede:

„Leisure is that portion of time in our lives which is free, non-obligatory, or discretionary. It excludes time which is devoted to such survival activities as work, eating, or sleeping, although each of these may be approached in a leisurely fashion ..... It is time about which one has a clear choice". (14, p.2.)

(iv) <u>Fairchild</u> laat hom as volg uit oor die begrip vrye tyd:

„Free time after the practical necessities of life have been attended to. The adjective leisure means being unoccupied by the practical necessities, as, leisure hours, the adverb leisurely applies to slow, deliberate, unhurried

© University of Pretoria Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



undertakings. Conceptions of leisure vary from the arithmetical one of time devoted to work, sleep, and other necessities, subtracted from 24 hours - which gives the surplus time - to the general notion of leisure as the time which one uses as he pleases". (11, p. 175.)

(v) Pietersen beklemtoon belangrike aspekte met sy omskrywing, naamlik dat die aktiwiteite wat beoefen word na vrye wil gestaak kan word:

„De vrije tijd is een tijd zonder verplichtingen, die men doorbrengt met activiteiten welke met genoegen gepaard gaan. Activiteiten ook, waarmee men plotseling kan ophouden en die men door andere besigheden kan vervangen". (22, p.9.)

(vi) Schuler beklemtoon weer die feit dat vrye tyd vry moet wees van die verpligtinge van 'n betaalde werk:

„Leisure is popularly defined as the time we are free from the more obvious and formal duties which a paid job or other obligatory occupation imposes upon us". (24, p.553.)

(vii) Young en Kimball laat hulle as volg uit oor vrye tyd:

„Leisure refers primarily to the time which is not occupied by utilitarian pursuits, to freedom from necessary occupation. It is spare time". (31, p.305.)

(viii) Sweedlun en Crawford se omskrywing sluit aan by dié van Kraus:

„Leisure time: The time remaining after the formal duties and necessities of life have been attended to - that is, free time, in which a person may do as he chooses". (25, p.303.)

(ix) Timasheff en Facy verstaan die volgende onder vrye tyd:

„Leisure, looked at negatively, is merely freedom from absorption in the activities which centre upon making a living, or upon studying to become prepared for that work.

© University of Pretoria Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



In its positive aspects, leisure represents a major opportunity for many-sided development or the mature personality". (26, p.62.)

(x) Kuylaars se omskrywing lui as volg:

„In de besteding van de vrije-tijd krijgen de vermogens, die gedurende de arbeid min of meer braak hebben gelegen, hun kans. Dan kunnen zij in actie treden en de vermogens, die in de arbeid actief waren, hebben in diezelfde tijd gelegenheid tot 'recreatie'". (15, p.29.)

(xi) Nash stel dit onder andere dat vrye tyd verdien, of onverdien mag wees:

„Today as in days gone by, we think of leisure as time freed from the survival needs. It may be earned, after the work of the day, or it may be unearned, because of the production of others - usually parents. Leisure, then, is merely part of a 24 hour day. It carries no connotation of quality which is judged by standards set by society". (17, p.115.)

(xii) In die Websters Third New International Dictionary, kry ons die volgende omskrywings:

„... Freedom or spare time provided by the cessation of activities: free time as a result of temporary exemption from work or duties: time at one's command that is free of engagements or responsibilities: a period of unemployed time". (29, p.1292.)

(xiii) Die Oxford English Dictionary gee die volgende verklaring van vrye tyd:

„Freedom or opportunity to do something specified or implied: Opportunity afforded by freedom from occupations: The state of having time at one's own disposal; time which one can spend as one pleases; free or unoccupied time". (19, p.192.)

© University of Pretoria Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Samevattend kan die volgende oor vrye tyd gesê word: Vrye tyd kan deur 'n baie groot verskeidenheid aktiwiteite by die indiwidu in beslag geneem word. Hy kan aktief of passief wees - dit kan tyd wees waarin hy verkies om aan ontspanning deel te neem, of om ledig te wees.

Vrye tyd moet ook nie verwar word met ledigheid nie. Met ledigheid word bedoel die tyd waarin die indiwidu niks doen nie. Baie mense bring hulle tyd in ledigheid deur. Die besondere beskouing van mense oor vrye tyd is van groot belang, want hieruit mag blyk dat vele vrye tyd as ledige en onaktiewe of passiewe tyd beskou.

Om te kom tot die werklike betekenis en wese van vrye tyd vir die mens, het ons egter ook te doen met die subjektiewe houdings en opvattings van mense. Die klem sal dus eerder kan val op die besondere gesindhede en waardestelsels as die hoeveelheid tyd.

Opsommend, na die aangehaalde definisies van vrye tyd, kan ons die volgende eise daaraan stel: Eerstens moet dit dié deel uit elke vier-en-twintig uur wees waarin die mens nie met aktiwiteite wat noodsaaklik is om in sy daaglikse behoeftes te voorsien, of om te kan lewe, besig is nie. Tweedens moet die indiwidu vry wees om die tyd te gebruik soos hy wil, sonder enige verpligtinge.

c. Ontspanning

Vervolgens word 'n paar omskrywings van die begrip „ontspanning" gegee.

(i) Bucher verstaan die volgende onder ontspanning:

„Recreation is concerned with those activities in which a person participated during hours other than work. It implies that the individual has chosen certain activities

© University of Pretoria Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



in which to voluntarily engage because of an inner self-motivating desire. Such participation gives him a satisfying experience". (4, p.180.)

(ii) Curtis se omskrywing van dié begrip lui as volg:

"Recreation is relief from toil. It is intended for the rest and rebuilding of wearied muscles and nerves and spirit. It may take any form, but is always lacking in seriousness and usually has value only in re-creating the mind and body of the more serious work of life". (7, p.12.)

(iii) Nog 'n skrywer oor ontspanning, Lighton, sê:

"Recreation implies re-creation, and in this sense the recreating of energy, of vigor, and interest by becoming warmly human, making intimate contact with our surroundings, human and natural, and so on". (39, p.84.)

(iv) Een van die beste omskrywings van dié begrip word deur Winn gegee:

"Recreation, then is what one does for the enjoyment there is in it, for no reward other than the activity itself and which does not contribute to earning a living. It is not what a person does but the reason (or purpose) underlying his doing it that determines whether it is recreation or work". (30, p.363.)

(v) Meyer en Brightbill se omskrywing beklemtoon belangrike aspekte soos dat die deelname gemotiveer moet word deur die tevredenheid na die deelname:

"Recreation is activity engaged in during leisure and primarily motivated by the satisfaction derived from it. It is leisure activity engaged in for its own sake. It cannot be identified by the form it takes (one person's recreation may be another person's work) or the setting in which it occurs. The motivation is its sole determinant". (16, p.1.)

© University of Pretoria Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



(vi) Van der Merwe het die volgende oor ontspanning te sê:

„Die wese van ontspanning moet gevolglik gesoek word in die geestelike instelling van die individu, en is blykbaar 'n werksaamheid waartoe hy individueel of kollektief, aangetrokke voel, passief of aktief, en hy hom gewilliglik gee sonder dwang, beperkings of druk van buite sodat 'n gevoel van bevrediging, vryheid of genot ondervind word". (27, p.172.)

(vii) Erwee se omskrywing verdien spesiale aandag:

„Ontspanning sluit in 'n soort aktiwiteit waaraan daar uit eie keuse deelgeneem word en wat gewoonlik onmiddellike en regstreekse bevrediging aan die deelnemer besorg. Dit is nie 'n teenstelling met werk nie; dit is iets aanvullends by die arbeid". (10, p.10.)

(viii) Keyter verstaan die volgende onder ontspanning:

„Onder ontspanning moet ons hier verstaan daardie aktiwiteite en werksaamhede waarmee ons ons besig hou om die blote genot daarvan, in teenstelling met die wat ons werk noem, wat ons onderneem om een of ander doel daarmee te bereik". (13, p.7.)

(ix) Een van die gesaghebbendste skrywers oor ontspanning, Dumazedier, omskryf ontspanning as volg:

„Leisure consists of a number of occupations in which the individual may indulge of his own free will - either to rest, to amuse himself, to add to his knowledge or improve his skills disinterestedly or to increase his voluntary participation in the life of the community after discharging his professional, family and social duties". (36, p.527.)

(x) Anderson vat Dumazedier se omskrywing as volg saam:

„Dumazedier defines leisure in terms of what it does and he arrives at a definition the basis of which are three

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



functions: relaxation, diversion and the development of personality, and their claims on the individual's time tend to be in that order". (1, p.36.)

(xi) Neumeyer, wat ook baie oor vrye tyd en ontspanning geskryf het, verstaan onder ontspanning die volgende:

„In this volume the broader meaning of recreation is adhered to, including many types of activities which are undertaken for their own sake and not for any reward or goal beyond themselves, and which are relatively free, spontaneous, and enjoyable. Such activities are motivated primarily by interest and give more or less immediate satisfaction". (18, p.7.)

(xii) Butler stel dit dat die ontspanningsaktiwiteit primêr beoefen word terwille van die genot en tevredenheid wat dit aan die deelnemer besorg:

„Expressed in terms of activities, recreation has been defined as an activity which is not consciously performed for the sake of any reward beyond itself, to which we give ourselves in our leisure time, which offers man an opportunity for his mastery, or in which man engages because of inner desire and not of outer compulsion. In short, recreation may be considered as any form of leisure-time experience or activity in which the individual engages from choice because of the enjoyment and satisfaction which it brings directly to him". (6, p.8.)

(xiii) Kort en saaklik is die omskrywing van Hutchinson:

„Recreation is a worth-while, socially accepted leisure experience that provides immediate and inherent satisfaction to the individual who voluntarily participates in an activity". (12, p.2.)

(xiv) Smit verklaar en omskryf die begrip ontspanning ook volgens sy Latynse oorsprong:

© University of Pretoria Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



„Die woord rekreasie is aan die Latyn, recreatio ontleen en beteken herskepping. Dis 'n vryetydsbedrywigheid wat benewens spel tallose en wyduiteenlopende aktiwiteite soos musiek, drama, kuns en ander skeppende of vermaaklike aktiwiteite insluit, waaruit elkeen volgens sy ouderdom, begeertes en belangstellings sy keuse kan doen". (38, p.82.)

Uit die voorafgaande omskrywings van wat die begrip „ontspanning" inhou, kan ons die volgende eise daaraan stel:

a. Dit moet ongebonde en vrywillig wees.
b. Dit moet onmiddellike bevrediging verskaf.
c. Dit moet anders wees as die gewone daaglikse arbeid.

Daar kan veral met Du Toit se omskrywing saamgestem word:

„Vryetyd moet onderskei word van ontspanning. Laasgenoemde dui op 'n sekere soort aktiwiteit. Lundberg wys daarop dat ons ten opsigte van ontspanning veral met 'n besondere geesteshouding teenoor 'n bepaalde aktiwiteit of situasie waarin die indiwidu verkeer, te doen het. Dit is dus eerder die persoon se eie houding teenoor 'n aktiwiteit wat sal bepaal of dit ontspanning sal wees. Om hierdie rede kan dit wat ontspanning vir die een persoon is, werk of inspanning vir 'n ander wees. Verder kan dieselfde aktiwiteit op die een oomblik ontspanning verskaf, dog op 'n ander oomblik werk of inspanning beteken. Dit is deurgaans die subjektiewe gesteldheid wat hier 'n rol speel". (9, p.16.)

d. Werk

Om verwarring te voorkom, moet ons ook duidelikheid verkry oor wat ons onder werk verstaan.

Nels Anderson stel dit as volg: „We will think of work as the purposeful effort a man expends to earn his livelihood. Or we may think in more direct terms of work as time

© University of Pretoria Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



given to a job, for which one is paid". (1, p.l.)

Pauw gee ook 'n omskrywing van wat hy onder werk verstaan: „... die soort arbeid waarby hy gereeld betrokke is en waardeur hy, minstens ten dele, die nodige lewensonderhoud vir hom en sy afhanklikes verkry". (20, p.14.)

Samevattend kan ons dit stel dat werk 'n doelgerigte poging deur die persoon is om lewensonderhoud vir hom en sy afhanklikes te verkry.

8. BEGRENSING VAN DIE ONDERSOEK

Ten opsigte van die proefpersone en die gebied is die ondersoek soos volg begrens:

a. Proefpersone

Alle manlike Kleurlinge in die ouderdomsgroep 18 tot 59 jaar, albei jare ingesluit, wat nie gebreklik is nie, by sy volle verstand is, wat nie onder die invloed van drank was nie, en wat woonagtig is in een derde van die huise in Eersterust soos op die datum toe die ondersoek gedoen is.

b. Gebied

Die ondersoek is beperk tot die Kleurlingwoonbuurt Eersterust, waarvan die grense is soos omskryf is in die „Buitengewone Staatskoerant", Nr. 6067, Pretoria, 6 Junie 1958. Proklamasie 150 van 1958.

9. DIE LIGGING, ONTSTAAN EN ONTWIKKELING VAN EERSTERUST*

In die Buitengewone Staatskoerant Nr. 6067 van 6 Junie 1958 is met Proklamasie Nr. 150/1958 Eersterust as 'n groeps-

---

* Daar is in die afdeling vryelik gebruik gemaak van die ongepubliseerde M.A.-verhandeling van T. van der Walt: Kleurlingbehuising in Eersterust, Pretoria, Universiteit van Pretoria, 1966.

© University of Pretoria Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



gebied vir die Kleurlinge van Pretoria geproklameer. Die grense van Eersterust word ook in dieselfde Buitengewone Staatskoerant omskryf. Vir die doel van hierdie studie kan daarmee volstaan word dat dié gebied 'n deel van die plaas Derdepoort Nr. 469 is, wat noord-oos van Pretoria geleë is. Die totale geproklameerde gebied beslaan 778.0257 morg en die woonbuurt waarin hierdie ondersoek gedoen is, staan bekend as Eersterust Uitbreiding Nr. 2.

Eersterust is oos van die blanke woonbuurtes East Lynne en Riverside geleë, noord-oos van Silverton en die Koedoespoortse Spoorwegwerkwinkels en wes van die Bantoewoonbuurt Mamelodi. Dit is ongeveer agt myl noord-oos van die middestad van Pretoria geleë en is sowel per pad as spoor bereikbaar.

Na die proklamering het die huidige Eersterust op dieselfde plek ontstaan as waar Eersterust Uitbreiding Nr. 1 geleë was, en die Kleurlinge verwys daarna as Ou Eersterust.

Ongeveer 1905 het die destydse eienaar van die betrokke plaas, ene mnr. Wolmarans, 'n deel van sy grond in woonerwe opgemeet en te koop aangebied waar Eersterust Uitbreiding Nr. 1 ontstaan. Volgens dr. Van Ginkel, 'n dogter van mnr. Wolmarans, was haar vader se doel om 'n woonbuurt vir Kleurlinge te ontwikkel, maar dié gebied is egter deur Bantoes oorstroom.

Waar dié betrokke gebied se naam vandaan kom, is onseker. Die Pleknamekomitee van die Departement van Onderwys, Kuns en Wetenskap beskik oor geen gegewens met betrekking tot die presiese oorsprong van die naam Eersterust nie.

Volgens dr. van Ginkel wou haar vader graag aan „the descendants of the slaves" 'n eerste rusplaas in Transvaal

© University of Pretoria Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



verskaf en vandaar die naam Eersterust. Onder die bejaarde Kleurlinge in dié woonbuurt word vertel dat die naam sy oorsprong het in die feit dat die eerste rusplek van die poskoetse wat aan die einde van die vorige eeu vanaf Pretoria na Lydenburg gegaan het, hier was. Volgens ander bronne vind dié naam sy oorsprong toe die Republikeinse burgers met die inname van Pretoria gedurende die Driejarige Oorlog, uit Pretoria gewyk het en hier versamel en gerus het voordat hulle die stryd verder gevoer het. Daar kon nie bo alle twyfel vasgestel word waar die naam Eersterust sy oorsprong het nie.

Sir E.M. Thornton verwys in sy verslag wat in 1938 gepubliseer is, en na aanleiding waarvan die Gesondheidsraad vir Buite-stedelike Gebiede tot stand gekom het, na toestande wat in die jare 1936 tot 1938 in Eersterust voorgekom het: „Die dorp Eerste Rust (insluitende Despatchdorp, 'n latere uitbreiding van hierdie dorp) is in 1905 aangelê en die persele is byna almal die eiendom van naturelle, wat nog toegelaat word om grond in hierdie dorp te verkry. In 1936 was die aantal naturellehouers 235, vergeleke met 2 Kleurlingeienaars en 1 Blanke. Hier het blykbaar onreëlmatige onderverdeling sonder opmeting voorgekom en daar was 'n opmerklike vermeerdering in die naturellebevolking in die twee jaar tussen Augustus 1936 en September 1938, naamlik van 1,713 tot tussen 4,000 en 5,000".

Genoemde Komitee van Ondersoek rapporteer as volg oor die gesondheidstoestande: „Sanitêre toestande (in Eerste Rust) is ontsettend en weersinwekkend. Die sanitêre toestande is 'n ernstige gevaar vir die openbare gesondheid, en 'n epidemie van ingewandskoors in die nabye toekoms kan voorspel word".

Hierdie beskrywing van die gesondheidstoestande word bevestig deur dr. Van Ginkel wat in die dertigerjare 'n mediese kliniek daar behartig het.

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Volgens dr. Van Ginkel, 'n mnr. Cohen en bejaarde Kleurlinge was Eersterust in dié jare 'n regte plakkersdorp en die huise hoofsaaklik van sink en modder. Misdaad het glo ook hoogty gevier onder die benarde omstandighede.

In 1958 toe Eersterust as 'n groepsgebied vir Kleurlinge geproklameer is, was die toestande volgens die huidige woonbuurtowerhede, steeds soos hierbo beskryf. Nadat die proklamasie in die Buitengewone Staatskoerant van 6 Junie 1958 verskyn het, is al die eiendomme in Eersterust Uitbreiding Nr. 1 onteien. Die Bantoes is in Bantoewoonbuurtes hervestig en al die krotte is gesloop. Erwe is opnuut uitgemeet, strate en riolering is aangelê en 'n begin is gemaak met die ontwikkeling van Eersterust Uitbreiding Nr. 2.

Gedurende Februarie 1962 is die eerste behuisingskema bestaande uit 200 ekonomiese wonings voltooi en betrek. 'n Verdere 50 ekonomiese huise is in Mei 1965 voltooi en die derde behuisingskema is in Mei 1966 voltooi toe 524 sub-ekonomiese huise bygekom het.*

Twee laerskole is reeds voltooi en betrek terwyl 'n derde beplan word, asook 'n hoërskool met 'n koshuis vir plattelandse Kleurlingkinders.

Vir die Kleurlinge wat verkies om 'n eie woning op te rig, is in Uitbreiding Nr. 2 181 woonerwe beskikbaar gestel waarvan ongeveer die helfte tydens die ondersoek van Van der Walt reeds verkoop was en 2 huise in aanbou was. Daar is ook 15 besigheidspersele beskikbaar gestel.

Eersterust Uitbreiding Nr. 3 behels 'n verdere 725 woonerwe waarop 486 wonings van verskillende groottes opgerig

---

* Van der Walt se ondersoek is op 'n later datum gedoen en gevolglik stem sy totale nie ooreen met dié op bladsy 4 nie.

© University of Pretoria Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



sal word - die meeste sub-ekonomiese wonings. Nog 'n skool sal in hierdie uitbreiding opgerig word.

'n Baie belangrike gebeurtenis was die instelling van 'n Raadplegende Komitee (die eerste in Transvaal) op 25 September 1963 vir die Kleurlinge van Pretoria, waardeur hulle 'n aandeel in die plaaslike bestuur van hulle woonbuurt verkry het.

## 10. GEBRUIK VAN DIE TABELLE

Om 'n geheelbeeld van vryetydsbesteding van die manlike Kleurlinge in Eersterust te verkry, is besluit om al die tabelle in pare aan te bied en te bespreek.

By die eerste tabel van elke paar is die uitgangspunt die gereeldheid of frekwensie van deelname aan die betrokke vryetydsaktiwiteit byvoorbeeld lees, luister na die radio, gebruik van drank, deelname aan sport, bywoning van sportgeleenthede en besoek aflê of ontvang. Dié tabel word dan verder onderverdeel deur die veranderlikes, dit wil sê deur ouderdom, onderwyspeil, inkomste, beroep en huwelikstaat.

By die tweede tabel van elke paar val die klem op die veranderlike, met ander woorde op ouderdom, onderwyspeil, inkomste, beroep en huwelikstaat. Dié veranderlike word weer onderverdeel deur die gereeldheid van deelname.

Deur die tabelle so aan te bied, word die gereeldheid van deelname sowel as die faktore wat 'n invloed op die deelname uitoefen, behandel.

## 11. INDELING VAN DIE ONDERSOEK

In hierdie hoofstuk is benewens die keuse van die vraagstuk en die doel van die ondersoek aandag gegee aan die metode van ondersoek, betroubaarheid van die gegewens, die duur

© University of Pretoria Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



van die ondersoek, 'n beskrywing van die steekproef en 'n omskrywing van die begrippe. Die ligging, ontstaan en ontwikkeling van Eersterust is ook kortliks geskets.

Hoofstuk 2 gaan oor die teoretiese agtergrond van vrye tyd en aspekte soos die ontstaan van vrye tyd. Teorieë oor spel en ontspanning en die waarde, gevolge en noodsaaklikheid van ontspanning geniet ook aandag.

Die kenmerke van die ondersoekgroep soos ouderdom, onderwyspeil, huwelikstaat, inkomste en beroep word in hoofstuk 3 gegee.

'n Ontleding van die lees van koerante, tydskrifte en boeke, asook die invloed van ouderdom, onderwyspeil, inkomste, beroep en huwelikstaat, word in hoofstuk 4 aangebied.

In hoofstukke 5, 6, 7 en 8 word agtereenvolgens die gebruik van drank, luister na die radio, besoek aflê en besoek ontvang, deelname van sportaktiwiteite sowel as toeskouer by sportaktiwiteite ontleed. Ook in hierdie hoofstukke word die invloed van ouderdom, onderwyspeil, huwelikstaat, inkomste en beroep ontleed.

Die slothoofstuk bied 'n interpretasie van die bevindinge aan.

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



# HOOFSTUK 2

## TEORETIESE AGTERGROND

In hierdie hoofstuk word kortliks aandag geskenk aan die ontstaan van vrye tyd, die verskil tussen ontspanning en spel, enkele teorieë oor spel en ontspanning, die waarde van gesonde ontspanningsaktiwiteite, die gevolge van suksesvolle ontspanningsaktiwiteite en die noodsaaklikheid van ontspanning.

### 1. ALGEMEEN

In die hedendaagse samelewing is vrye tyd een van die mees kenmerkende verskynsels. Die arbeidsdominerende kenmerk van 'n eeu gelede het verdwyn en vandag kan ons verklaar dat ons 'n samelewing van vrye tyd het. Vir die meeste mense het daar as gevolg van die fenomenale tegniese ontwikkeling en die verkorting van die werksdag en werksweek, die probleem opgeduik wat om met hul vrye tyd te doen.

Vir die moderne samelewing is dit vandag 'n groot probleem hoe daardie vrye tyd gebruik moet word. Daar kan so maklik in 'n gemeenskap met baie vrye tyd tot sy beskikking 'n patroon van vryetydsbesteding ontwikkel wat heeltemal afwyk van die aanvaarde norme en waardes in daardie gemeenskap. (9, p.1.)

Deels as gevolg van die feit dat byna almal in 'n samelewing oor baie vrye tyd beskik, en deels omdat die owerhede bekommerd voel oor die manier waarop vrye tyd bestee word, het die kommersialisering van vrye tyd ontstaan.

© University of Pretoria Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



## 2. ONTSTAAN VAN VRYE TYD

Die mens in die moderne samelewing werk nie alleen minder ure per dag, minder dae per week en minder weke per jaar in vergelyking met sy grootouers nie, maar betree ook die arbeidsmark op 'n later ouderdom en tree ook weer op 'n vroeër ouderdom af. Die gevolg is dat die hedendaagse mens oor veel meer vrye tyd beskik. Daar is ook talle aanduidings dat die hoeveelheid vrye tyd in die toekoms steeds sal vermeerder.

Vrye tyd soos ons dit vandag ken het ontstaan gedurende en na die Industriële Rewolusie. Omdat die masjien toe op groot skaal aangewend is en die mens se funksie in die produksieproses verander het na 'n bediener van die masjien, het tyd 'n ander betekenis gekry. Werkstyd en die tyd wat nie gewerk word nie is skerp afgebaken en 'n streng roetine het ontstaan. Die masjien het inderdaad gelei tot die standaardisasie van tyd.

'n Verdere gevolg van die Industriële Rewolusie was dat daar 'n skerp verdeling van rykdom ontstaan het. Aan die een kant vind ons 'n klein groepie geldbesitters en fabriekseienaars, met baie vrye tyd tot hulle beskikking, en aan die ander kant die groot massa nie-besitters wat lang ure moet werk, met baie min vrye tyd. Die arbeiders se werkstyd is tot die maksimum ingespan en uitgebuit. Die arbeider as mens is oor die hoof gesien en geen aandag is aan die aard en kwaliteit van vrye tyd gegee nie.

Met die opkoms van die sosiale wetenskap is daar tot die besef gekom dat die sleutel tot hoër doeltreffendheid en produktiwiteit in die omstandighede en aktiwiteite van die werker buite sy werk geleë is. Vrye tyd het toe van veel groter waarde en betekenis geword. Veranderinge met betrekking tot die aard en kwaliteit van vrye tyd het toe ontstaan.

© University of Pretoria Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Waar vrye tyd in die helfte van die vorige eeu die byna uitsluitlike voorreg van die boonste lae in die samelewing was, vind ons vandag net die teenoorgestelde. Die besit en toename van vrye tyd is vandag skerp waarneembaar by die onderste lae van die samelewing, te wete die arbeidermassa. Die uitvoerende beamptes, bestuurders van ondernemings en akademici het oor die algemeen vandag veel minder vrye tyd tot hulle beskikking.

Die verandering in die besit van vrye tyd is te wyte aan die oorgang van die ou tradisioneel-agrariese samelewing na die moderne industriële samelewing.

Die verdeling van tyd in werkstyd en vrye tyd is 'n kenmerk van geïndustrialiseerde samelewings. Daar is geen oorvleueling tussen arbeidstyd en vrye tyd nie en die twee begrippe staan direk teenoor mekaar. (13, p.11.)

## 3. ONTSPANNING EN SPEL

Ontspanning en spel word dikwels as sinoniem beskou. Vandag word die begrip ontspanning gebruik wat die begrip spel insluit as 'n ondergeskikte element. Ontspanning, in sy wye betekenis, sluit spel, vermaaklikheid en alle aktiwiteite van vryetydsbesteding in. Die term ontspanning word dus gebruik om die aktiwiteite wat gedurende die mens se vrye tyd uitgevoer word, aan te dui. Die klem val nie soseer op die aktiwiteite as op die gesindheid nie, en hierdie gesindheid teenoor die besondere aktiwiteit bepaal of die aktiwiteit ontspanning of arbeid is.

Die begrip spel behels 'n gedragsvorm of interaksie van 'n fisiese aard wat beoefen word deur die persoon of persone daarby betrokke. Die spontane aktiwiteite van kinders word gewoonlik deur die begrip spel aangedui. Dit word egter ook

© University of Pretoria Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



gebruik om die verskillende liggaamlike sportsoorte waaraan mense in hulle vrye tyd deelneem, aan te dui. Spel is met ander woorde een van die vorms van ontspanning. (8, p.46.)

## 4. ENKELE TEORIEË OOR SPEL EN ONTSPANNING

Met die verloop van tyd het verskillende teorieë oor spel en ontspanning ontstaan wat weer met die verloop van tyd gewysig is. 'n Baie beknopte oorsig oor enkele van die vernaamste teorieë is vir ons van belang.

Die eerste teorieë het hoofsaaklik gegaan oor die spelaktiwiteite van die kind. 'n Besondere kenmerk van die meeste van dié teorieë is dat hulle slegs op sekere aspekte van ontspanning en spel klem gelê het.

Die eerste teorieë het dit hoofsaaklik oor die spelaktiwiteite van die kind gehad en staan bekend as die „surplus-energie"-teorie. Dié teorieë was hoofsaaklik sielkundig-biologies van aard en aanhangers van hierdie teorie wou spel by kinders verklaar as sou dit spruit uit die drang om ontslae te raak van oortollige energie. Veral Schiller en Spencer se name word aan hierdie teorie gekoppel.

Die digter en kunstenaar, Schiller, sien spel as die aktiwiteite waarin die mens uiting kan gee aan sy verbeelding en gevoelens. Hy sien kuns as 'n vorm van spel.

Spencer, as sosioloog en filosoof, het maatskaplike ontwikkeling en maatskaplike verskynsels geïnterpreteer langs die weg van organiese en biologiese groei. Hy gaan ook van die standpunt uit dat daar by die mens dikwels 'n drang ontwikkel om bevrediging vir die behoeftes wat nie in sy daaglikse noodsaaklike aktiwiteite tot uiting kom nie.

© University of Pretoria Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



'n Ander teorie wat aansluit by dié oor surplus-energie is dié teorie wat spel verklaar in terme van instinkte by die mens. Hiervolgens sou spel 'n ingebore instink by die mens wees. Spencer verklaar dié teorie op grond van die neiging tot nabootsing by veral die kind.

Karl Groos sien spel weer as 'n voorbereiding vir die lewe. Die kind boots gedurig na, en in sy spelaktiwiteite leef hy hom in in die rol en funksie van die volwassene (5, p.61).

Groos was ook die mening toegedaan dat spel 'n reinigende en herskeppende waarde het. Dit dien as 'n veiligheidsklep vir sekere emosies, byvoorbeeld haat, wat anders tot uiting sou kom in anti-sosiale neigings.

Die teorieë oor selfuitdrukking deur middel van spel word universeel aanvaar. Volgens hierdie teorie is spel 'n vorm van aktiwiteit, 'n poging tot selfuitdrukking as gevolg van die mens se verlange om aktief te wees en om sy vermoëns tot die uiterste te gebruik. In sy spel kom die mens se begeerte om iets te skep, 'n doel te bereik, om ander se goedkeuring weg te dra en om sy persoonlikheid te openbaar tot uiting (5, p.7).

By hierdie teorieë val die klem op die ekspressiewe funksie van spel. Die uitgangspunt is dat spel 'n noodsaaklike aktiwiteit is en 'n besondere plek en funksie in die totale maatskaplike patroon inneem.

Uit 'n sosiologiese standpunt gesien, wil ons spel en ontspanning egter ook sien as 'n produk van die samelewing. Dit maak deel uit van die maatskaplike lewe en dit is om hierdie rede dat die basiese elemente in die begrip vir die mens as lid van die samelewing van betekenis is. Hierdie elemente

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



bepaal watter aktiwiteite as ontspanning bestempel kan word (8, p.50). Romney stel dit so: „It is thus apparent that it is not what, but the way, when and how that identify recreation" (15, p.573).

## 5. DIE WAARDE VAN GESONDE ONTSPANNINGSAKTIWITEITE

In hierdie afdeling word gelet op die eise wat aan ontspanningsaktiwiteite gestel word, die persoonlike waarde van geslaagde ontspanningsaktiwiteite, die gevolge van suksesvolle ontspanningsaktiwiteite en laastens op die noodsaaklikheid van ontspanning.

### a. Eise wat aan ontspanning gestel word

Joffre Dumazedier (1, p.36) stel drie eise aan ontspanningsaktiwiteite voordat dit as geslaagd bestempel kan word:

(i) Rus:

Die deelnemers moet herstel van uitputting en die fisiese- en senuweespanning veroorsaak deur vervulling van verskillende pligte, veral dié van beroepsarbeid, moet verlig word. In die moderne fabrieke en besighede word al hoe meer gemeganiseer en geoutomatiseer. Die arbeider word 'n bediener van masjiene en die vreugde en plesier van skeppende arbeid word hom al hoe meer ontneem. Die tempo word steeds sneller en die spanning word steeds meer in die moderne vervaardigingsprosesse.

(ii) Vermaak:

Die deelnemers moet kan wegbreek van hulle alledaagse verpligtinge en hulle moet ontspan van en herstel na die vervelendheid en eentonige, herhalende daaglikse arbeid in werkswinkel, fabriek, kantoor of huis.

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



(iii) Ontwikkeling van die persoonlikheid:

Die deelnemer moet nie slegs selfdissipline, 'n sekere houding of selfstandigheid ontwikkel nie, maar hy moet ook sosiale oriëntasie ondergaan. Die indiwidu moet sodanig ontwikkel dat hy 'n meer gesellige persoon in sy sosiale omgang word, 'n ware sportman in sy sportaktiwiteite en die soort persoon waarmee ander persone dit geniet om saam te werk. Dit moet ook die geleentheid bied vir die uitbreiding en verbetering van talente of kennis (35, p.526).

b. <u>Persoonlike waarde van ontspanningservarings</u>

Indien vrye tyd suksesvol vir ontspanningsdoeleindes gebruik word, hou dit groot voordele vir die deelnemer in:

(i) Dit bied uitdagings aan die deelnemers.

In die meeste vryetydsaktiwiteite word die deelnemer in 'n situasie geplaas waar hy moet dink en doen. „In so doing, he explores his own capacities, improves his abilities, strives his utmost and - win or lose - gains a sense of accomplishment and satisfaction". (14, p.12.) Of dit nou maar net 'n blokkiesraaisel is wat voltooi moet word, 'n bergspits is wat uitgeklim moet word, 'n rol wat vertolk moet word, 'n eerste span wat gehaal moet word, daar is 'n uitdaging wat vir hom wag.

(ii) Dit bied aansporing aan die deelnemers.

Kraus sê in hierdie verband: „Much of the enjoyment that comes from successful recreation is inherent in the physical nature of the activity - its feel, sound, smell, taste or appearance". (14, p.12.) Vir die hengelaar is dit die gevoel van 'n spartelende vis aan sy hoek, vir die krieketspeler is dit die klap van die bal teen sy kolf, vir die bergklimmer die gevoel van vryheid bo-op die hoogste spits, ensovoorts.

© University of Pretoria Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



(iii) Dit bied verandering aan die deelnemers.

Kraus sê ook verder: „Another key factor in recreational experience is that it provides variety to living, putting the individual in touch with new people, ideas, and settings". (14, p.12.) Die huisvrou kom weg uit die geslote kring van haar huis en die eentonige, leë roetine word verbreek. Vir almal, die moeë arbeider, of wie ook al, bied ontspanning die moontlikheid van iets heeltemal anders en nuut.

c. Gevolge van suksesvolle ontspanningservarings

Die gevolge van suksesvolle ontspanningservarings strek oor 'n breë veld.

(i) Sosiale gevolge:

Vir die kind, die adolessent en die volwassene is daar in die gesamentlike verkeer en deelname aan ontspanningsaktiwiteite baie wat opbouend van aard is. 'n Groot verskeidenheid van kontakte wat die indiwidu tevrede stel en aan hom die geleentheid bied om op 'n suksesvolle wyse te kommunikeer met ander persone, deel te hê in hulle belange en behoeftes, en deur hulle as een van hulle aanvaar word, is van die grootste belang vir sosiale ontwikkeling (14, p.13).

(ii) Skeppende gevolge:

Die gevolg kom veral tot uiting waar die persoon deelneem aan die skeppende en beeldende kunste, literatuur en teater, maar ook op die gebied van sportaktiwiteite is dit net so waar.

„At the same time that he is part of the group, recreation also permits the individual to be himself and to explore his own, special creative talents". (14, p.13.)

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



(iii) Fisiese gevolge:

Deur gereeld aan die regte sportaktiwiteite, speletjies, danse of buitemuurse speletjies deel te neem wat pas by die ouderdom en algemene peil van gesondheid: „... is one of the surest ways to maintain an effectively functioning cardio-vascular system and good muscular tone. Apart from its organic effects, vigorous recreation (participated in regularly and in reasonable amounts) has also the effect of stimulating alertness and a general sense of well-being". (14, p.13-14.)

(iv) Emosionele gevolge:

Die psigiatrie heg besondere waarde daaraan dat hul pasiënte deelneem aan ontspanningsaktiwiteite, want: „.. in the most instances of psychosis and neurosis, the earliest and most unamenable signs and symptoms are disturbances in natural recreative functioning. They include sleeplessness, inability to relax, so-called nervous and mental tension, fear of leisure, and the compulsive need to keep going. Furthermore, the first signs of recovery are shown in a return to natural recreative functioning". (43, p.15.)

(v) Intellektuele gevolge:

Omdat daar so 'n groot verskeidenheid van ontspanningsmoontlikhede is, is daar vir elkeen wat gewillig is om deel te neem, ook baie te leer. „Provided that these are not work-related, and have no other major extrinsic purposes, they are recreationally motivated". (44, p.14.)

d. <u>Die noodsaaklikheid van ontspanning</u>

Ontspanning is om die volgende redes 'n fundamentele menslike behoefte en daarom noodsaaklik:

(i) Dit dra by tot menslike geluk:

Geluk kan baie selde uit slegs een aktiwiteit verkry word, maar dit kom eerder uit 'n gebalanseerde lewe. 'n

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Mens kan nie net werk nie, daar moet ook geleentheid vir ontspanning wees. Die funksie van spel is om 'n gesonde ewewig met werk te bewerkstellig; dit moet 'n verfrissende kontras ten opsigte van roetine lewer; dit moet voorkom dat die jeugdigheid te vroegtydig sterf.

„For large numbers of people most of life is drab, discouraging, harnessed to material things, and devoid of joy or satisfactions". (6, p.11.) Verder aansluitend hierby: „Recreation holds its place of importance in modern life because it has afforded and continues to afford opportunities for the attainment of these basic human needs". (6, p.11.)

(ii) Die groei van stede:

Weens die beperkte bestaansmoontlikhede op die platteland is al hoe meer mense genoodsaak om in die stede 'n heenkome te soek. Die digtheid van stedelike bevolkings word steeds groter en die gejaagdheid en spanning van die stedelike lewe stel steeds hoër eise aan die stadsbewoners. Gesonde ontspanning word steeds noodsaakliker in die stede.

(iii) Veranderde huislike omstandighede:

Arbeidsbesparende masjinerie en uitvindings het 'n rewolusie in huishouding teweeggebring. Die huisvrou se pligte kan vinnig afgehandel word sonder veel liggaamlike inspanning. Sy het gevolglik veel meer vrye tyd tot haar beskikking na die vervulling van haar normale huislike pligte.

Weens die groot digtheid van stedelike bevolkings moet die kinders na skool hulle vrye tyd hoofsaaklik in die huis deurbring, omdat sportvelde, parke en speelplek dikwels ver van hulle woonplekke geleë is.

Die vader se arbeid word buite die huis verrig, dikwels in skofte, wat groot ontwrigting van die roetine in die gesin meebring. Die saak word verder vererger indien die moeder ook buitenshuise arbeid verrig.

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Die belange en belangstellings van die stedelike gesinslede is so uiteenlopend dat dit vir hulle al hoe moeiliker word om as 'n gesin saam aan ontspanningsaktiwiteite deel te neem.

(iv) Gejaagdheid van die moderne lewe:

Die groot tempo van die hedendaagse lewe het senuweespanning tot gevolg waaraan die mens nie gewoond is nie. Die spanning waaraan die mens onderwerp word as gevolg van die massas mense, die geraas en die tempo van die lewe put die mens uit sonder die geleentheid tot herstel. Dit maak ontspanning gebiedend noodsaaklik. Alleen deur aan die mens die geleenthede te gee om homself ten volle oor te gee aan 'n aangename tydverdryf, kan die mens dié stremming en spanning te bowe kom.

(v) Vermeerdering van vrye tyd:

Die lengte van die werksdag en die werksweek het drasties verminder. Die vermeerderde vrye tyd is die gevolg van eentoniger, sielsdodender werk wat teen 'n groot tempo en onder groot senuspanning gelewer moet word. Vrye tyd is nie sonder meer 'n bate nie, maar die gebruik wat daarvan gemaak word sal bepaal of dit 'n bate of 'n las is.

(vi) Ontspanning en gesondheid:

Gesonde ontspanning is bevorderlik vir geestelike sowel as liggaamlike gesondheid. Fisiese inspanning laat die liggaam ontwikkel en beter funksioneer en 'n gesonde liggaam huisves 'n gesonde gees.

(vii) Spesialisasie en meganisasie:

Die eise aan die meeste arbeiders se fisiese en verstandelike vermoëns word steeds minder deurdat die masjien die harde arbeid en die dinkwerk oorneem. Die spanning en arbeidstempo neem nou egter steeds toe. Die gemiddelde

© University of Pretoria Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



arbeider is aan die einde van die werksdag eerder verveeld as moeg na die ure se eentonige herhalende eendersheid, want hy put nie meer arbeidsvreugde uit sy werk nie. Vir die ontwikkeling en behoud van 'n gebalanseerde persoonlikheid is hy aangewese op sy vryetydsaktiwiteite.

(viii) Ontspanning en geestelike gesondheid:

In ons moderne samelewing word 'n groot vermeerdering in die getalle geestessiekes ondervind. Die National Committee for Mental Hygiene het byvoorbeeld in die V.S.A. bevind dat gesonde liggaamlike en geestelike inspanning en ontspanning dié probleem voorkom en/of genees. Hulle beweer: „Recreation is an important element in our efforts for the prevention and cure of mental disease. For the normal individual it tends to sustain a healthful, happy outlook on life" en „Games, sports, music, dramatics, folk dances, and other social activities provide healthful releases for pent-up physical and mental energy". (7, p.19.)

(ix) Karakterontwikkeling:

Ontspanning help nie alleen net om sekere eienskappe by die individu te ontwikkel nie, maar dit beïnvloed die groei en ontwikkeling van sosiale verhoudings wat die individu as 'n lid van die groep affekteer. Respek vir reëls, eerlike harde spel, moed, onderwerping van eiebelang en die bevordering van die groep se belange, die vermoë tot spangees, ondervinding in leierskap, gehoorsaamheid, ensovoorts, is van die waardes wat uit spel verkry kan word.

Ontspanning is 'n krag van groot omvang vir die karakterontwikkeling.

(x) Sosiale samehorigheid:

As gevolg van verskille in inkomste, sosiale status, nasionaliteit, opvoeding, kulturele agtergrond, ensovoorts,

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



ontstaan spanning in die groep. Die gevolg is gewoonlik groeiende suspisie, wantroue en 'n afsku in die medemens. In kort, daar is 'n behoefte aan „buurskap" en samehorigheid.

Ontspanning bied die geleentheid waar almal op gelyke voet kan verkeer en deelneem. Sodoende kan verskille uitgewis en vergeet word.

(xi) Voorkoming van misdaad:

Daar ontspanning help met karakterbou, werk dit voorkomend of helend teen misdaad. In die verslag van die Kommissie op Straf- en Gevangenishervorming kry ons die volgende: „... (ledigheid) is ongetwyfeld die oorsaak van 'n groot hoeveelheid onmaatskaplike gedrag. Ledigheid het 'n demoraliserende uitwerking". (U.G. 47/47, Staatsdrukker, Pretoria, par. 79.)

Omdat die jeug steeds soekend is na norme van wat reg of verkeerd is, sal dit meehelp om misdaad te voorkom as hulle aan gesonde vryetydsaktiwiteite deelneem. As hulle die geleentheid het om uiting te gee aan die gevoel van selfhandhawing, sal dit nie in onmaatskaplike gedrag tot uiting kom nie, want in die spel kan hulle sukses behaal.

6. SAMEVATTING

a. Die feit dat so baie mense oor vrye tyd beskik in ons hedendaagse samelewing, het veroorsaak dat ontspanning op groot skaal gekommersialiseer word.

b. Vrye tyd soos ons dit vandag ken het vir die massa beskikbaar geword na die Industriële Rewolusie. Vrye tyd was aanvanklik die voorreg van die boonste sosiale lae in die samelewing - vandag is dit net omgekeerd.

© University of Pretoria Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Die mens se houding ten opsigte van vrye tyd het ook verander deurdat tot die besef gekom is dat hoër produktiwiteit ten nouste saamhang met die suksesvolle aanwending van vrye tyd vir ontspanningsdoeleindes.

c. Die begrip ontspanning sluit ook die begrip spel in. Ontspanning impliseer die gesindheid en houding van die indiwidu tot die aktiwiteit. Spel impliseer 'n gedragsvorm of interaksie van fisiese aard.

d. Verskillende teorieë om spel en ontspanning te verklaar het met verloop van tyd ontstaan. Een van die vroegste teorieë is die surplus-energie teorie wat hoofsaaklik sielkundig-biologies van aard was. 'n Ander teorie wou spel verklaar in terme van instinkte by die mens.

Die teorie oor selfuitdrukking deur middel van spel word universeel aanvaar, maar ons wil spel en ontspanning egter ook sien as 'n produk van die samelewing.

e. Joffre Dumazedier stel drie eise aan ontspanning aleer dit as geslaagd bestempel kan word, naamlik rus, vermaak en ontwikkeling van die persoonlikheid. Suksesvolle ontspanning bied uitdagings, aansporings en veranderings aan die deelnemers.

Die gevolge is hoofsaaklik sosiaal, skeppend, fisies, emosioneel en intellektueel van aard.

Ontspanning is 'n fundamentele behoefte by die mens en daarom noodsaaklik.

© University of Pretoria Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



# H O O F S T U K 3

## DIE KENMERKE VAN DIE ONDERSOEKGROEP

### 1. INLEIDING

Daar is reeds in hoofstuk 1 aangedui hoe te werk gegaan is om die steekproef vir hierdie ondersoek te bekom.

In hierdie hoofstuk word die samestelling van die steekproef of ondersoekgroep kortliks ontleed wat betref ouderdom, onderwyspeil, huwelikstaat, inkomste en beroep.

### 2. OUDERDOM

Tabel 1 toon die leeftydsamestelling van die ondersoekgroep.

TABEL 1
DIE OUDERDOMME VAN DIE ONDERSOEKGROEP

| Ouderdomme | Ondersoekgroep | |
|---|---|---|
| | Getal | % |
| 18-24 jaar | 49 | 21.5 |
| 25-29 " | 44 | 19.3 |
| 30-34 " | 37 | 16.2 |
| 35-39 " | 34 | 14.9 |
| 40-44 " | 24 | 10.5 |
| 45-49 " | 18 | 7.9 |
| 50-59 " | 22 | 9.7 |
| TOTAAL | 228 | 100.0* |

Volgens tabel 1 is 40.8 persent van die ondersoekgroep jonger as 30 jaar, 31.1 persent is tussen 30 en 40 jaar,

* As gevolg van die benadering tot die eerste desimale syfer, kom die totaal van die persentasies in hierdie en in ander tabelle soms nie presies op 100.0 te staan nie.

© University of Pretoria Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



18.4 persent is tussen 40 en 50 jaar terwyl 9.7 persent ouer as 50 is. Die meeste persone in die ondersoek is jonger as 40 jaar (71.9%).

## 3. ONDERWYSPEIL

In tabel 2 word die onderwyspeil van die ondersoekgroep weergegee.

TABEL 2
DIE ONDERWYSPEIL VAN DIE ONDERSOEKGROEP

| Onderwyspeil | Ondersoekgroep | |
|---|---|---|
| | Getal | % |
| Geen onderwys | 12 | 5.3 |
| Graad I - St.5 | 84 | 36.8 |
| St. 6 - St.7 | 84 | 36.8 |
| St. 8 | 29 | 12.7 |
| St. 9 - St.10 | 19 | 8.3 |
| TOTAAL | 228 | 100.0 |

Uit tabel 2 blyk dit dat 5.3 persent van die ondersoekgroep geen skoolopleiding gehad het nie. Net soveel persone, naamlik 36.8 persent, het tot by standerd vyf gevorder as wat standerd ses of sewe geslaag het. Daar het verder 21.0 persent van die ondersoekgroep minstens standerd agt geslaag en van die totaal het 57.8 persent 'n onderwyskwalifikasie wat wissel van standerd ses tot standerd tien.

## 4. HUWELIKSTAAT

Die huwelikstaat van die ondersoekgroep word in tabel 3 aangedui.

TABEL 3
DIE HUWELIKSTAAT VAN DIE ONDERSOEKGROEP

| Huwelikstaat | Ondersoekgroep | |
|---|---|---|
| | Getal | % |
| Nooit getroud nie | 32 | 14.0 |
| Getroud | 190 | 83.3 |
| Wewenaar/Geskei | 6 | 2.6 |
| TOTAAL | 228 | 100.0 |

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Volgens tabel 3 blyk dit dat 14.0 persent van die ondersoekgroep nog nooit getroud was nie, terwyl 83.3 persent hul huwelikstaat as getroud aangedui het. Daar is nie onderskeid gemaak tussen persone wat wettig getroud is en mans wat met 'n vrou saamlewe sonder om getroud te wees nie. Indien die wettige huwelikstaat aangedui sou gewees het, sou die persentasie getroudes baie laer gewees het. Slegs 2.6 persent van die ondersoekgroep was wewenaars of geskeides.

Die ondersoekgroep bestaan dus hoofsaaklik uit getroude Kleurlingmans.

## 5. INKOMSTE

Die maandelikse inkomste* van die ondersoekgroep word in tabel 4 ontleed.

TABEL 4
DIE MAANDELIKSE INKOMSTE VAN DIE ONDERSOEKGROEP

| Inkomste per maand | Ondersoekgroep | |
|---|---|---|
| | Getal | % |
| Minder as R40 | 65 | 28.5 |
| R40-R79 | 110 | 48.2 |
| R80-R124 | 39 | 17.1 |
| R125 en meer | 14 | 6.1 |
| TOTAAL | 228 | 100.0 |

Soos blyk uit tabel 4 het die grootste gedeelte van die ondersoekgroep, naamlik 48.2 persent, 'n maandelikse inkomste van tussen R40 en R79, 28.5 persent verdien minder as R40 per maand, 17.1 persent tussen R80 en R124 terwyl net 6.1 persent R125 en meer per maand verdien. Daar het 23.2 persent van die ondersoekgroep hul inkomste aangedui as R80 en meer per maand.

---

* Nie reiskoste, voedsel en voorsiening van klere ingesluit nie.

© University of Pretoria Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



6. BEROEP

Die beroep van die ondersoekgroep word in tabel 5 aangetoon.

Vir die beroepsindeling het die ondersoeker sy eie klassifikasie gemaak aangesien die beroepsindeling van die afdeling Sensus en Statistiek nie hier gebruik kan word nie.

TABEL 5
DIE BEROEP VAN DIE ONDERSOEKGROEP*

| Beroep | Ondersoekgroep | |
|---|---|---|
| | Getal | % |
| Professionele werkers | 9 | 3.9 |
| Semi-professionele werkers | 30 | 13.2 |
| Arbeiders | 169 | 74.1 |
| Selfgeëmplojeerdes | 20 | 8.8 |
| TOTAAL | 228 | 100.0 |

Volgens tabel 5 is by ver die grootste gedeelte van die ondersoekgroep arbeiders, naamlik 74.1 persent, 13.2 persent is semi-professionele werkers, 8.8 persent is selfgeëmplojeerdes en slegs 3.9 persent is professionele werkers.

Die professionele werkers is hoofsaaklik onderwysers. Die selfgeëmplojeerdes is hoofsaaklik messelaars, skilders,

---

* Vir die doel van hierdie ondersoek is die beroepe as volg gegroepeer:

Professionele werkers: Onderwysers, instrukteurs, prokureurs, dokters, verpleegsters, godsdienstige werkers, bibliotekarisse, rekenmeesters, sosiale werkers, ens.

Semi-professionele werkers: Bestuurders van ondernemings, boekhouers, kassiers, klerke, winkelassistente, handelsreisigers, polisie, kelners, kokke, kroegmanne, ens.

Arbeiders: Steengroefwerkers, bestuurders van vragmotors, busse, ens., huisbediendes, tuinwerkers, skoonmakers, bodes, bouwerkers, motorwerktuigkundiges, stoffeerders, kleremakers, masjienoperateurs, persone in die drukkersbedryf, arbeiders by die munisipaliteit, staatsdiens, ens.

Selfgeëmplojeerdes: Alle persone wat vir hulleself werk en nie vir 'n werkgewer nie.

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



skrynwerkers, loodgieters en motorwerktuigkundiges.

## 7. SAMEVATTING

Dit blyk uit die gegewens dat 71.9 persent van die ondersoekgroep jonger as 40 jaar is en net meer as een-vyfde (21.5%) jonger as 25 jaar is.

Daar het 86.3 persent van die ondersoekgroep skoolopleiding gehad wat wissel vanaf graad I tot standerd 8, terwyl slegs 5.3 persent geen skoolopleiding gehad het nie.

Meer as tagtig persent (83.3%) van die ondervraagdes het hulle huwelikstaat as getroud aangedui. (Hierby is die persone wat nie wettig getroud is nie maar wel met 'n vrou saamleef, ingesluit.)

Die maandelikse inkomstes is betreklik laag want 76.7 persent van die ondersoekgroep het minder as R80 per maand verdien.

Byna 'n driekwart (74.1%) van die ondersoekgroep is arbeiders en slegs 3.9 persent professionele werkers.

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



# HOOFSTUK 4

## DIE LEESGEWOONTES VAN DIE ONDERSOEKGROEP

In hierdie hoofstuk sal gelet word op die leesfrekwensie van koerante, tydskrifte en boeke, sowel as op die invloed van ouderdom, onderwyspeil, inkomste, beroep en huwelikstaat op die leesfrekwensie.

### 1. LEES VAN KOERANTE

In dié afdeling word die lees van koerante nader ondersoek.

#### a. Inleiding

Uit die gegewens wat deur die ondersoekgroep verstrek is, blyk dit wat die lees van koerante betref, dat die Engelse koerante by ver die gewildste is. Van die persone wat koerante lees het 79 persent Engelse koerante gelees en 21 persent het verklaar dat hulle Afrikaanse koerante lees. (Waar die persoon meer as een koerant lees, is die een wat hy eerste genoem het vir hierdie berekening gebruik.) Die Engelse koerante was in volgorde van belangrikheid die Pretoria News, Sunday Times, Daily Mail en The Star. Die Transvaler en Vaderland was ewe gewild en daarna volg die Landstem en dan Dagbreek en Sondagnuus.

(i) Die leesfrekwensie van koerante*

In tabel 6 word die leesfrekwensie van koerante aangedui.

---

* Ten einde duplisering te vermy word die leesfrekwensie van koerante, tydskrifte en boeke in dieselfde tabel gegee.

© University of Pretoria Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



TABEL 6

DIE LEESFREKWENSIE VAN KOERANTE, TYDSKRIFTE EN BOEKE

| Leesfrekwensie | Koerante | | Tydskrifte | | Boeke | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | Getal | % | Getal | % | Getal | % |
| Een keer of meer per week | 144 | 63.2 | 80 | 35.1 | 73 | 32.0 |
| Minder as een keer per week maar minstens een keer per maand | 19 | 8.3 | 25 | 10.9 | 23 | 10.1 |
| Minder as een keer per maand | 4 | 1.7 | 11 | 4.8 | 7 | 3.0 |
| Nooit | 61 | 26.8 | 112 | 49.2 | 125 | 54.9 |
| TOTAAL | 228 | 100.0 | 228 | 100.0 | 228 | 100.0 |

Dit blyk uit tabel 6 dat 63.2 persent van die ondersoekgroep een keer of meer per week, 8.3 persent minder as een keer per week maar minstens een keer per maand en 1.7 persent minder as een keer per maand koerante gelees het. Meer as 'n kwart van die ondersoekgroep, naamlik 26.8 persent het verklaar dat hulle nooit koerante lees nie.

Later in dié hoofstuk sal getrag word om dié persone wat nooit koerante lees nie, te identifiseer.

b. Ouderdom en die lees van koerante

In tabel 7(a) word die leesfrekwensie van koerante volgens ouderdom ontleed en in tabel 7(b) word die ouderdom volgens leesfrekwensie ontleed.

Soos blyk uit tabel 7(a) kom die grootste persentasie wat minstens een keer per week koerante lees, naamlik 29.9 persent, uit die ouderdomsgroep 30 tot 39 jaar - nogtans is hulle onderverteenwoordig in dié frekwensiegroep aangesien hulle 31.1 persent van die totale ondersoekgroep uitmaak.

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



TABEL 7(a)

DIE LEESFREKWENSIE VAN KOERANTE VOLGENS OUDERDOM

| Leesfrekwensie van koerante | Ouderdom | | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | 18-24 jaar | | 25-29 jaar | | 30-39 jaar | | 40-49 jaar | | 50-59 jaar | | TOTAAL | |
| | Getal | % | Getal | % | Getal | % | Getal | % | Getal | % | Getal | % |
| Een keer of meer per week | 32 | 22.2 | 29 | 20.1 | 43 | 29.9 | 26 | 18.1 | 14 | 9.7 | 144 | 100.0 |
| Minder as een keer per week maar minstens een keer per maand | 3 | 15.8 | 2 | 10.5 | 10 | 52.6 | 2 | 10.5 | 2 | 10.5 | 19 | 100.0 |
| Minder as een keer per maand of nooit | 14 | 21.5 | 13 | 20.0 | 18 | 27.7 | 14 | 21.5 | 6 | 9.2 | 65 | 100.0 |
| Totaal | 49 | 21.5 | 44 | 19.3 | 71 | 31.1 | 42 | 18.4 | 22 | 9.6 | 228 | 100.0 |

© University of Pretoria

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Meer as die helfte (52.6 persent) van die persone wat minder as een keer per week maar minstens een keer per maand koerant lees, was tussen 30 en 39 jaar oud, terwyl hulle ook die grootste persentasie uitmaak van die persone wat minder as een keer per maand, of nooit, koerante lees nie (27.7 persent).

Die persone tussen 30 en 39 jaar maak die grootste persentasie uit van dié wat minstens een keer per week koerante lees.

TABEL 7(b)
DIE OUDERDOM VOLGENS LEESFREKWENSIE VAN KOERANTE

| Ouderdom | Leesfrekwensie | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Een keer of meer per week | | Minder as een keer per week maar minstens een keer per maand | | Minder as een keer per maand of nooit | | TOTAAL | |
| | Getal | % | Getal | % | Getal | % | Getal | % |
| 18-24 jaar | 32 | 65.3 | 3 | 6.1 | 14 | 28.6 | 49 | 100.0 |
| 25-29 " | 29 | 65.9 | 2 | 4.5 | 13 | 29.5 | 44 | 100.0 |
| 30-39 " | 43 | 60.6 | 10 | 14.1 | 18 | 25.4 | 71 | 100.0 |
| 40-49 " | 26 | 61.9 | 2 | 4.8 | 14 | 33.3 | 42 | 100.0 |
| 50-59 " | 14 | 63.6 | 2 | 9.1 | 6 | 27.3 | 22 | 100.0 |
| Totaal | 144 | 63.2 | 19 | 8.3 | 65 | 28.5 | 228 | 100.0 |

Blykens tabel 7(b) het meer as sestig persent van elke ouderdomsgroep minstens een keer per week koerante gelees. By die ouderdomsgroepe 30 tot 39 jaar en 40 tot 49 jaar is die persentasies die laagste, wat heelwaarskynlik verklaar kan word dat dit juis in die ouderdomsgroepe is waar die kindertal so groot word dat dit groot eise stel aan die inkomste van die gesin asook die vader se aandag. Gevolglik het die vaders minder geld en tyd beskikbaar om koerante te koop en te lees.

Die persentasies persone van al die verskillende ouderdomsgroepe wat minder as een keer per week, maar minstens

© University of Pretoria Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



een keer per maand koerante gelees het, is baie klein.

Van die ouderdomsgroep 40 tot 49 jaar het een derde minder as een keer per maand, of nooit, koerante gelees nie. Daar is nie 'n noemenswaardige verskil in die persentasies van die ander ouderdomsgroepe in dieselfde frekwensiegroepe nie.

Daar is nie 'n betekenisvolle verskil in die persentasies persone wat minstens een keer per week koerante lees nie, alhoewel dit wil voorkom asof die persone jonger as 30 jaar in 'n geringe mate, persentasiegewys, meer koerante lees.

c. Onderwyspeil en die lees van koerante

In tabel 8(a) word die leesfrekwensie van koerante volgens onderwyspeil, en in tabel 8(b) word die onderwyspeil volgens die leesfrekwensie van koerante ontleed.

Volgens tabel 8(a) het die persone wat standerd ses of sewe geslaag het, die grootste persentasie uitgemaak (44.4%) van dié persone wat minstens een keer per week koerante lees. Daar moet dadelik op gewys word dat hulle oorverteenwoordig is in dié frekwensiegroep (44.4%) aangesien hulle slegs 36.8 persent van die totale ondersoekgroep uitmaak. Daar kan dus verklaar word dat die persone wat standerd ses of sewe geslaag het gretig is om koerante te lees, soos die persentasies dan ook bewys.

Die persone wat hoogstens standerd vyf geslaag het is presies net soveel as dié wat standerd ses of sewe geslaag het, maar nogtans maak eersgenoemde 'n baie kleiner persentasie (26.4%) uit in die frekwensiegroep wat minstens een keer per week koerante lees.

Die persone wat standerd agt geslaag het, maak ook 'n groter persentasie (18.8%) uit in dié frekwensiegroep as wat

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

TABEL 8(a)

DIE LEESFREKWENSIE VAN KOERANTE VOLGENS ONDERWYSPEIL

| Leesfrekwensie van koerante | Onderwyspeil | | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Geen | | Grade-St.5 | | St.6-St.7 | | St.8 | | St.9-St.10 | | TOTAAL | |
| | Getal | % | Getal | % | Getal | % | Getal | % | Getal | % | Getal | % |
| Een keer of meer per week | 0 | 0.0 | 38 | 26.4 | 64 | 44.4 | 27 | 18.8 | 15 | 10.4 | 144 | 100.0 |
| Minder as een keer per week maar minstens een keer per maand | 0 | 0.0 | 8 | 42.1 | 6 | 31.6 | 2 | 10.5 | 3 | 15.8 | 19 | 100.0 |
| Minder as een keer per maand of nooit | 12 | 18.5 | 38 | 58.5 | 14 | 21.5 | 0 | 0.0 | 1 | 1.5 | 65 | 100.0 |
| Totaal | 12 | 5.3 | 84 | 36.8 | 84 | 36.8 | 29 | 12.7 | 19 | 8.3 | 228 | 100.0 |



© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



hulle van die ondersoekgroep uitmaak (12.7%).

Slegs 10.4 persent van die persone wat minstens een keer per week koerante gelees het, het standerd nege of tien geslaag.

Die persone wat hoogstens standerd vyf geslaag het maak meer as die helfte (58.5%) van die persone uit wat minder as een keer per maand, of nooit, koerante gelees het nie. Ons kan verwag dat 'n groot deel van die persone wat nooit koerante lees nie, in dié onderwyspeilgroep val.

Die persone wat standerd ses of sewe geslaag het maak dus die grootste persentasies uit in die frekwensiegroepe wat minstens een keer per week en minstens een keer per maand koerante lees.

TABEL 8(b)

DIE ONDERWYSPEIL VOLGENS LEESFREKWENSIE VAN KOERANTE

| Onderwys-peil | Leesfrekwensie | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Een keer of meer per week | | Minder as een keer per week maar minstens een keer per maand | | Minder as een keer per maand of nooit | | TOTAAL | |
| | Getal | % | Getal | % | Getal | % | Getal | % |
| Geen | 0 | 0.0 | 0 | 0.0 | 12 | 100.0 | 12 | 100.0 |
| Grade-St.5 | 38 | 45.2 | 8 | 9.5 | 38 | 45.2 | 84 | 100.0 |
| St.6-St.7 | 64 | 76.2 | 6 | 7.1 | 14 | 16.7 | 84 | 100.0 |
| St.8 | 27 | 93.1 | 2 | 6.9 | 0 | 0.0 | 29 | 100.0 |
| St.9-St.10 | 15 | 78.9 | 3 | 15.8 | 1 | 5.3 | 19 | 100.0 |
| Totaal | 144 | 63.2 | 19 | 8.3 | 65 | 28.5 | 228 | 100.0 |

Soos blyk uit tabel 8(b) het 93.1 persent van die persone wat hoogstens standerd agt geslaag het, minstens een keer per week koerante gelees. Na standerd vyf is daar 'n groot styging in die persentasie persone wat minstens een keer per week koerante gelees het.

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Dit blyk dat 'n hoër standerd geslaag as standerd agt nie 'n verdere styging in die persentasie persone wat minstens een keer per week koerante lees, meebring nie.

Van die persone wat hoogstens standerd vyf geslaag het, het 45.2 persent minder as een keer per maand, of nooit, koerante gelees nie. Ons kan aanneem dat 'n groot deel van dié persone 'n baie gebrekkige leeskennis het vanweë die lae standerd wat hulle geslaag het en daarom sal hulle ook nie belangstel om te lees nie.

Hieruit blyk dat 'n hoër onderwyspeil bevorderlik is vir die lees van koerante.

d. <u>Maandelikse inkomste en die lees van koerante</u>

In tabel 9(a) word die leesfrekwensie van koerante volgens maandelikse inkomste, en in tabel 9(b) word die maandelikse inkomste volgens die leesfrekwensie ontleed.

Soos blyk uit tabel 9(a) het die persone wat tussen R40 en R79 per maand verdien, meer as die helfte (54.9%) van die persone uitgemaak wat minstens een keer per week koerante lees. Dieselfde inkomstegroep maak slegs 48.2 persent van die totale ondersoekgroep uit.

Die twee hoër inkomstegroepe is persentueel ook sterker verteenwoordig in die frekwensiegroep wat minstens een keer per week koerante lees, as wat hulle uitmaak ten opsigte van die totale ondersoekgroep.

Meer as die helfte (52.6%) van die persone wat minder as een keer per week maar minstens een keer per maand koerante lees, val ook in die inkomstegroep R40 tot R79 per maand.

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



TABEL 9(a)

DIE LEESFREKWENSIE VAN KOERANTE VOLGENS MAANDELIKSE INKOMSTE

| Leesfrekwensie van koerante | Maandelikse inkomste | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | -R40 | | R40-R79 | | R80-R124 | | R125+ | | TOTAAL | |
| | Getal | % | Getal | % | Getal | % | Getal | % | Getal | % |
| Een keer of meer per week | 20 | 13.9 | 79 | 54.9 | 33 | 22.9 | 12 | 8.3 | 144 | 100.0 |
| Minder as een keer per week maar minstens een keer per maand | 6 | 31.6 | 10 | 52.6 | 3 | 15.8 | 0 | 0.0 | 19 | 100.0 |
| Minder as een keer per maand of nooit | 39 | 60.0 | 21 | 32.3 | 3 | 4.6 | 2 | 3.1 | 65 | 100.0 |
| Totaal | 65 | 28.5 | 110 | 48.2 | 39 | 17.1 | 14 | 6.1 | 228 | 100.0 |

© University of Pretoria

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Die persone wat minder as R40 per maand verdien, maak 60.0 persent uit van die frekwensiegroep wat minder as een keer per maand, of nooit, koerante lees nie.

Van die persone wat minstens een keer per week koerante lees maak dié met 'n inkomste van tussen R40 en R79 per maand die grootste persentasie uit.

TABEL 9(b)

DIE MAANDELIKSE INKOMSTE VOLGENS LEESFREKWENSIE VAN KOERANTE

| Maandelikse inkomste | Leesfrekwensie | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Een keer of meer per week | | Minder as een keer per week maar minstens een keer per maand | | Minder as een keer per maand of nooit | | TOTAAL | |
| | Getal | % | Getal | % | Getal | % | Getal | % |
| -R40 | 20 | 30.8 | 6 | 9.2 | 39 | 60.0 | 65 | 100.0 |
| R40-R79 | 79 | 71.8 | 10 | 9.1 | 21 | 19.1 | 110 | 100.0 |
| R80-R124 | 33 | 84.6 | 3 | 7.7 | 3 | 7.7 | 39 | 100.0 |
| R125+ | 12 | 85.7 | 0 | 0.0 | 2 | 14.3 | 14 | 100.0 |
| Totaal | 144 | 63.2 | 19 | 8.3 | 65 | 28.5 | 228 | 100.0 |

Dit is duidelik uit tabel 9(b) dat namate die maandelikse inkomste styg, die persentasie persone wat minstens een keer per week koerante lees groter word. 'n Groot persentuele styging is veral waar te neem vanaf die inkomstegroep minder as R40 per maand (30.8%) na die inkomstegroep R40 tot R79 per maand (71.8%). By die twee hoogste inkomstegroepe was daar slegs 'n klein styging in die persentasie waarneembaar.

Die persentasie persone wat minstens een keer per week koerante lees uit die laagste inkomstegroep het byna drievoudig vermeerder na die hoogste inkomstegroep.

Daar het 60 persent van die persone wat minder as R40 per maand verdien, minder as een keer per maand, of nooit, koerante gelees nie.

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Ons kan met veiligheid aanvaar dat die persone wat minder as R40 per maand verdien, die laagste onderwyspeil het en daarom dié betrekkings beklee met die swakste inkomste. Die lae onderwyspeil verklaar dan die hoë persentasie persone wat selde of nooit koerante lees nie.

'n Hoër maandelikse inkomste het dus 'n baie gunstige uitwerking op die persentasie persone wat koerante lees.

e. <u>Beroep en die lees van koerante</u>

In tabel 10(a) word die leesfrekwensie van koerante volgens beroep en in tabel 10(b) word die beroep volgens die leesfrekwensie van koerante ontleed.

Volgens tabel 10(a) maak die arbeiders die grootste persentasie koerantlesers in aldrie die frekwensiegroepe uit.

Van die persone wat minder as een keer per maand of nooit koerante lees nie, is 84.6 persent arbeiders.

Vanweë hulle groter getalle maak die arbeiders die grootste persentasie uit in die frekwensiegroep wat minstens een keer per week koerante lees.

Tabel 10(a)/.....

© University of Pretoria Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



TABEL 10(a)

DIE LEESFREKWENSIE VAN KOERANTE VOLGENS BEROEP

| Leesfrekwensie van koerante | Beroep | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Professionele werkers | | Semi-professionele werkers | | Arbeiders | | Selfgeëmplo-jeerdes | | TOTAAL | |
| | Getal | % | Getal | % | Getal | % | Getal | % | Getal | % |
| Een keer of meer per week | 9 | 6.3 | 22 | 15.3 | 100 | 69.4 | 13 | 9.0 | 144 | 100.0 |
| Minder as een keer per week maar minstens een keer per maand | 0 | 0.0 | 3 | 15.8 | 14 | 73.7 | 2 | 10.5 | 19 | 100.0 |
| Minder as een keer per maand of nooit | 0 | 0.0 | 5 | 7.7 | 55 | 84.6 | 5 | 7.7 | 65 | 100.0 |
| Totaal | 9 | 3.9 | 30 | 13.2 | 169 | 74.1 | 20 | 8.8 | 228 | 100.0 |

© University of Pretoria

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



TABEL 10(b)

DIE BEROEP VOLGENS LEESFREKWENSIE VAN KOERANTE

| Beroep | Leesfrekwensie | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Een keer of meer per week | | Minder as een keer per week maar minstens een keer per maand | | Minder as een keer per maand of nooit | | TOTAAL | |
| | Getal | % | Getal | % | Getal | % | Getal | % |
| Professionele werkers | 9 | 100.0 | 0 | 0.0 | 0 | 0.0 | 9 | 100.0 |
| Semi-profes-sionele werkers | 22 | 73.3 | 3 | 10.0 | 5 | 16.7 | 30 | 100.0 |
| Arbeiders | 100 | 59.2 | 14 | 8.3 | 55 | 32.5 | 169 | 100.0 |
| Selfgeëm-plojeerdes | 13 | 65.0 | 2 | 10.0 | 5 | 25.0 | 20 | 100.0 |
| Totaal | 144 | 63.2 | 19 | 8.3 | 65 | 28.5 | 228 | 100.0 |

Blykens tabel 10(b) het meer as die helfte van die persone uit elke beroepsgroep minstens een keer per week koerante gelees. Die professionele werkers het almal en van die semi-professionele werkers het 73.3 persent minstens een keer per week koerante gelees.

Byna een-derde (32.5%) van die arbeiders het minder as een keer per maand of nooit koerante gelees nie. 'n Moontlike verklaring hiervoor is dat die arbeiders gewoonlik van die verskillende beroepsgroepe die swakste skoolopleiding het en gevolglik aangewese is op die swakker betalende betrekkings. Dié verklaring sluit mooi aan by die bevindings van tabelle 9(b) en 8(b). In teenstelling met die arbeiders het die professionele en semi-professionele werkers seker die hoogste onderwyspeil van die ondersoekgroep. Gevolglik strek hulle veld van belangstelling wyer en sal hulle ook veel meer lees.

Samevattend kan dit gestel word dat groter persentasies van die hoër beroepsgroepe meer dikwels koerante lees.

© University of Pretoria Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



TABEL 11(a)

DIE LEESFREKWENSIE VAN KOERANTE VOLGENS HUWELIKSTAAT

| Leesfrekwensie van koerante | Huwelikstaat | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Nog nooit getroud nie | | Getroud | | Wewenaar/Geskei | | TOTAAL | |
| | Getal | % | Getal | % | Getal | % | Getal | % |
| Een keer of meer per week | 17 | 11.8 | 123 | 85.4 | 4 | 2.8 | 144 | 100.0 |
| Minder as een keer per week maar minstens een keer per maand | 3 | 15.8 | 16 | 84.2 | 0 | 0.0 | 19 | 100.0 |
| Minder as een keer per maand of nooit | 12 | 18.5 | 51 | 78.5 | 2 | 3.1 | 65 | 100.0 |
| Totaal | 32 | 14.0 | 190 | 83.3 | 6 | 2.6 | 228 | 100.0 |

© University of Pretoria

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



f. Huwelikstaat en die lees van koerante

In tabel 11(a) word die leesfrekwensie van koerante volgens huwelikstaat en in tabel 11(b) word die huwelikstaat volgens die leesfrekwensie van koerante ontleed.

Volgens tabel 11(a) blyk dit dat die getroude persone die grootste persentasie (85.4%) uitmaak van die groep persone wat minstens een keer per week koerante lees, asook van die groep wat minder as een keer per week maar minstens een keer per maand en van die groep wat minder as een keer per maand, of nooit, koerante lees nie.

Die ongetroude persone is onderverteenwoordig in die frekwensiegroep wat minstens een keer per week koerante lees (11.8%) omdat hulle 14.0 persent van die totale ondersoekgroep uitmaak. Die rede is heelwaarskynlik dat die ongetroude persone meer uithuisig is en daarom minder tyd beskikbaar het om te lees.

Omdat hulle getalle die grootste is, maak die getroude persone die grootste persentasies in al die frekwensiegroepe uit.

TABEL 11(b)
DIE HUWELIKSTAAT VOLGENS DIE LEESFREKWENSIE VAN KOERANTE

| Huwelikstaat | Leesfrekwensie | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Een keer of meer per week | | Minder as een keer per week maar minstens een keer per maand | | Minder as een keer per maand of nooit | | TOTAAL | |
| | Getal | % | Getal | % | Getal | % | Getal | % |
| Nooit getroud nie | 17 | 53.1 | 3 | 9.4 | 12 | 37.5 | 32 | 100.0 |
| Getroud | 123 | 64.7 | 16 | 8.4 | 51 | 26.8 | 190 | 100.0 |
| Wewenaar/Geskei | 4 | 66.7 | 0 | 0.0 | 2 | 33.3 | 6 | 100.0 |
| Totaal | 144 | 63.2 | 19 | 8.3 | 65 | 28.5 | 228 | 100.0 |

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Soos blyk uit tabel 11(b) het 64.7 persent van die getroudes minstens een keer per week koerante gelees. Van die ongetroudes het meer as 'n derde (37.5%) minder as een keer per maand of nooit koerante gelees nie.

Blykbaar het die ongetroudes ander afleiding as die lees van koerante. 'n Aanneemlike verklaring sou wees dat hulle meer geneig is om uithuisig te wees en gevolglik het hulle minder tyd tot hulle beskikking om te lees.

2. LEES VAN TYDSKRIFTE

In dié afdeling word die lees van tydskrifte nader ondersoek.

a. Inleiding

Uit die gegewens verstrek deur die ondersoekgroep blyk dit dat Kyk die gewildste tydskrif is (42 persent), dan volg Personality (31 persent) en dan Die Huisgenoot (27 persent).

Volgens tabel 6 (bladsy 40) het 35.1 persent van die persone te kenne gegee dat hulle minstens een keer per week tydskrifte gelees het, teenoor byna dubbel die persentasie wat koerante gelees het. Daar het 10.9 persent van die ondersoekgroep tydskrifte gelees op minder as een keer per week, maar minstens een keer per maand, 4.8 persent het minder as een keer per maand en 49.2 persent het verklaar dat hulle nooit tydskrifte lees nie.

As in ag geneem word dat slegs 5.3 persent van die ondersoekgroep nie kon lees nie, dan is daar nog meer as 43 persent van die ondersoekgroep wat kan lees, maar wat geen belangstelling toon om tydskrifte te lees nie.

Slegs ongeveer 21 persent persone lees geen koerante nie teenoor die ongeveer 43 persent wat geen tydskrifte lees

© University of Pretoria Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



nie. (Gegewens uit tabel 6 nadat ongeletterdes - 5.3 persent - in berekening gebring is.)*

b. <u>Ouderdom en die lees van tydskrifte</u>

In tabel 12(a) word die leesfrekwensie van tydskrifte volgens ouderdom en in tabel 12(b) word die ouderdom volgens leesfrekwensie van tydskrifte ontleed.

Dit blyk uit tabel 12(a) dat daar 'n daling is van 31.3 persent by die jongste ouderdomsgroep na 2.5 persent by die oudste ouderdomsgroep van die persone wat minstens een keer per week tydskrifte lees.

In die frekwensiegroepe wat minder as een keer per week maar minstens een keer per maand, asook in die frekwensiegroep wat minder as een keer per maand of nooit tydskrifte gelees het, het die ouderdomsgroep 30 tot 39 jaar die grootste persentasies uitgemaak.

Slegs die twee jongste ouderdomsgroepe maak groter persentasies uit in die frekwensiegroep wat een keer of meer per week tydskrifte lees, as wat hulle van die totale ondersoekgroep uitmaak.

Namate die ouderdom hoër word lees 'n kleiner persentasie persone uit elke ouderdomsgroep minstens een keer per week tydskrifte.

Tabel 12(b)/.....

---

* Van die totale ondersoekgroep kan 5.3 persent nie lees nie, en dié persentasie word afgetrek van die wat nooit lees nie.

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



TABEL 12(a)

DIE LEESFREKWENSIE VAN TYDSKRIFTE VOLGENS OUDERDOM

| Leesfrekwensie van tydskrifte | Ouderdom | | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | 18-24 jaar | | 25-29 jaar | | 30-39 jaar | | 40-49 jaar | | 50-59 jaar | | TOTAAL | |
| | Getal | % | Getal | % | Getal | % | Getal | % | Getal | % | Getal | % |
| Een keer of meer per week | 25 | 31.3 | 21 | 26.3 | 18 | 22.5 | 14 | 17.5 | 2 | 2.5 | 80 | 100.0 |
| Minder as een keer per week maar minstens een keer per maand | 4 | 16.0 | 5 | 20.0 | 10 | 40.0 | 5 | 20.0 | 1 | 4.0 | 25 | 100.0 |
| Minder as een keer per maand of nooit | 20 | 16.3 | 18 | 14.6 | 43 | 35.0 | 23 | 18.7 | 19 | 15.4 | 123 | 100.0 |
| Totaal | 49 | 21.5 | 44 | 19.3 | 71 | 31.1 | 42 | 18.4 | 22 | 9.6 | 228 | 100.0 |

© University of Pretoria

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



TABEL 12(b)

DIE OUDERDOM VOLGENS LEESFREKWENSIE VAN TYDSKRIFTE

| Ouderdom | Leesfrekwensie | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Een keer of meer per week | | Minder as een keer per week maar minstens een keer per maand | | Minder as een keer per maand of nooit | | TOTAAL | |
| | Getal | % | Getal | % | Getal | % | Getal | % |
| 18-24 jaar | 25 | 51.0 | 4 | 8.2 | 20 | 40.8 | 49 | 100.0 |
| 25-29 " | 21 | 47.7 | 5 | 11.4 | 18 | 40.9 | 44 | 100.0 |
| 30-39 " | 18 | 25.4 | 10 | 14.1 | 43 | 60.6 | 71 | 100.0 |
| 40-49 " | 14 | 33.3 | 5 | 11.8 | 23 | 54.8 | 42 | 100.0 |
| 50-59 " | 2 | 9.1 | 1 | 4.6 | 19 | 86.4 | 22 | 100.0 |
| Totaal | 80 | 35.1 | 25 | 10.9 | 123 | 53.9 | 228 | 100.0 |

Uit tabel 12(b) blyk dit dat meer as die helfte (51.0%) van die persone tussen 18 en 24 jaar minstens een keer per week tydskrifte gelees het, teenoor minder as een-tiende (9.1%) van die persone tussen 50 en 59 jaar.

Daar is geen opvallende verskille in die persentasies persone van die verskillende ouderdomsgroepe wat minder as een keer per week, maar minstens een keer per maand tydskrifte gelees het nie.

Van die ouderdomsgroep 50 tot 59 jaar het 86.4 persent te kenne gegee dat hulle minder as een keer per maand, of nooit, tydskrifte lees nie. Dié hoë persentasie persone by die ouderdomsgroep, moet heelwaarskynlik daaraan toegeskryf word dat dié persone se skoolopleiding baie laer was as byvoorbeeld die van die jongste ouderdomsgroep, waar 'n baie groter persentasie persone meer dikwels tydskrifte gelees het.

Dit blyk duidelik dat die twee jongste ouderdomsgroepe, maar veral die jongste ouderdomsgroep, by ver die meeste en ook meer dikwels tydskrifte gelees het as die ouer ouderdomsgroepe.

© University of Pretoria Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Dié verskynsel moet daaraan toegeskryf word dat die jonger ouderdomsgroepe verder op skool gevorder het en gevolglik kan ons verwag dat hulle 'n breër belangstelling sal hê.

c. Onderwyspeil en die lees van tydskrifte

In tabel 13(a) word die leesfrekwensie van tydskrifte volgens onderwyspeil en in tabel 13(b) word die onderwyspeil volgens die leesfrekwensie van tydskrifte ontleed.

Volgens tabel 13(a) het 36.2 persent van die persone wat minstens een keer per week tydskrifte gelees het hoogstens standerd ses of sewe geslaag. Daar is geen noemenswaardige verskil in die persentasies van die ander standerds nie.

Die persone wat standerd agt en standerd nege of tien geslaag het, is oorverteenwoordig in die frekwensiegroep wat minstens een keer per week tydskrifte gelees het, indien die persentasies wat hulle van die totale ondersoekgroep uitmaak, in ag geneem word.

Van die persone wat minder as een keer per week maar minstens een keer per maand tydskrifte gelees het, het 44.0 persent hoogstens standerd vyf geslaag en terselfdertyd maak hulle ook die grootste persentasie in die volgende frekwensiegroep uit, naamlik 43.9 persent.

Tabel 13(b)/.....

© University of Pretoria Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

TABEL 13(a)

DIE LEESFREKWENSIE VAN TYDSKRIFTE VOLGENS ONDERWYSPEIL

| Leesfrekwensie van tydskrifte | Onderwyspeil | | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Geen | | Grade-St.5 | | St.6-St.7 | | St.8 | | St.9-St.10 | | TOTAAL | |
| | Getal | % | Getal | % | Getal | % | Getal | % | Getal | % | Getal | % |
| Een keer of meer per week | 0 | 0.0 | 19 | 23.7 | 29 | 36.2 | 16 | 20.0 | 16 | 20.0 | 80 | 100.0 |
| Minder as een keer per week maar minstens een keer per maand | 0 | 0.0 | 11 | 44.0 | 8 | 32.0 | 4 | 16.0 | 2 | 8.0 | 25 | 100.0 |
| Minder as een keer per maand of nooit | 12 | 9.7 | 54 | 43.9 | 47 | 38.2 | 9 | 7.3 | 1 | 0.9 | 123 | 100.0 |
| Totaal | 12 | 5.3 | 84 | 36.8 | 84 | 36.8 | 29 | 12.7 | 19 | 8.3 | 228 | 100.0 |

© University of Pretoria

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



TABEL 13(b)

ONDERWYSPEIL VOLGENS LEESFREKWENSIE VAN TYDSKRIFTE

| Onderwyspeil | Leesfrekwensie: Een keer of meer per week | | Minder as een keer per week maar minstens een keer per maand | | Minder as een keer per maand of nooit | | TOTAAL | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Getal | % | Getal | % | Getal | % | Getal | % |
| Geen | 0 | 0.0 | 0 | 0.0 | 12 | 100.0 | 12 | 100.0 |
| Grade-St.5 | 19 | 22.6 | 11 | 13.0 | 54 | 64.2 | 84 | 100.0 |
| St.6-St.7 | 29 | 34.8 | 8 | 9.5 | 47 | 55.8 | 84 | 100.0 |
| St.8 | 16 | 55.1 | 4 | 13.8 | 9 | 31.0 | 29 | 100.0 |
| St.9-St.10 | 16 | 84.2 | 2 | 10.5 | 1 | 5.2 | 19 | 100.0 |
| Totaal | 80 | 35.1 | 25 | 10.9 | 123 | 53.9 | 228 | 100.0 |

Dit blyk uit tabel 13(b) dat namate die standerd wat geslaag is hoër word, word die persentasie persone wat minstens een keer per week tydskrifte lees ook hoër. Dié gegewens dui op dieselfde tendens as by die lees van koerante (tabel 8(b)), behalwe dat daar by die lees van koerante weer 'n afname in die persentasie persone wat hoogstens standerd nege of tien geslaag het, intree, terwyl daar by die lees van tydskrifte 'n voortgesette styging in die persentasie persone is wat minstens een keer per week tydskrifte lees.

Meer as sestig persent (64.2%) van die persone wat hoogstens standerd vyf geslaag het, het minder as een keer per maand, of nooit, tydskrifte gelees nie.

'n Hoër onderwyspeil is dus bevorderlik vir die lees van tydskrifte.

d. <u>Beroep en die lees van tydskrifte</u>

In tabel 14(a) word die leesfrekwensie van tydskrifte volgens beroep en in tabel 14(b) word die beroep volgens leesfrekwensie van tydskrifte ontleed.

© University of Pretoria Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



TABEL 14(a)

DIE LEESFREKWENSIE VAN TYDSKRIFTE VOLGENS BEROEP

| Leesfrekwensie van tydskrifte | Beroep | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Professionele werkers | | Semi-profes-sionele werkers | | Arbeiders | | Selfgeëm-plojeerdes | | TOTAAL | |
| | Getal | % | Getal | % | Getal | % | Getal | % | Getal | % |
| Een keer of meer per week | 7 | 8.7 | 11 | 13.7 | 50 | 70.0 | 6 | 7.5 | 80 | 100.0 |
| Minder as een keer per week maar minstens een keer per maand | 1 | 4.0 | 6 | 24.0 | 16 | 64.0 | 2 | 8.0 | 25 | 100.0 |
| Minder as een keer per maand of nooit | 1 | 0.8 | 13 | 10.5 | 97 | 78.8 | 12 | 9.8 | 123 | 100.0 |
| Totaal | 9 | 3.9 | 30 | 13.2 | 169 | 74.1 | 20 | 8.8 | 228 | 100.0 |

© University of Pretoria

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Volgens tabel 14(a) blyk dit dat die grootste enkele persentasie persone wat minstens een keer per week tydskrifte gelees het, arbeiders was, naamlik 70.0 persent. Daar moet egter op gelet word dat alhoewel die professionele werkers net 3.9 persent van die totale ondersoekgroep uitmaak, hulle 8.7 persent uitmaak van die groep persone wat minstens een keer per week tydskrifte gelees het.

Die arbeiders maak ook die grootste persentasies uit van die ander twee frekwensiegroepe.

TABEL 14(b)

DIE BEROEP VOLGENS LEESFREKWENSIE VAN TYDSKRIFTE

| Beroep | Leesfrekwensie | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Een keer of meer per week | | Minder as een keer per week maar minstens een keer per maand | | Minder as een keer per maand of nooit | | TOTAAL | |
| | Getal | % | Getal | % | Getal | % | Getal | % |
| Profes-sionele werkers | 7 | 77.7 | 1 | 11.1 | 1 | 11.1 | 9 | 100.0 |
| Semi-pro-fessionele werkers | 11 | 36.5 | 6 | 20.0 | 13 | 43.3 | 30 | 100.0 |
| Arbeiders | 56 | 33.2 | 16 | 9.4 | 97 | 57.3 | 169 | 100.0 |
| Selfgeëm-plojeerdes | 6 | 30.0 | 2 | 10.0 | 12 | 60.0 | 20 | 100.0 |
| Totaal | 80 | 35.1 | 25 | 10.9 | 123 | 53.9 | 228 | 100.0 |

Meer as 'n driekwart (77.7%) van die professionele werkers, en meer as een-derde (36.5%) van die semi-professionele werkers het een keer of meer per week tydskrifte gelees. Ons kan verwag dat dié twee beroepsgroepe in die hoër onderwyspeil-groepe en inkomstegroepe val en dit mag 'n verklaring wees vir die hoë persentasie van die professionele werkers wat minstens een keer per week tydskrifte lees.

© University of Pretoria Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Meer as vyftig persent van die arbeiders (57.3%) en selfgeëmplojeerdes (60.0%) het te kenne gegee dat hulle minder as een keer per maand, of nooit, tydskrifte lees nie. Die arbeiders is gewoonlik die mense wat in die laer inkomstegroepe val omdat hulle 'n laer skoolopleiding gehad het. Die geld om tydskrifte te koop, sowel as die belangstelling om te lees, ontbreek dus in 'n groot mate by die arbeiders.

Dit is dus duidelik dat meer persone uit die hoër beroepsgroepe meer dikwels tydskrifte lees.

e. <u>Inkomste per maand en die lees van tydskrifte</u>

In tabel 15(a) word die leesfrekwensie van tydskrifte volgens die maandelikse inkomste en in tabel 15(b) word die maandelikse inkomste volgend die leesfrekwensie van tydskrifte ontleed.

Soos blyk uit tabel 15(a) was 57.5 persent van die persone wat een keer of meer per week tydskrifte lees van die inkomstegroep R40 tot R79 per maand. Die inkomstegroep maak 'n veel groter persentasie in dié frekwensiegroep uit as wat hulle van die totale ondersoekgroep uitmaak, naamlik 48.4 persent.

Die persentasies persone in die inkomstegroepe R80 tot R125 en R125 en hoër wat minstens een keer per week tydskrifte lees, is ook hoër as wat dié inkomstegroepe uitmaak van die totale ondersoekgroep.

Van die persone wat minstens een keer per week tydskrifte lees maak dié met 'n inkomste van tussen R40 en R79 per maand die grootste persentasie uit.

© University of Pretoria Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

TABEL 15(a)

LEESFREKWENSIE VAN TYDSKRIFTE VOLGENS MAANDELIKSE INKOMSTE

| Leesfrekwensie van tydskrifte | Inkomste per maand | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | -R40 | | R40-R79 | | R80-R124 | | R125+ | | TOTAAL | |
| | Getal | % | Getal | % | Getal | % | Getal | % | Getal | % |
| Een keer of meer per week | 10 | 12.5 | 46 | 57.5 | 16 | 20.0 | 8 | 10.0 | 80 | 100.0 |
| Minder as een keer per week maar minstens een keer per maand | 7 | 28.0 | 11 | 44.0 | 7 | 28.0 | 0 | 0.0 | 25 | 100.0 |
| Minder as een keer per maand of nooit | 48 | 39.0 | 53 | 43.0 | 16 | 13.0 | 6 | 4.9 | 123 | 100.0 |
| Totaal | 65 | 28.5 | 110 | 48.4 | 39 | 17.1 | 14 | 6.1 | 228 | 100.0 |



© University of Pretoria

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



TABEL 15(b)

DIE MAANDELIKSE INKOMSTE VOLGENS LEESFREKWENSIE VAN TYDSKRIFTE

| Inkomste per maand | Leesfrekwensie | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Een keer of meer per week | | Minder as een keer per week maar minstens een keer per maand | | Minder as een keer per maand of nooit | | TOTAAL | |
| | Getal | % | Getal | % | Getal | % | Getal | % |
| -R40 | 10 | 15.4 | 7 | 10.7 | 48 | 73.8 | 65 | 100.0 |
| R40-R79 | 46 | 41.8 | 11 | 10.0 | 53 | 48.2 | 110 | 100.0 |
| R80-R124 | 16 | 41.0 | 7 | 18.0 | 16 | 41.0 | 39 | 100.0 |
| R125+ | 8 | 57.1 | 0 | 0.0 | 6 | 42.8 | 14 | 100.0 |
| Totaal | 80 | 35.1 | 25 | 10.9 | 123 | 53.9 | 228 | 100.0 |

Volgens tabel 15(b) blyk dit dat daar met 'n styging in die maandelikse inkomste, 'n groter persentasie persone minstens een keer per week tydskrifte lees. Meer as die helfte van die persone uit die hoogste inkomstegroepe het minstens een keer per week tydskrifte gelees.

Byna 'n driekwart (73.8%) van die persone wat minder as R40 per maand verdien, het minder as een keer per maand, of nooit, tydskrifte gelees nie. Ons kan verwag dat 'n groot deel van die persone wat verklaar het dat hulle nooit tydskrifte lees nie, in dié laagste inkomstegroep was.

Dit is logies as ons aanvoer dat dié persone met die hoogste skoolopleiding die beste betrekkings sal beklee en gevolglik ook die hoogste inkomste sal hê. Dit verklaar dan die hoë persentasie persone uit die hoogste inkomstegroep wat minstens een keer per week tydskrifte lees, omdat hulle die belangstelling het, asook die geldelike vermoë om tydskrifte te koop.

'n Hoër maandelikse inkomste is dus bevorderlik vir die lees van tydskrifte.

© University of Pretoria Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

TABEL 16(a)

DIE LEESFREKWENSIE VAN TYDSKRIFTE VOLGENS HUWELIKSTAAT

| Leesfrekwensie van tydskrifte | Huwelikstaat | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Nog nooit getroud nie | | Getroud | | Wewenaar/ Geskei | | TOTAAL | |
| | Getal | % | Getal | % | Getal | % | Getal | % |
| Een keer of meer per week | 3 | 16.2 | 63 | 78.7 | 4 | 5.0 | 80 | 100.0 |
| Minder as een keer per week maar minstens een keer per maand | 3 | 12.0 | 20 | 80.0 | 2 | 8.0 | 25 | 100.0 |
| Minder as een keer per maand of nooit | 16 | 13.0 | 107 | 87.0 | 0 | 0.0 | 123 | 100.0 |
| Totaal | 32 | 14.0 | 190 | 83.3 | 6 | 2.6 | 228 | 100.0 |

© University of Pretoria

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



f. Huwelikstaat en die lees van tydskrifte

In tabel 16(a) word die leesfrekwensie van tydskrifte volgens huwelikstaat en in tabel 16(b) word die huwelikstaat volgens die leesfrekwensie van tydskrifte ontleed.

Dit blyk uit tabel 16(a) dat alhoewel die getroudes 78.7 persent van die groep wat minstens een keer per week tydskrifte lees, uitmaak, hulle nogtans onderverteenwoordig is in dié frekwensiegroep, aangesien hulle 83.3 persent van die totale ondersoekgroep uitmaak.

Ons kan aanneem dat die getroudes minder vrye tyd tot hulle beskikking het en daarom dat die belangstelling van getroudes nie so groot is om tydskrifte te lees nie.

By altwee die ander frekwensiegroepe maak die getroudes ook die grootste persentasie uit.

TABEL 16(b)

DIE HUWELIKSTAAT VOLGENS LEESFREKWENSIE VAN TYDSKRIFTE

| Huwelikstaat | Leesfrekwensie | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Een keer of meer per week | | Minder as een keer per week maar minstens een keer per maand | | Minder as een keer per maand of nooit | | TOTAAL | |
| | Getal | % | Getal | % | Getal | % | Getal | % |
| Nooit getroud nie | 13 | 40.6 | 3 | 9.3 | 16 | 50.0 | 32 | 100.0 |
| Getroud | 63 | 33.1 | 20 | 10.5 | 107 | 56.3 | 190 | 100.0 |
| Wewenaar/ Geskei | 4 | 66.6 | 2 | 33.3 | 0 | 0.0 | 6 | 100.0 |
| Totaal | 80 | 35.1 | 25 | 10.9 | 123 | 53.9 | 228 | 100.0 |

Uit tabel 16(b) blyk dat 40.6 persent van die ongetroudes minstens een keer per week tydskrifte gelees het.

© University of Pretoria Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



'n Groter persentasie getroudes as ongetroudes het koerante gelees (tabel 11(b)) terwyl 'n groter persentasie ongetroudes as getroudes tydskrifte gelees het. Dié verskynsel moet heelwaarskynlik daaraan toegeskryf word dat die getroudes se vrye tyd meer beperk is as die van die ongetroudes - gevolglik verkies die getroudes om koerante te lees waar dit hoofsaaklik uit kort nuusbrokkies bestaan. Die ongetroudes het genoeg tyd om die langer artikels en verhale in tydskrifte te lees.

Meer as die helfte van die ongetroudes (50.0%) sowel as die getroudes (56.3%) het minder as een keer per maand, of nooit, tydskrifte gelees nie.

Ongetroudes vertoon dus 'n groter leesfrekwensie vir tydskrifte as getroudes.

## 3. LEES VAN BOEKE

In dié afdeling word die lees van boeke van die ondersoekgroep nader ondersoek.

### a. <u>Inleiding</u>

Soos blyk uit die gegewens het 40 persent van die persone wat boeke lees romans verkies, 33 persent verkies speurverhale en 24 persent reisbeskrywings, terwyl 3 persent ander soorte boeke byvoorbeeld poësie en drama verkies.

Soos blyk uit tabel 6 (bladsy 40) het minder as een-derde van die persone een keer of meer per week boeke gelees. Koerante was dus by ver die gewildste leesstof, waarna tydskrifte en boeke volg. Slegs een-tiende van die proefpersone het minder as een keer per week maar minstens een keer per maand boeke gelees. Meer as die helfte van die ondersoekgroep het verklaar dat hulle nooit boeke lees nie.

© University of Pretoria Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Die finansiële posisie van die Kleurling moet hier nie uit die oog verloor word nie.

b. Ouderdom en die lees van boeke

In tabel 17(a) word die leesfrekwensie van boeke volgens ouderdom en in tabel 17(b) word die ouderdom volgens leesfrekwensie van boeke ontleed.

Volgens tabel 17(a) het die ouderdomsgroep 25 tot 29 jaar 19.3 persent van die totale ondersoekgroep uitgemaak, maar 'n veel hoër persentasie, naamlik 26.0 persent in die frekwensiegroep wat een keer of meer per week boeke lees. Dit dui daarop dat dié ouderdomsgroep gretiger was as die ander ouderdomsgroepe om boeke te lees.

Die hoogste twee ouderdomsgroepe is swakker verteenwoordig in die frekwensiegroep wat minstens een keer per week boeke lees as wat hulle uitmaak van die totale ondersoekgroep. Die belangstelling van die persone bo 40 jaar om boeke te lees, is dus maar klein. As verklaring kan aangevoer word dat die oudste ouderdomsgroep gemiddeld 'n laer standerd op skool geslaag het en gevolglik nie geïnteresseerd is in boeke nie.

Vergelyk ons die leesfrekwensie van koerante met dié van boeke vind ons dat byna twee keer soveel persone koerante gelees het as wat boeke gelees het op minstens een geleentheid per week.

Met veiligheid kan gekonstateer word dat die manlike Kleurlinge van die ondersoekgroep eerder koerante as tydskrifte of boeke gelees het.

Tabel 17(b)/.....

© University of Pretoria Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



TABEL 17(a)

DIE LEESFREKWENSIE VAN BOEKE VOLGENS OUDERDOM

| Leesfrekwensie van boeke | Ouderdom | | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | 18-24 jaar | | 25-29 jaar | | 30-39 jaar | | 40-49 jaar | | 50-59 jaar | | TOTAAL | |
| | Getal | % | Getal | % | Getal | % | Getal | % | Getal | % | Getal | % |
| Een keer of meer per week | 17 | 23.3 | 19 | 26.0 | 24 | 32.9 | 10 | 13.7 | 3 | 4.1 | 73 | 100.0 |
| Minder as een keer per week maar minstens een keer per maand | 4 | 17.4 | 4 | 17.4 | 11 | 47.8 | 4 | 17.4 | 0 | 0.0 | 23 | 100.0 |
| Minder as een keer per maand of nooit | 28 | 21.2 | 21 | 15.9 | 36 | 27.3 | 28 | 21.2 | 19 | 14.4 | 132 | 100.0 |
| Totaal | 49 | 21.5 | 44 | 19.3 | 71 | 31.1 | 42 | 18.4 | 22 | 9.6 | 228 | 100.0 |

© University of Pretoria

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



TABEL 17(b)

DIE OUDERDOM VOLGENS LEESFREKWENSIE VAN BOEKE

| Ouderdom | Leesfrekwensie | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Een keer of meer per week | | Minder as een keer per week maar minstens een keer per maand | | Minder as een keer per maand of nooit | | TOTAAL | |
| | Getal | % | Getal | % | Getal | % | Getal | % |
| 18-24 jaar | 17 | 34.7 | 4 | 8.2 | 28 | 57.1 | 49 | 100.0 |
| 25-29 " | 19 | 43.2 | 4 | 9.1 | 21 | 47.7 | 44 | 100.0 |
| 30-39 " | 24 | 33.8 | 11 | 15.5 | 36 | 50.7 | 71 | 100.0 |
| 40-49 " | 10 | 23.8 | 4 | 9.5 | 28 | 66.7 | 42 | 100.0 |
| 50-59 " | 3 | 13.6 | 0 | 0.0 | 19 | 86.4 | 22 | 100.0 |
| Totaal | 73 | 32.0 | 23 | 10.1 | 132 | 57.9 | 228 | 100.0 |

Uit tabel 17(b) blyk dit dat 43.2 persent van die persone wat minstens een keer per week boeke gelees het tussen 25 en 29 jaar oud was. Die jonger ouderdomsgroep maak 'n kleiner persentasie van die frekwensiegroep uit. 'n Moontlike verklaring is dat dié jonger ouderdomsgroep minder vrye tyd het omdat hulle meer uithuisig is, en dan verkies hulle om eerder koerante en/of tydskrifte te lees aangesien te veel tyd in beslag geneem word om 'n boek te lees.

Met elke ouderdomsgroep vanaf 30 jaar is daar 'n daling in die persentasie persone wat minstens een keer per week boeke lees.

Met die uitsondering van die ouderdomsgroep 25 tot 29 jaar het van al die ander ouderdomsgroepe meer as 50 persent minder as een keer per maand, of nooit, boeke gelees nie.

c. <u>Onderwyspeil en die lees van boeke</u>

In tabel 18(a) word die leesfrekwensie van boeke volgens onderwyspeil en in tabel 18(b) word die onderwyspeil

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

TABEL 18(a)

DIE LEESFREKWENSIE VAN BOEKE VOLGENS ONDERWYSPEIL

| Leesfrekwensie van boeke | Onderwyspeil | | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Geen | | Grade-St.5 | | St.6-St.7 | | St.8 | | St.9-St.10 | | TOTAAL | |
| | Getal | % | Getal | % | Getal | % | Getal | % | Getal | % | Getal | % |
| Een keer of meer per week | 0 | 0.0 | 9 | 12.3 | 35 | 47.9 | 18 | 24.7 | 11 | 15.1 | 73 | 100.0 |
| Minder as een keer per week maar minstens een keer per maand | 0 | 0.0 | 8 | 34.8 | 9 | 39.1 | 4 | 17.4 | 2 | 8.7 | 23 | 100.0 |
| Minder as een keer per maand of nooit | 12 | 9.1 | 67 | 50.8 | 40 | 30.3 | 7 | 5.3 | 6 | 4.5 | 132 | 100.0 |
| Totaal | 12 | 5.3 | 84 | 36.8 | 84 | 36.8 | 29 | 12.7 | 19 | 8.3 | 228 | 100.0 |

© University of Pretoria

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



volgens die leesfrekwensie van boeke ontleed.

Uit tabel 18(a) blyk dit dat net soveel persone van die ondersoekgroep hoogstens standerd vyf geslaag het as wat standerd ses of sewe geslaag het, naamlik 36.8 persent onderskeidelik. Nogtans het dié wat standerd ses of sewe geslaag het byna vier keer soveel uitgemaak as dié wat standerd vyf geslaag het (47.9% teenoor 12.3%) van die frekwensiegroep wat minstens een keer per week boeke gelees het.

Meer as vyftig persent (50.8%) van die frekwensiegroep wat minder as een keer per maand, of nooit, boeke gelees het, het standerd vyf of 'n laer standerd geslaag.

Ons kan verwag dat by persone met 'n laer onderwyspeil die liefde sal ontbreek om boeke te lees.

TABEL 18(b)

DIE ONDERWYSPEIL VOLGENS LEESFREKWENSIE VAN BOEKE

| Onderwys-peil | Leesfrekwensie | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Een keer of meer per week | | Minder as een keer per week maar minstens een keer per maand | | Minder as een keer per maand of nooit | | TOTAAL | |
| | Getal | % | Getal | % | Getal | % | Getal | % |
| Geen | 0 | 0.0 | 0 | 0.0 | 12 | 100.0 | 12 | 100.0 |
| Grade-St.5 | 9 | 10.7 | 8 | 9.5 | 67 | 79.8 | 84 | 100.0 |
| St.6-St.7 | 35 | 41.7 | 9 | 10.7 | 40 | 47.6 | 84 | 100.0 |
| St.8 | 18 | 62.1 | 4 | 13.8 | 7 | 24.1 | 29 | 100.0 |
| St.9-St.10 | 11 | 57.9 | 2 | 10.5 | 6 | 31.6 | 19 | 100.0 |
| Totaal | 73 | 32.0 | 23 | 10.1 | 132 | 57.9 | 228 | 100.0 |

Blykens tabel 18(b) het 62.1 persent van die persone wat standerd agt geslaag het minstens een keer per week boeke gelees. Meer as die helfte van die persone wat standerd nege of tien geslaag het vertoon dieselfde lees-

© University of Pretoria

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



frekwensie. Dit wil dus voorkom asof 'n hoër standerd geslaag as standerd agt, geen verdere styging in die persentasie persone meebring wat minstens een keer per week boeke lees nie.

Byna tagtig persent (79.8%) van die persone wat standerd vyf geslaag het, het minder as een keer per maand, of nooit, boeke gelees nie. Vir alle praktiese doeleindes kan aanvaar word dat 'n groot deel van dié persone nooit boeke lees nie, hoofsaaklik vanweë 'n gebrekkige leeskennis.

Dit wil voorkom asof 'n hoër onderwyspeil 'n gunstige uitwerking op die lees van boeke het.

d. <u>Maandelikse inkomste en die lees van boeke</u>

In tabel 19(a) word die leesfrekwensie van boeke volgens die maandelikse inkomste en in tabel 19(b) word die maandelikse inkomste volgens die leesfrekwensie van boeke ontleed.

Blykens tabel 19(a) het die persone met 'n maandelikse inkomste van R80 tot R124 per maand, 'n veel hoër persentasie uitgemaak (24.7%) in die frekwensiegroep wat minstens een keer per week boeke lees, as wat hulle van die totale ondersoekgroep uitmaak (17.1%).

Die grootste enkele persentasie in die frekwensiegroep wat minstens een keer per week boeke lees, naamlik 49.3 persent, is persone wat tussen R40 en R79 per maand verdien. Dié inkomstegroep lewer ook die hoogste persentasies in die volgende twee frekwensiegroepe.

In al die frekwensiegroepe maak die persone met 'n maandelikse inkomste van tussen R40 en R79 per maand die grootste persentasie uit.

© University of Pretoria Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

TABEL 19(a)

DIE LEESFREKWENSIE VAN BOEKE VOLGENS MAANDELIKSE INKOMSTE

| Leesfrekwensie van boeke | Maandelikse inkomste | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | -R40 | | R40-R79 | | R80-R124 | | R125+ | | TOTAAL | |
| | Getal | % | Getal | % | Getal | % | Getal | % | Getal | % |
| Een keer of meer per week | 13 | 17.8 | 36 | 49.3 | 18 | 24.7 | 6 | 8.2 | 73 | 100.0 |
| Minder as een keer per week maar minstens een keer per maand | 4 | 17.4 | 11 | 47.8 | 6 | 26.1 | 2 | 8.7 | 23 | 100.0 |
| Minder as een keer per maand of nooit | 48 | 36.4 | 63 | 47.7 | 15 | 11.4 | 6 | 4.5 | 132 | 100.0 |
| Totaal | 65 | 28.5 | 110 | 48.2 | 39 | 17.1 | 14 | 6.1 | 228 | 100.0 |



© University of Pretoria

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



TABEL 19(b)

DIE MAANDELIKSE INKOMSTE VOLGENS LEESFREKWENSIE VAN BOEKE

| Maandelikse inkomste | Leesfrekwensie | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Een keer of meer per week | | Minder as een keer per week maar minstens een keer per maand | | Minder as een keer per maand of nooit | | TOTAAL | |
| | Getal | % | Getal | % | Getal | % | Getal | % |
| -R40 | 13 | 20.0 | 4 | 6.2 | 48 | 73.8 | 65 | 100.0 |
| R40-R79 | 36 | 32.7 | 11 | 10.0 | 63 | 57.3 | 110 | 100.0 |
| R80-R124 | 18 | 46.2 | 6 | 15.4 | 15 | 38.5 | 39 | 100.0 |
| R125+ | 6 | 42.9 | 2 | 14.2 | 6 | 42.9 | 14 | 100.0 |
| Totaal | 73 | 32.0 | 23 | 10.1 | 132 | 57.9 | 228 | 100.0 |

Soos blyk uit tabel 19(b) was daar 'n styging in die persentasie persone wat minstens een keer per week boeke lees namate die maandelikse inkomste hoër geword het, behalwe by die hoogste inkomstegroep waar weer 'n daling in die persentasie ingetree het.

Van die twee laagste inkomstegroepe het meer as vyftig persent onderskeidelik minder as een keer per maand, of nooit, boeke gelees nie.

In teenstelling met die lees van koerante en tydskrifte, het die hoogste inkomstegroep geen voortgesette styging in die persentasie persone getoon wat minstens een keer per week boeke gelees het nie. Blykbaar het dié persone nie tyd om boeke te lees nie.

Dit wil voorkom asof 'n hoër inkomste 'n gunstige uitwerking op die lees van boeke het.

Tabel 20(a)/.....

© University of Pretoria

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

TABEL 20(a)

DIE LEESFREKWENSIE VAN BOEKE VOLGENS BEROEP

| Leesfrekwensie van boeke | Beroep | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Professionele werkers | | Semi-professionele werkers | | Arbeiders | | Selfgeëmplojeerdes | | TOTAAL | |
| | Getal | % | Getal | % | Getal | % | Getal | % | Getal | % |
| Een keer of meer per week | 6 | 8.2 | 11 | 15.1 | 50 | 68.5 | 6 | 8.2 | 73 | 100.0 |
| Minder as een keer per week maar minstens een keer per maand | 0 | 0.0 | 4 | 17.4 | 19 | 82.6 | 0 | 0.0 | 23 | 100.0 |
| Minder as een keer per maand of nooit | 3 | 2.3 | 15 | 11.4 | 100 | 75.8 | 14 | 10.6 | 132 | 100.0 |
| Totaal | 9 | 3.9 | 30 | 13.2 | 169 | 74.1 | 20 | 8.8 | 228 | 100.0 |



© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



e. Beroep en die lees van boeke

In tabel 20(a) word die leesfrekwensie van boeke volgens beroep en in tabel 20(b) word die beroep volgens die leesfrekwensie van boeke ontleed.

Soos blyk uit tabel 20(a) het die arbeiders die grootste persentasie in elke frekwensiegroep uitgemaak. Alhoewel die arbeiders 68.5 persent uitmaak van die persone wat minstens een keer per week boeke lees, is dié persentasie kleiner as die persentasie wat hulle van die totale ondersoekgroep uitmaak, naamlik 74.1 persent.

TABEL 20(b)

DIE BEROEP VOLGENS LEESFREKWENSIE VAN BOEKE

| Beroep | Leesfrekwensie: Een keer of meer per week | | Minder as een keer per week maar minstens een keer per maand | | Minder as een keer per maand of nooit | | TOTAAL | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Getal | % | Getal | % | Getal | % | Getal | % |
| Professionele werkers | 6 | 66.7 | 0 | 0.0 | 3 | 33.3 | 9 | 100.0 |
| Semi-professionele werkers | 11 | 36.7 | 4 | 13.3 | 15 | 50.0 | 30 | 100.0 |
| Arbeiders | 50 | 29.6 | 19 | 11.2 | 100 | 59.2 | 169 | 100.0 |
| Selfgeëmplojeerdes | 6 | 30.0 | 0 | 0.0 | 14 | 70.0 | 20 | 100.0 |
| Totaal | 73 | 32.0 | 23 | 10.1 | 132 | 57.9 | 228 | 100.0 |

Volgens tabel 20(b) het die hoogste persentasie persone (66.7%) wat minstens een keer per week boeke gelees het, van die professionele werkers gekom. Van die arbeiders het die kleinste persentasie, naamlik 29.6 persent, dieselfde leesfrekwensie vertoon.

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Die hoër persentasie professionele werkers moet aan hulle hoër onderwyspeil en inkomste toegeskryf word, terwyl die lae persentasie by die arbeiders op 'n gebrek aan onderwys en lae inkomste dui.

Vyftig persent van die semi-professionele werkers, en meer van die arbeiders (59.2%) en van die selfgeëmplojeerdes (70.0%) het minder as een keer per maand, of nooit, boeke gelees nie.

Indien ons die beroepe rangskik in order van belangrikheid van die persentasie persone wat minstens een keer per week boeke lees, kry ons dieselfde volgorde as by die lees van koerante vir die ooreenstemmende tabel.

Hier kan ons gevolglik ook beweer dat die persone uit die hoër beroepsgroepe meer dikwels boeke lees.

f. Huwelikstaat en die lees van boeke

In tabel 21(a) word die leesfrekwensie van boeke volgens huwelikstaat en in tabel 21(b) word die huwelikstaat volgens leesfrekwensie van boeke ontleed.

Volgens tabel 21(a) het die getroudes 82.2 persent uitgemaak van die persone wat minstens een keer per week boeke gelees het, soos hullè ook die grootste persentasies uitmaak van die ander twee frekwensiegroepe.

Die tabel se gegewens vertoon dieselfde tendense as die ooreenstemmende tabelle vir die lees van koerante en tydskrifte, naamlik dat die getroudes die grootste persentasie in elke frekwensiegroep uitmaak.

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



TABEL 21(a)

DIE LEESFREKWENSIE VAN BOEKE VOLGENS HUWELIKSTAAT

| Leesfrekwensie van boeke | Huwelikstaat | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Nooit getroud nie | | Getroud | | Wewenaar/Geskei | | TOTAAL | |
| | Getal | % | Getal | % | Getal | % | Getal | % |
| Een keer of meer per week | 10 | 13.7 | 60 | 82.2 | 3 | 4.1 | 73 | 100.0 |
| Minder as een keer per week maar minstens een keer per maand | 2 | 8.7 | 20 | 87.0 | 1 | 4.3 | 23 | 100.0 |
In hierdie hoofstuk word die aflê en ontvang van besoek bespreek. Benewens die frekwensie van aflê en ontvang van besoek word die invloed van ouderdom, onderwyspeil, inkomste, beroep en huwelikstaat ook bespreek.

### 1. DIE AFLÊ VAN BESOEK

#### a. Inleiding

Uit die gegewens verstrek deur die ondersoekgroep blyk dit dat die grootste persentasie besoeke afgelê word by vriende en baie minder by familie.

#### b. Die aflê en ontvang van besoek

In tabel 34 word die aflê en ontvang van besoek ontleed.

Dit blyk uit die gegewens van tabel 34 dat 73.3 persent van die ondersoekgroep minstens een keer per week besoek afgelê het, 24.1 persent het minstens een keer per maand, 1.3 persent het minder as een keer per maand en 1.3 persent het verklaar dat hulle nooit besoek aflê nie.

#### c. Ouderdom en aflê van besoek

In tabel 35(a) word die frekwensie van besoek aflê volgens ouderdom en in tabel 35(b) die ouderdom volgens frekwensie van die aflê van besoek ontleed.

© University of Pretoria Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



TABEL 34

DIE AFLÊ EN ONTVANG VAN BESOEK

| | Frekwensie | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Op een of meer dae per week | | Op minder as een dag per week maar minstens op een dag per maand | | Op minder as een dag per maand | | Nooit | | TOTAAL | |
| | Getal | % | Getal | % | Getal | % | Getal | % | Getal | % |
| Besoeke afgelê | 168 | 73.3 | 55 | 24.1 | 2 | 1.3 | 3 | 1.3 | 228 | 100.0 |
| Besoeke ontvang | 159 | 69.7 | 63 | 27.6 | 3 | 1.3 | 3 | 1.3 | 228 | 100.0 |

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

TABEL 35(a)

DIE FREKWENSIE VAN BESOEK AFLÊ VOLGENS OUDERDOM

| Frekwensie van besoek aflê | Ouderdom | | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | 18-24 jaar | | 25-29 jaar | | 30-39 jaar | | 40-49 jaar | | 50-59 jaar | | TOTAAL | |
| | Getal | % | Getal | % | Getal | % | Getal | % | Getal | % | Getal | % |
| Op een of meer dae per week | 43 | 25.6 | 36 | 21.4 | 56 | 33.3 | 23 | 13.7 | 10 | 6.0 | 168 | 100.0 |
| Op minder as een dag per week maar minstens op een dag per maand | 6 | 11.0 | 8 | 14.5 | 15 | 27.3 | 17 | 30.9 | 9 | 16.4 | 55 | 100.0 |
| Op minder as een dag per maand of nooit | 0 | 0.0 | 0 | 0.0 | 0 | 0.0 | 2 | 40.0 | 3 | 60.0 | 5 | 100.0 |
| Totaal | 49 | 21.5 | 44 | 19.3 | 71 | 31.1 | 42 | 18.4 | 22 | 9.6 | 228 | 100.0 |



© University of Pretoria

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Volgens tabel 35(a) is 33.3 persent en 25.6 persent van die persone wat minstens een keer per week besoek aflê tussen 30 en 39 en 18 en 24 jaar oud.

Van die persone wat minstens een keer per maand besoek aflê, was 30.9 persent tussen 40 en 49 en 27.3 persent tussen 30 en 39 jaar.

Die getalle in die laaste frekwensiegroep is te klein vir enige betroubare afleiding.

TABEL 35(b)

DIE OUDERDOM VOLGENS FREKWENSIE VAN BESOEK AFLÊ

| Ouderdom | Frekwensie | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Op een of meer dae per week | | Op minder as een dag per week maar minstens op een dag per maand | | Op minder as een dag per maand of nooit | | TOTAAL | |
| | Getal | % | Getal | % | Getal | % | Getal | % |
| 18-24 jaar | 43 | 87.8 | 6 | 12.2 | 0 | 0.0 | 49 | 100.0 |
| 25-29 jaar | 36 | 81.8 | 8 | 18.2 | 0 | 0.0 | 44 | 100.0 |
| 30-39 jaar | 56 | 78.9 | 15 | 21.1 | 0 | 0.0 | 71 | 100.0 |
| 40-49 jaar | 23 | 54.8 | 17 | 40.5 | 2 | 4.8 | 42 | 100.0 |
| 50-59 jaar | 10 | 45.5 | 9 | 40.9 | 3 | 13.6 | 22 | 100.0 |
| Totaal | 168 | 73.7 | 55 | 24.1 | 5 | 2.2 | 228 | 100.0 |

Uit tabel 35(b) blyk dat namate die ouderdom hoër word, daal die persentasie wat op een of meer dae per week besoek aflê. Daar moet verder gelet word op veral die hoë persentasie by die jongste ouderdomsgroep wat minstens op een dag per week besoek aflê. Veral by die laaste twee ouderdomsgroepe was 'n skerp daling in die persentasies waar te neem.

Meer as 40 persent van die ouderdomsgroep 40 tot 49 jaar en 50 tot 59 jaar lê minstens een keer per maand besoek af.

© University of Pretoria Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



TABEL 36(a)

DIE FREKWENSIE VAN BESOEK AFLÊ VOLGENS ONDERWYSPEIL

| Frekwensie van besoek aflê | Onderwyspeil | | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Geen | | Grade-St.5 | | St.6-St.7 | | St.8 | | St.9-St.10 | | TOTAAL | |
| | Getal | % | Getal | % | Getal | % | Getal | % | Getal | % | Getal | % |
| Op een of meer dae per week | 5 | 3.0 | 59 | 35.1 | 61 | 36.3 | 26 | 15.5 | 17 | 10.1 | 168 | 100.0 |
| Op minder as een dag per week maar minstens op een dag per maand | 6 | 11.0 | 23 | 41.8 | 21 | 38.2 | 3 | 5.5 | 2 | 3.6 | 55 | 100.0 |
| Op minder as een dag per maand of nooit | 1 | 20.0 | 2 | 40.0 | 2 | 40.0 | 0 | 0.0 | 0 | 0.0 | 5 | 100.0 |
| Totaal | 12 | 5.3 | 84 | 36.8 | 84 | 36.8 | 29 | 12.7 | 19 | 8.3 | 228 | 100.0 |

© University of Pretoria

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Dit blyk duidelik uit dié tabel dat dit die jonger persone is wat baie besoek aflê. Die verklaring hiervoor is dat die ouer persone meer verpligtinge tuis het en dat die begeerte om te kuier ook by hulle ontbreek.

d. <u>Onderwyspeil en die aflê van besoek</u>

In tabel 36(a) word die frekwensie van besoek aflê volgens onderwyspeil en in tabel 36(b) word die onderwyspeil volgens frekwensie van besoek aflê, ontleed.

Dit blyk uit tabel 36(a) dat die persone wat van die grade tot standerd vyf en standerd ses of sewe geslaag het, die grootste persentasies uitmaak van al die frekwensiegroepe.

TABEL 36(b)
DIE ONDERWYSPEIL VOLGENS FREKWENSIE VAN BESOEK AFLÊ

| Onderwyspeil | Frekwensie: Op een of meer dae per week | | Op minder as een dag per week maar minstens op een dag per maand | | Op minder as een dag per maand of nooit | | TOTAAL | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Getal | % | Getal | % | Getal | % | Getal | % |
| Geen | 5 | 41.7 | 6 | 50.0 | 1 | 8.3 | 12 | 100.0 |
| Grade-St.5 | 59 | 70.2 | 23 | 27.4 | 2 | 2.4 | 84 | 100.0 |
| St.6-St.7 | 61 | 72.6 | 21 | 25.0 | 2 | 2.4 | 84 | 100.0 |
| St.8 | 26 | 89.6 | 3 | 10.3 | 0 | 0.0 | 29 | 100.0 |
| St.9-St.10 | 17 | 89.6 | 2 | 10.5 | 0 | 0.0 | 19 | 100.0 |
| Totaal | 168 | 73.7 | 55 | 24.1 | 5 | 2.2 | 228 | 100.0 |

Dit blyk duidelik uit tabel 36(b) dat namate die onderwyspeil hoër word, word die persentasie persone wat op een of meer dae per week besoek aflê ook hoër, sodat byna negentig persent van die persone wat standerd agt, standerd nege of tien geslaag het, minstens op een dag per week besoek aflê.

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

TABEL 37(a)

DIE FREKWENSIE VAN BESOEK AFLÊ VOLGENS MAANDELIKSE INKOMSTE

| Frekwensie van besoek aflê | Maandelikse inkomste | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | -R40 | | R40-R79 | | R80-R124 | | R125+ | | TOTAAL | |
| | Getal | % | Getal | % | Getal | % | Getal | % | Getal | % |
| Op een of meer dae per week | 47 | 28.0 | 87 | 51.8 | 26 | 15.5 | 8 | 4.8 | 168 | 100.0 |
| Op minder as een dag per week maar minstens op een dag per maand | 16 | 29.1 | 23 | 41.8 | 13 | 23.6 | 3 | 5.5 | 55 | 100.0 |
| Op minder as een dag per maand of nooit | 2 | 40.0 | 0 | 0.0 | 0 | 0.0 | 3 | 60.0 | 5 | 100.0 |
| Totaal | 65 | 28.5 | 110 | 48.2 | 39 | 17.1 | 14 | 6.1 | 228 | 100.0 |



© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



'n Hoër standerd geslaag het dus 'n gunstige uitwerking op die persentasie persone wat meer dikwels besoek aflê.

e. Inkomste en die aflê van besoek

In tabel 37(a) word die frekwensie van besoek aflê volgens maandelikse inkomste en in tabel 37(b) die maandelikse inkomste volgens frekwensie van besoek aflê, ontleed.

Dit blyk uit tabel 37(a) dat meer as die helfte (51.8%) van die persone wat minstens een keer per week besoek aflê, tussen R40 en R79 per maand verdien.

Dieselfde inkomstegroep maak ook die grootste persentasie uit van die frekwensiegroep wat minstens een keer per maand besoek aflê.

Die getalle is te klein by die laaste frekwensiegroep om enige afleidings te regverdig.

TABEL 37(b)

DIE MAANDELIKSE INKOMSTE VOLGENS FREKWENSIE VAN BESOEK AFLÊ

| Maandelikse inkomste | Frekwensie | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Op een dag of meer per week | | Op minder as een dag per week maar minstens op een dag per maand | | Op minder as een dag per maand of nooit | | TOTAAL | |
| | Getal | % | Getal | % | Getal | % | Getal | % |
| -R40 | 47 | 72.3 | 16 | 24.6 | 2 | 3.1 | 65 | 100.0 |
| R40-R79 | 87 | 79.1 | 23 | 20.9 | 0 | 0.0 | 110 | 100.0 |
| R80-R124 | 26 | 66.7 | 13 | 33.3 | 0 | 0.0 | 39 | 100.0 |
| R125+ | 8 | 57.1 | 3 | 21.4 | 3 | 21.4 | 14 | 100.0 |
| Totaal | 168 | 73.7 | 55 | 24.1 | 5 | 2.2 | 228 | 100.0 |

Volgens tabel 37(b) het die persone met 'n maandelikse inkomste van tussen R40 en R79 per maand die grootste persentasie van al die inkomstegroepe uitgemaak in die

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



frekwensiegroep wat op een of meer dae per week besoek aflê. By die hoër inkomstegroepe het 'n skerp daling in die persentasies ingetree, sodat 'n kleiner persentasie van die hoogste inkomstegroep as van die laagste inkomstegroep op een of meer dae per week besoek aflê.

'n Derde van die inkomstegroep R80 tot R124 per maand lê op minder as een dag per week maar minstens op een dag per maand besoek af.

Blykbaar het die persone uit die hoogste inkomstegroepe minder vrye tyd, of anders mag hulle verkies om slegs by persone van ongeveer gelyke sosiale status besoek af te lê. Omdat daar nie baie persone is by wie hulle besoek kan gaan aflê nie, verminder die aflê van besoeke gevolglik baie.

f. Beroep en die aflê van besoek

In tabel 38(a) word die frekwensie van besoek aflê volgens beroep en in tabel 38(b) die beroep volgens frekwensie van besoek aflê, ontleed.

Uit tabel 38(a) blyk dit dat die arbeiders meer as sewentig persent uitmaak van sowel die frekwensiegroep wat minstens een keer per week, asook van die wat minstens een keer per maand besoek aflê.

Die arbeiders maak in elk geval die grootste persentasie uit van die ondersoekgroep.

Tabel 38(a)/.....

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



TABEL 38(a)

DIE FREKWENSIE VAN BESOEK AFLÊ VOLGENS BEROEP

| Frekwensie van besoek aflê | Beroep | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Professionele werkers | | Semi-professionele werkers | | Arbeiders | | Selfgeëmplojeerdes | | TOTAAL | |
| | Getal | % | Getal | % | Getal | % | Getal | % | Getal | % |
| Op een of meer dae per week | 7 | 4.2 | 21 | 12.4 | 126 | 75.0 | 14 | 8.4 | 168 | 100.0 |
| Op minder as een dag per week maar minstens op een dag per maand | 1 | 1.8 | 9 | 16.4 | 39 | 70.9 | 6 | 11.0 | 55 | 100.0 |
| Op minder as een dag per maand of nooit | 1 | 20.0 | 0 | 0.0 | 4 | 80.0 | 0 | 0.0 | 5 | 100.0 |
| Totaal | 9 | 3.9 | 30 | 13.2 | 169 | 74.1 | 20 | 8.8 | 228 | 100.0 |

© University of Pretoria

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



TABEL 38(b)

DIE BEROEP VOLGENS FREKWENSIE VAN BESOEK AFLÊ

| Beroep | Frekwensie | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Op een of meer dae per week | | Op minder as een dag per week maar minstens op een dag per maand | | Op minder as een dag per maand of nooit | | TOTAAL | |
| | Getal | % | Getal | % | Getal | % | Getal | % |
| Professionele werkers | 7 | 77.8 | 1 | 11.1 | 1 | 11.1 | 9 | 100.0 |
| Semi-professionele werkers | 21 | 70.0 | 9 | 30.0 | 0 | 0.0 | 30 | 100.0 |
| Arbeiders | 126 | 74.6 | 39 | 23.1 | 4 | 2.4 | 169 | 100.0 |
| Selfgeëmplojeerdes | 14 | 70.0 | 6 | 30.0 | 0 | 0.0 | 20 | 100.0 |
| Totaal | 168 | 73.7 | 55 | 24.1 | 5 | 2.2 | 228 | 100.0 |

Soos blyk uit tabel 38(b) lê meer as sewentig persent van elke beroepsgroep op een of meer dae per week besoek af.

Van die semi-professionele werkers asook van die selfgeëmplojeerdes lê 30 persent elk op minder as een dag per week maar minstens op een dag per maand besoek af.

g. <u>Huwelikstaat en die aflê van besoek</u>

In tabel 39(a) word die frekwensie van besoek aflê volgens huwelikstaat en in tabel 39(b) die huwelikstaat volgens frekwensie van die aflê van besoek ontleed.

Volgens tabel 39(a) maak die getroude persone die oorweldigende persentasie uit van elke frekwensiegroep.

Die ongetroude persone is oorverteenwoordig in die frekwensiegroep wat minstens een keer per week besoek aflê,

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



TABEL 39(a)

DIE FREKWENSIE VAN BESOEK AFLÊ VOLGENS HUWELIKSTAAT

| Frekwensie van besoek aflê | Huwelikstaat | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Nog nooit getroud nie | | Getroud | | Wewenaar/ Geskei | | TOTAAL | |
| | Getal | % | Getal | % | Getal | % | Getal | % |
| Op een of meer dae per week | 31 | 18.5 | 133 | 79.2 | 4 | 2.4 | 168 | 100.0 |
| Op minder as een dag per week maar minstens op een dag per maand | 1 | 1.8 | 53 | 96.4 | 1 | 1.8 | 55 | 100.0 |
| Op minder as een dag per maand of nooit | 0 | 0.0 | 4 | 80.0 | 1 | 20.0 | 5 | 100.0 |
| Totaal | 32 | 14.0 | 190 | 83.3 | 6 | 2.6 | 228 | 100.0 |

© University of Pretoria

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



wat daarop dui dat die ongetroudes in groter getalle en meer dikwels besoek aflê.

TABEL 39(b)
DIE HUWELIKSTAAT VOLGENS FREKWENSIE VAN BESOEK AFLÊ

| Huwelikstaat | Frekwensie | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Op een of meer dae per week | | Op minder as een dag per week maar minstens op een dag per maand | | Op minder as een dag per maand of nooit | | TOTAAL | |
| | Getal | % | Getal | % | Getal | % | Getal | % |
| Nooit getroud nie | 31 | 96.9 | 1 | 3.1 | 0 | 0.0 | 32 | 100.0 |
| Getroud | 133 | 70.0 | 53 | 27.9 | 4 | 2.1 | 190 | 100.0 |
| Wewenaar/ Geskei | 4 | 66.6 | 1 | 16.7 | 1 | 16.7 | 6 | 100.0 |
| Totaal | 168 | 73.7 | 55 | 24.1 | 5 | 2.2 | 228 | 100.0 |

Uit tabel 39(b) blyk dit dat van die ongetroude persone 96.9 persent op een of meer dae per week besoek aflê. Die persentasie getroude persone met dieselfde frekwensie, is veel kleiner.

Die ongetroude persone is sterk oorverteenwoordig in die frekwensiegroep wat minstens een keer per week besoek aflê. Die afleiding kan gemaak word dat die ongetroude persone baie meer besoek aflê as die getroudes.

## 2. BESOEK ONTVANG

In die afdeling sal vervolgens gelet word op die frekwensie van besoek ontvang asook op faktore wat dit beïnvloed.

### a. Inleiding

Volgens tabel 34 ontvang 69.7 persent van die steekproef op een of meer dae per week besoek, 27.6 persent op

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



minder as een dag per week maar minstens op een dag per maand, 1.3 persent op minder as een dag per maand en 1.3 persent ontvang nooit besoek nie.

Die grootste persentasie besoek wat ontvang word, is van vriende en minder van familie.

b. Ouderdom en die ontvang van besoek

In tabel 40(a) word die frekwensie van besoek ontvang volgens ouderdom en in tabel 40(b) die ouderdom volgens frekwensie van besoek ontvang, ontleed.

Uit tabel 40(a) blyk dit dat die ouderdomsgroep 30 tot 39 die grootste persentasie (32.7%) uitmaak van die frekwensiegroep wat minstens een keer per week besoek ontvang. Die jongste ouderdomsgroep maak 24.5 persent uit van dieselfde frekwensiegroep.

Van die frekwensiegroep wat minstens een keer per maand besoek ontvang maak die persone tussen 30 en 39 jaar die grootste persentasie (30.2%) uit, gevolg deur dié tussen 40 en 49 jaar met 28.6 persent.

Die ouderdomsgroep 30 tot 39 jaar maak in elk geval die grootste persentasie van die steekproef uit.

Tabel 40(a)/.....

© University of Pretoria Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



TABEL 40(a)

DIE FREKWENSIE VAN BESOEK ONTVANG VOLGENS OUDERDOM

| Frekwensie van besoek ontvang | Ouderdom | | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | 18-24 jaar | | 25-29 jaar | | 30-39 jaar | | 40-49 jaar | | 50-59 jaar | | TOTAAL | |
| | Getal | % | Getal | % | Getal | % | Getal | % | Getal | % | Getal | % |
| Een keer of meer per week | 39 | 24.5 | 33 | 20.8 | 52 | 32.7 | 21 | 13.2 | 14 | 8.8 | 159 | 100.0 |
| Minder as een keer per week maar minstens een keer per maand | 10 | 15.9 | 10 | 15.9 | 19 | 30.2 | 18 | 28.6 | 6 | 9.5 | 63 | 100.0 |
| Minder as een keer per maand of nooit | 0 | 0.0 | 1 | 16.7 | 0 | 0.0 | 3 | 50.0 | 2 | 33.3 | 6 | 100.0 |
| Totaal | 49 | 21.5 | 44 | 19.3 | 71 | 31.1 | 42 | 18.4 | 22 | 9.6 | 228 | 100.0 |

© University of Pretoria

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



TABEL 40(b)
DIE OUDERDOM VOLGENS FREKWENSIE VAN BESOEK ONTVANG

| Ouderdom | Frekwensie | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Een keer of meer per week | | Minder as een keer per week maar minstens een keer per maand | | Minder as een keer per maand of nooit | | TOTAAL | |
| | Getal | % | Getal | % | Getal | % | Getal | % |
| 18-24 jaar | 39 | 79.6 | 10 | 20.4 | 0 | 0.0 | 49 | 100.0 |
| 25-29 jaar | 33 | 75.0 | 10 | 22.7 | 1 | 2.3 | 44 | 100.0 |
| 30-39 jaar | 52 | 73.2 | 19 | 26.8 | 0 | 0.0 | 71 | 100.0 |
| 40-49 jaar | 21 | 50.0 | 18 | 42.9 | 3 | 7.1 | 42 | 100.0 |
| 50-59 jaar | 14 | 63.6 | 6 | 27.3 | 2 | 9.1 | 22 | 100.0 |
| Totaal | 159 | 69.7 | 63 | 27.6 | 6 | 2.6 | 228 | 100.0 |

Volgens tabel 40(b) blyk dit dat namate die ouderdom hoër word, word die persentasie persone van die besondere ouderdomsgroep wat een keer of meer per week besoek ontvang, kleiner. By die hoogste ouderdomsgroep is daar egter weer 'n styging in die persentasie wat daarop dui dat die ouer persone meer besoek ontvang.

Van die ouderdomsgroep 40 tot 49 jaar ontvang 42.9 persent minder as een keer per week maar minstens een keer per maand besoek.

Die tendens wat waargeneem is by die aflê van besoek stem ooreen met die tendens met betrekking tot besoek ontvang, behalwe dat die ouderdomsgroep 50 tot 59 jaar afwyk deurdat hulle meer besoek ontvang as die jonger ouderdomsgroep.

c. <u>Onderwyspeil en die ontvang van besoek</u>

In tabel 41(a) word die frekwensie van besoek ontvang volgens onderwyspeil en in tabel 41(b) die onderwyspeil volgens frekwensie van besoek ontvang, ontleed.

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



TABEL 41(a)

DIE FREKWENSIE VAN BESOEK ONTVANG VOLGENS ONDERWYSPEIL

| Frekwensie van besoek ontvang | Onderwyspeil | | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Geen | | Grade-St.5 | | St.6-St.7 | | St.8 | | St.9-St.10 | | TOTAAL | |
| | Getal | % | Getal | % | Getal | % | Getal | % | Getal | % | Getal | % |
| Een keer of meer per week | 5 | 3.1 | 53 | 33.3 | 60 | 37.7 | 25 | 15.7 | 16 | 10.1 | 159 | 100.0 |
| Minder as een keer per week maar minstens een keer per maand | 4 | 6.3 | 29 | 46.0 | 23 | 36.5 | 4 | 6.3 | 3 | 4.8 | 63 | 100.0 |
| Minder as een keer per maand of nooit | 3 | 50.0 | 2 | 33.3 | 1 | 16.7 | 0 | 0.0 | 0 | 0.0 | 6 | 100.0 |
| Totaal | 12 | 5.3 | 84 | 36.8 | 84 | 36.8 | 29 | 12.7 | 19 | 8.3 | 228 | 100.0 |

© University of Pretoria

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Volgens tabel 41(a) blyk dit dat die persone wat hoogstens standerd vyf of standerd ses of sewe geslaag het elk minstens 'n derde van die frekwensiegroep wat minstens een keer per week besoek ontvang, uitmaak.

Die persone wat hoogstens standerd vyf geslaag het maak 46.0 persent uit van die frekwensiegroep wat minstens een keer per maand besoek ontvang.

Die persone wat hoogstens standerd vyf of standerd ses of sewe geslaag het maak die grootste persentasies uit van die steekproef.

TABEL 41(b)
DIE ONDERWYSPEIL VOLGENS FREKWENSIE VAN BESOEK ONTVANG

| Onderwyspeil | Frekwensie | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Een keer of meer per week | | Minder as een keer per week maar minstens een keer per maand | | Minder as een keer per maand of nooit | | TOTAAL | |
| | Getal | % | Getal | % | Getal | % | Getal | % |
| Geen | 5 | 41.7 | 4 | 33.3 | 3 | 25.0 | 12 | 100.0 |
| Grade-St.5 | 53 | 63.1 | 29 | 34.5 | 2 | 2.4 | 84 | 100.0 |
| St.6-St.7 | 60 | 71.4 | 23 | 27.4 | 1 | 1.2 | 84 | 100.0 |
| St.8 | 25 | 86.2 | 4 | 13.8 | 0 | 0.0 | 29 | 100.0 |
| St.9-St.10 | 16 | 84.2 | 3 | 15.8 | 0 | 0.0 | 19 | 100.0 |
| Totaal | 159 | 69.7 | 63 | 27.6 | 6 | 2.6 | 228 | 100.0 |

Blykens tabel 41(b) ontvang daar, namate die onderwyspeil hoër word, 'n groter persentasie proefpersone een keer of meer per week besoek, behalwe by die hoogste onderwyspeilgroep waar weer 'n geringe daling intree.

Dit is opvallend dat die persentasie persone wat standerd nege of tien geslaag het en een keer of meer per week besoek ontvang, meer as dubbeld die persentasie is van die persone wat geen standerd geslaag het nie. Daar is dus

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



'n verband tussen die standerd geslaag en die besoek ontvang. Dié gegewens stem ooreen met die gegewens van tabel 36(b).

As verklaring kan genoem word dat die persone met 'n hoër skoolopleiding nie alleen 'n beter beroep met 'n hoër inkomste het nie, maar dat hulle boonop 'n besiger sosiale lewe sal voer en dat hulle dus meer dikwels besoek sal ontvang en aflê.

Die tendens van besoek aflê stem ooreen met die tendens van besoek ontvang.

d. Inkomste en die ontvang van besoek

In tabel 42(a) word die frekwensie van besoek ontvang volgens maandelikse inkomste en in tabel 42(b) die maandelikse inkomste volgens frekwensie van besoek ontvang, ontleed.

Uit tabel 42(a) blyk dat die inkomstegroep onder R40 per maand onderverteenwoordig is en die inkomstegroep R40 tot R79 per maand weer oorverteenwoordig is in die frekwensiegroep wat een keer of meer per week besoek ontvang.

Dié gegewens dui daarop dat die persone uit die inkomstegroep onder R40 per maand min besoek ontvang, terwyl die persone uit die inkomstegroep R40 tot R79 per maand baie besoek ontvang.

Die persone uit die laagste inkomstegroep voer dus 'n minder besige sosiale lewe.

Van die frekwensiegroep wat minstens een keer per maand besoek ontvang, maak die inkomstegroepe onder R40 en R40 tot R79 per maand elk 41.3 persent uit.

© University of Pretoria Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

TABEL 42(a)

DIE FREKWENSIE VAN BESOEK ONTVANG VOLGENS MAANDELIKSE INKOMSTE

| Frekwensie van besoek ontvang | Maandelikse inkomste | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | -R40 | | R40-R79 | | R80-R124 | | R125+ | | TOTAAL | |
| | Getal | % | Getal | % | Getal | % | Getal | % | Getal | % |
| Een keer of meer per week | 37 | 23.3 | 83 | 52.2 | 29 | 18.2 | 10 | 6.3 | 159 | 100.0 |
| Minder as een keer per week maar minstens een keer per maand | 26 | 41.3 | 26 | 41.3 | 8 | 12.7 | 3 | 4.8 | 63 | 100.0 |
| Minder as een keer per maand of nooit | 2 | 33.3 | 1 | 16.7 | 2 | 33.3 | 1 | 16.7 | 6 | 100.0 |
| Totaal | 65 | 28.5 | 110 | 48.2 | 39 | 17.1 | 14 | 6.1 | 228 | 100.0 |



© University of Pretoria

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



TABEL 42(b)

DIE MAANDELIKSE INKOMSTE VOLGENS FREKWENSIE VAN BESOEK ONTVANG

| Maandelikse inkomste | Frekwensie | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Een keer of meer per week | | Minder as een keer per week maar minstens een keer per maand | | Minder as een keer per maand of nooit | | TOTAAL | |
| | Getal | % | Getal | % | Getal | % | Getal | % |
| -R40 | 37 | 56.9 | 26 | 40.0 | 2 | 3.1 | 65 | 100.0 |
| R40-R79 | 83 | 75.5 | 26 | 23.6 | 1 | 0.9 | 110 | 100.0 |
| R80-R124 | 29 | 74.4 | 8 | 20.5 | 2 | 5.1 | 39 | 100.0 |
| R125+ | 10 | 71.4 | 3 | 21.4 | 1 | 7.1 | 14 | 100.0 |
| Totaal | 159 | 69.7 | 63 | 27.6 | 6 | 2.6 | 228 | 100.0 |

Tabel 42(b) toon aan dat meer as 'n driekwart van die persone wat tussen R40 en R79 per maand verdien, een keer of meer per week besoek ontvang. Uit die twee hoër inkomstegroepe het kleiner persentasies dieselfde besoekersfrekwensie.

Die persone wat die besigste sosiale lewe voer is dus dié met 'n inkomste tussen R40 en R79 per maand.

Dit is opvallend dat die persone wat R125 en meer per maand verdien baie meer besoek ontvang as wat hulle aflê (tabel 37(b)). Die persone wat minder as R40 per maand verdien, lê weer meer besoek af as wat hulle ontvang (tabel 37(b)).

Die tendens van besoek aflê en besoek ontvang stem ooreen.

e. Beroep en die ontvang van besoek

In tabel 43(a) word die frekwensie van besoek ontvang volgens beroep en in tabel 43(b) die beroep volgens frekwensie van besoek ontvang, ontleed.

Tabel 43(a)/.....

© University of Pretoria Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



TABEL 43(a)

DIE FREKWENSIE VAN BESOEK ONTVANG VOLGENS BEROEP

| Frekwensie van besoek ontvang | Beroep | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Professionele werkers | | Semi-professionele werkers | | Arbeiders | | Selfgeëm-plojeerdes | | TOTAAL | |
| | Getal | % | Getal | % | Getal | % | Getal | % | Getal | % |
| Een keer of meer per week | 6 | 3.8 | 19 | 11.9 | 121 | 76.1 | 13 | 8.2 | 159 | 100.0 |
| Minder as een keer per week maar min-stens een keer per maand | 3 | 4.8 | 11 | 17.5 | 42 | 66.7 | 7 | 11.1 | 63 | 100.0 |
| Minder as een keer per maand of nooit | 0 | 0.0 | 0 | 0.0 | 6 | 100.0 | 0 | 0.0 | 6 | 100.0 |
| Totaal | 9 | 3.9 | 30 | 13.2 | 169 | 74.1 | 20 | 8.8 | 228 | 100.0 |

© University of Pretoria

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Uit tabel 43(a) blyk dit dat die arbeiders meer as 'n driekwart (76.1%) van die frekwensiegroep uitmaak wat minstens een keer per week besoek ontvang.

Die arbeiders maak ook die grootste persentasie (66.7%) uit van die frekwensiegroep wat minstens een keer per maand besoek ontvang.

Daar moet in gedagte gehou word dat die arbeiders die grootste persentasie van die steekproef uitmaak.

TABEL 43(b)
DIE BEROEP VOLGENS FREKWENSIE VAN BESOEK ONTVANG

| Beroep | Frekwensie: Een keer of meer per week | | Minder as een keer per week maar minstens een keer per maand | | Minder as een keer per maand of nooit | | TOTAAL | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Getal | % | Getal | % | Getal | % | Getal | % |
| Professionele werkers | 6 | 66.7 | 3 | 33.3 | 0 | 0.0 | 9 | 100.0 |
| Semi-professionele werkers | 19 | 63.3 | 11 | 36.7 | 0 | 0.0 | 30 | 100.0 |
| Arbeiders | 121 | 71.6 | 42 | 24.9 | 6 | 3.6 | 169 | 100.0 |
| Selfgeëmplojeerdes | 13 | 65.0 | 7 | 35.0 | 0 | 0.0 | 20 | 100.0 |
| Totaal | 159 | 69.7 | 63 | 27.6 | 6 | 2.6 | 228 | 100.0 |

Volgens tabel 43(b) ontvang meer as sestig persent van elke beroepsgroep een keer of meer per week besoek. Van die arbeiders ontvang soveel as 71.6 persent een keer of meer per week besoek.

Die getalle oor die res van die tabel is te klein om enige afleidings te maak.

f. Huwelikstaat en die ontvang van besoek

In tabel 44(a) word die frekwensie van besoek ontvang volgens huwelikstaat en in tabel 44(b) die huwelikstaat

© University of Pretoria Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

TABEL 44(a)

DIE FREKWENSIE VAN BESOEK ONTVANG VOLGENS HUWELIKSTAAT

| Frekwensie van besoek ontvang | Huwelikstaat: Nog nooit getroud nie | | Getroud | | Wewenaar/ Geskei | | TOTAAL | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Getal | % | Getal | % | Getal | % | Getal | % |
| Een keer of meer per week | 27 | 17.0 | 131 | 82.4 | 1 | 0.6 | 159 | 100.0 |
| Minder as een keer per week maar minstens een keer per maand | 5 | 7.9 | 53 | 84.1 | 5 | 7.9 | 63 | 100.0 |
| Minder as een keer per maand of nooit | 0 | 0.0 | 6 | 100.0 | 0 | 0.0 | 6 | 100.0 |
| Totaal | 32 | 14.0 | 190 | 83.3 | 6 | 2.6 | 228 | 100.0 |



© University of Pretoria

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



volgens frekwensie van besoek ontvang, ontleed.

Uit tabel 44(a) blyk dit dat die getroudes by ver die grootste persentasie uitmaak van elke frekwensiegroep. Hulle maak egter ook by ver die grootste persentasie van die ondersoekgroep uit.

TABEL 44(b)

DIE HUWELIKSTAAT VOLGENS FREKWENSIE VAN BESOEK ONTVANG

| Huwelikstaat | Frekwensie: Een keer of meer per week | | Minder as een keer per week maar minstens een keer per maand | | Minder as een keer per maand of nooit | | TOTAAL | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Getal | % | Getal | % | Getal | % | Getal | % |
| Nooit getroud nie | 27 | 84.4 | 5 | 15.6 | 0 | 0.0 | 32 | 100.0 |
| Getroud | 131 | 68.9 | 53 | 27.9 | 6 | 3.2 | 190 | 100.0 |
| Wewenaar/ Geskei | 1 | 16.7 | 5 | 83.3 | 0 | 0.0 | 6 | 100.0 |
| Totaal | 159 | 69.7 | 63 | 27.6 | 6 | 2.6 | 228 | 100.0 |

Soos blyk uit tabel 44(b) het byna 85 persent van die persone wat nog nooit getroud is nie een keer of meer per week besoek ontvang.

Dié gegewens stem ooreen met die gegewens van tabel 39(b), naamlik dat die ongetroudes die meeste besoek aflê. Die verklaring is dat vanweë hulle mindere pligte tuis, hulle meer vry is om uithuisig te wees as die getroudes.

## 3. SAMEVATTING

### a. Die aflê en ontvang van besoek

Daar is geen opvallende verskille in die persentasies persone wat besoek aflê en ontvang nie.

© University of Pretoria

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Op een of meer dae per week lê 73.3 persent van die persone besoek af en 69.7 persent ontvang besoek. Soveel as 1.3 persent van die ondersoekgroep het verklaar dat hulle nooit besoek ontvang of aflê nie.

(i) Ouderdom en die aflê en ontvang van besoek:

Die ouderdomsgroep 30 tot 39 jaar maak die grootste persentasies uit van die frekwensiegroep wat minstens een keer per week besoek ontvang of aflê.

Namate die ouderdom hoër word, verminder die persentasie persone wat op een of meer dae per week besoek aflê. Die ontvang van besoek daal namate die ouderdom hoër word, behalwe by die oudste ouderdomsgroep waar weer meer persone minstens een keer per week besoek ontvang.

(ii) Onderwyspeil en die aflê en ontvang van besoek:

Die persone wat standerd vyf en standerd ses of sewe geslaag het, maak die grootste persentasies uit van die frekwensiegroep wat minstens een keer per week besoek aflê of ontvang.

Namate die onderwyspeil verbeter, word die persentasie persone wat minstens een keer per week besoek aflê groter. Die persentasie persone wat minstens een keer per week besoek ontvang, neem toe namate die onderwyspeil verbeter. By die hoogste standerd geslaag is egter weer 'n geringe daling in die persentasie.

(iii) Inkomste en die aflê en ontvang van besoek:

Die persone wat tussen R40 en R79 per maand verdien maak die grootste persentasie uit van die frekwensiegroep wat minstens een keer per week besoek aflê of ontvang.

Van die persone wat minder as R40 en tussen R40 en R79 per maand verdien, lê meer as sewentig persent elk

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



minstens een keer per week besoek af. Van die inkomste-groepe bo R40 per maand ontvang elk meer as sewentig persent minstens een keer per week besoek.

(iv) Beroep en die aflê en ontvang van besoek:

Die arbeiders maak die grootste persentasies uit van al die frekwensiegroepe vir besoek aflê sowel as vir besoek ontvang.

Van die professionele werkers lê die grootste persentasie minstens op een dag per week besoek af, terwyl die grootste persentasie van die arbeiders op minstens een dag per week besoek ontvang.

(v) Huwelikstaat en die aflê en ontvang van besoek:

Die getroudes maak die grootste persentasies uit van al die frekwensiegroepe vir besoek aflê en vir besoek ontvang.

Die persone wat nog nooit getroud was nie maak die grootste persentasies uit van al die huweliksgroepe, wat minstens een keer per week besoek aflê of ontvang.

© University of Pretoria Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



# HOOFSTUK 8

## DEELNAME EN BESOEK AAN SPORTBYEENKOMSTE

In hierdie hoofstuk word die deelname aan sport, sowel as die besoek aan sportbyeenkomste bespreek. Daar word gelet op die frekwensie van deelname, of besoek, sowel as die invloed van faktore soos ouderdom, onderwyspeil, inkomste, beroep en huwelikstaat op die gereeldheid van deelname en bywoning.

### 1. DEELNAME AAN SPORT

#### a. Inleiding

Volgens die inligting verstrek deur die ondervraagdes het van diegene wat aan sport deelneem meer as negentig persent aan sokker en die res aan tennis, gholf, visvang of gewigoptel in hulle vrye tyd deelgeneem.

#### b. Frekwensie van deelname aan sport

In tabel 45 word die frekwensie van deelname aan sport gegee.

TABEL 45

FREKWENSIE VAN DEELNAME AAN SPORT

| Frekwensie | Getal | % |
|---|---|---|
| Een keer of meer per week | 62 | 27.2 |
| Minder as een keer per week maar minstens een keer per maand | 11 | 4.8 |
| Minder as een keer per maand | 10 | 4.5 |
| Nooit | 145 | 63.5 |
| TOTAAL | 228 | 100.0 |

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



TABEL 46(a)

DIE FREKWENSIE VAN DEELNAME AAN SPORT VOLGENS OUDERDOM

| Frekwensie van deelrame | Ouderdom | | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | 18-24 jaar | | 25-29 jaar | | 30-39 jaar | | 40-49 jaar | | 50-59 jaar | | TOTAAL | |
| | Getal | % | Getal | % | Getal | % | Getal | % | Getal | % | Getal | % |
| Een keer of meer per week | 20 | 32.3 | 20 | 32.3 | 19 | 30.6 | 3 | 4.8 | 0 | 0.0 | 62 | 100.0 |
| Minder as een keer per week maar minstens een keer per maand | 4 | 36.4 | 3 | 27.3 | 3 | 27.3 | 1 | 9.1 | 0 | 0.0 | 11 | 100.0 |
| Minder as een keer per maand of nooit | 25 | 16.1 | 21 | 13.5 | 49 | 31.6 | 38 | 24.5 | 22 | 14.2 | 155 | 100.0 |
| Totaal | 49 | 21.5 | 44 | 19.3 | 71 | 31.1 | 42 | 18.4 | 22 | 9.6 | 228 | 100.0 |

© University of Pretoria

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Soos blyk uit tabel 45 neem slegs ietwat meer as 'n kwart (27.2%) een keer of meer per week aktief deel aan een of ander sportsoort, wat as gereeld bestempel kan word. 'n Verdere 4.8 persent neem minder as een keer per week maar minstens een keer per maand deel, 4.5 persent minder as een keer per maand en 63.5 persent verklaar dat hulle nooit aktief aan enige sportsoort deelneem nie.

c. Ouderdom en deelname aan sport

In tabel 46(a) word die frekwensie van deelname aan sport volgens ouderdom en in tabel 46(b) die ouderdom volgens frekwensie van deelname aan sport ontleed.

Volgens tabel 46(a) is meer as negentig persent van die persone wat minstens een keer per week, asook van die wat minstens een keer per maand aan sport deelneem, jonger as 40 jaar.

Byna 'n derde (31.6%) van die frekwensiegroep wat minder as een keer per maand of nooit aan sport deelneem, is tussen 30 en 39 jaar.

TABEL 46(b)

DIE OUDERDOM VOLGENS FREKWENSIE VAN DEELNAME AAN SPORT

| Ouderdom | Frekwensie | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Een keer of meer per week | | Minder as een keer per week maar minstens een keer per maand | | Minder as een keer per maand of nooit | | TOTAAL | |
| | Getal | % | Getal | % | Getal | % | Getal | % |
| 18-24 jaar | 20 | 40.8 | 4 | 8.2 | 25 | 51.0 | 49 | 100.0 |
| 25-29 jaar | 20 | 45.5 | 3 | 6.8 | 21 | 47.7 | 44 | 100.0 |
| 30-39 jaar | 19 | 26.8 | 3 | 4.2 | 49 | 69.0 | 71 | 100.0 |
| 40-49 jaar | 3 | 7.1 | 1 | 2.4 | 38 | 90.5 | 42 | 100.0 |
| 50-59 jaar | 0 | 0.0 | 0 | 0.0 | 22 | 100.0 | 22 | 100.0 |
| Totaal | 62 | 27.2 | 11 | 4.8 | 155 | 68.0 | 228 | 100.0 |

© University of Pretoria Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Volgens tabel 46(b) is dit duidelik dat namate die ouderdom bokant 30 jaar styg, neem die persentasie wat minstens een keer per week deelneem baie vinnig af vir die besondere ouderdomsgroep. Van die ouderdomsgroep 25 tot 29 jaar neem die hoogste persentasie van alle ouderdomsgroepe, naamlik 45.5 persent, minstens een keer per week aan sport deel. Die persone uit die jonger ouderdomsgroep maak 'n kleiner persentasie in dié frekwensiegroep uit.

Die ouderdomsgroep 18 tot 24 jaar lê die meeste besoek af (tabel 35(b)) en ontvang ook die meeste besoek (tabel 40(b)), terwyl hulle ook die meeste na die radio luister (tabel 23(b)). Dit is dus duidelik dat hulle vrye tyd reeds tot so 'n mate in beslag geneem is, dat betreklik min tyd vir deelname aan sport oorbly. Dit verklaar waarom hulle minder as die ouderdomsgroep 25 tot 29 jaar aan sport deelneem.

d. Onderwyspeil en deelname aan sport

In tabel 47(a) word die frekwensie van deelname aan sport volgens onderwyspeil en in tabel 47(b) die onderwyspeil volgens frekwensie van deelname aan sport ontleed.

Soos blyk uit tabel 47(a) maak die persone wat standerd ses of sewe geslaag het die grootste persentasies (38.7% en 45.5%) uit in die eerste twee frekwensiegroepe.

Van die frekwensiegroep wat minder as een keer per maand, of nooit, aan sport deelneem nie, maak die persone wat hoogstens standerd vyf geslaag het die grootste persentasie (43.9%) uit.

Die besondere twee onderwyspeilgroepe maak ook die grootste persentasies uit van die steekproef.

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

TABEL 47(a)

DIE FREKWENSIE VAN DFELNAME AAN SPORT VOLGENS ONDERWYSPEIL

| Frekwensie van deelname | Onderwyspeil | | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Geen | | Grade-St.5 | | St.6-St.7 | | St.8 | | St.9-St.10 | | TOTAAL | |
| | Getal | % | Getal | % | Getal | % | Getal | % | Getal | % | Getal | % |
| Een keer of meer per week | 0 | 0.0 | 13 | 21.0 | 24 | 38.7 | 15 | 24.2 | 10 | 16.1 | 62 | 100.0 |
| Minder as een keer per week maar minstens een keer per maand | 0 | 0.0 | 3 | 27.3 | 5 | 45.5 | 1 | 9.1 | 2 | 18.2 | 11 | 100.0 |
| Minder as een keer per maand of nooit | 12 | 7.7 | 68 | 43.9 | 55 | 35.5 | 13 | 8.4 | 7 | 4.5 | 155 | 100.0 |
| Totaal | 12 | 5.3 | 84 | 36.8 | 84 | 36.8 | 29 | 12.7 | 19 | 8.3 | 228 | 100.0 |



© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



TABEL 47(b)

DIE ONDERWYSPEIL VOLGENS FREKWENSIE VAN DEELNAME AAN SPORT

| Onderwys-peil | Frekwensie: Een keer of meer per week | | Minder as een keer per week maar minstens een keer per maand | | Minder as een keer per maand of nooit | | TOTAAL | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Getal | % | Getal | % | Getal | % | Getal | % |
| Geen | 0 | 0.0 | 0 | 0.0 | 12 | 100.0 | 12 | 100.0 |
| Grade-St.5 | 13 | 15.5 | 3 | 3.6 | 68 | 80.9 | 84 | 100.0 |
| St.6-St.7 | 24 | 28.6 | 5 | 6.0 | 55 | 65.5 | 84 | 100.0 |
| St.8 | 15 | 51.7 | 1 | 3.4 | 13 | 44.8 | 29 | 100.0 |
| St.9-St.10 | 10 | 52.6 | 2 | 10.5 | 7 | 36.8 | 19 | 100.0 |
| Totaal | 62 | 27.2 | 11 | 4.8 | 155 | 68.0 | 228 | 100.0 |

Die gegewens van tabel 47(b) sluit mooi aan by dié van tabel 47(a).

Dit blyk baie duidelik uit tabel 47(b) dat namate die onderwyspeil verbeter, neem 'n groter persentasie deel aan sport op minstens een dag per week. Daar dien gelet te word op die groot persentasievermeerdering vanaf standerd vyf na standerd ses of sewe en weer na standerd agt. Van die persone wat standerd agt en standerd nege of tien geslaag het, het meer as die helfte minstens op een dag per week aan sport deelgeneem.

'n Verklaring is moontlik daarin geleë dat die persone wat 'n hoër standerd geslaag het, 'n beter betrekking beklee en gevolglik 'n beter inkomste het en dit beter kan bekostig om die uitrusting te bekom en die ander uitgawes in verband met sportaktiwiteite, byvoorbeeld reisonkostes, by te bring.

e. <u>Inkomste en deelname aan sport</u>

In tabel 48(a) word die frekwensie van deelname aan sport volgens maandelikse inkomste en in tabel 48(b) die

© University of Pretoria  Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



TABEL 48(a)

DIE FREKWENSIE VAN DEELNAME AAN SPORT VOLGENS MAANDELIKSE INKOMSTE

| Frekwensie van deelname | Maandelikse inkomste | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | -R40 | | R40-R79 | | R80-R124 | | R125+ | | TOTAAL | |
| | Getal | % | Getal | % | Getal | % | Getal | % | Getal | % |
| Een keer of meer per week | 18 | 29.0 | 30 | 48.4 | 11 | 17.7 | 3 | 4.8 | 62 | 100.0 |
| Minder as een keer per week maar minstens een keer per maand | 1 | 9.1 | 7 | 63.6 | 2 | 18.2 | 1 | 9.1 | 11 | 100.0 |
| Minder as een keer per maand of nooit | 46 | 29.7 | 73 | 47.1 | 26 | 16.8 | 10 | 6.4 | 155 | 100.0 |
| Totaal | 65 | 28.5 | 110 | 48.2 | 39 | 17.1 | 14 | 6.1 | 228 | 100.0 |

© University of Pretoria

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



maandelikse inkomste volgens frekwensie van deelname aan sport ontleed.

Soos blyk uit tabel 48(a) verdien 48.4 persent van die persone wat minstens een keer per week aan sport deelneem tussen R40 en R79 per maand.

Van die persone wat minder as een keer per maand, of nooit, deelneem nie, verdien 47.1 persent tussen R40 en R79 per maand.

Dié inkomstegroep maak die grootste persentasie uit van die steekproef.

TABEL 48(b)
DIE INKOMSTE PER MAAND VOLGENS FREKWENSIE VAN DEELNAME AAN SPORT

| Inkomste per maand | Frekwensie: Een keer of meer per week | | Minder as een keer per week maar minstens een keer per maand | | Minder as een keer per maand of nooit | | TOTAAL | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Getal | % | Getal | % | Getal | % | Getal | % |
| -R40 | 18 | 27.7 | 1 | 1.5 | 46 | 70.8 | 65 | 100.0 |
| R40-R79 | 30 | 27.3 | 7 | 6.4 | 73 | 66.4 | 110 | 100.0 |
| R80-R124 | 11 | 28.2 | 2 | 5.1 | 26 | 66.7 | 39 | 100.0 |
| R125+ | 3 | 21.4 | 1 | 7.1 | 10 | 71.4 | 14 | 100.0 |
| Totaal | 62 | 27.2 | 11 | 4.8 | 155 | 68.0 | 228 | 100.0 |

Blykens tabel 48(b) is daar nie 'n groot verskil in die persentasie persone uit die inkomstegroepe onder R125 per maand wat minstens een keer per week aan sport deelneem nie.

Van die laagste en hoogste inkomstegroepe verklaar onderskeidelik meer as 70 persent dat hulle op minder as een keer per maand, of nooit, aan sport deelneem nie.

Die laagste inkomstegroep mag hulle weerhou van deelname weens finansiële redes, terwyl die hoogste inkomstegroep ander ontspanningsaktiwiteite het.

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

TABEL 49(a)

DIE FREKWENSIE VAN DEELNAME AAN SPORT VOLGENS BEROEP

| Frekwensie van deelname | Beroep | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Professionele werkers | | Semi-professionele werkers | | Arbeiders | | Selfgeëmplojeerdes | | TOTAAL | |
| | Getal | % | Getal | % | Getal | % | Getal | % | Getal | % |
| Een keer of meer per week | 3 | 4.8 | 10 | 16.1 | 46 | 74.2 | 3 | 4.8 | 62 | 100.0 |
| Minder as een keer per week maar minstens een keer per maand | 2 | 18.2 | 3 | 27.3 | 5 | 45.5 | 1 | 9.1 | 11 | 100.0 |
| Minder as een keer per maand of nooit | 4 | 2.6 | 17 | 11.0 | 118 | 76.1 | 16 | 10.3 | 155 | 100.0 |
| Totaal | 9 | 3.9 | 30 | 13.2 | 169 | 74.1 | 20 | 8.8 | 228 | 100.0 |



© University of Pretoria

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



f. Beroep en deelname aan sport

In tabel 49(a) word die frekwensie van deelname aan sport volgens beroep en in tabel 49(b) die beroep volgens frekwensie van deelname aan sport ontleed.

Volgens tabel 49(a) blyk dit dat byna 'n driekwart (74.2%) van die persone in die frekwensiegroep wat minstens een keer per week aan sport deelnaam, arbeiders is.

Die arbeiders maak ook die grootste persentasies uit in die ander twee frekwensiegroepe.

TABEL 49(b)

DIE BEROEP VOLGENS FREKWENSIE VAN DEELNAME AAN SPORT

| Beroep | Frekwensie | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Een keer of meer per week | | Minder as een keer per week maar minstens een keer per maand | | Minder as een keer per maand of nooit | | TOTAAL | |
| | Getal | % | Getal | % | Getal | % | Getal | % |
| Professionele werkers | 3 | 33.3 | 2 | 22.2 | 4 | 44.4 | 9 | 100.0 |
| Semi-professionele werkers | 10 | 33.3 | 3 | 10.0 | 17 | 56.7 | 30 | 100.0 |
| Arbeiders | 46 | 27.2 | 5 | 3.0 | 118 | 69.8 | 169 | 100.0 |
| Selfgeëmplojeerdes | 3 | 15.0 | 1 | 5.0 | 16 | 80.0 | 20 | 100.0 |
| Totaal | 62 | 27.2 | 11 | 4.8 | 155 | 68.0 | 228 | 100.0 |

Uit tabel 49(b) blyk dat alhoewel die getalle baie klein is, 'n derde van sowel die professionele werkers as van die semi-professionele werkers minstens een keer per week aan sport deelneem, terwyl 27.2 persent van die arbeiders deelneem.

Van die selfgeëmplojeerdes neem 80.0 persent minder as een keer per maand, of nooit, aan sport deel nie.

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



TABEL 50(a)

DIE FREKWENSIE VAN DEELNAME AAN SPORT VOLGENS HUWELIKSTAAT

| Frekwensie van deelname | Huwelikstaat | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Nooit getroud nie | | Getroud | | Wewenaar/ Geskei | | TOTAAL | |
| | Getal | % | Getal | % | Getal | % | Getal | % |
| Een keer of meer per week | 13 | 21.0 | 49 | 79.0 | 0 | 0.0 | 62 | 100.0 |
| Minder as een keer per week maar minstens een keer per maand | 1 | 9.1 | 10 | 90.9 | 0 | 0.0 | 11 | 100.0 |
| Minder as een keer per maand of nooit | 18 | 11.6 | 131 | 84.5 | 6 | 3.9 | 155 | 100.0 |
| Totaal | 32 | 14.0 | 190 | 83.3 | 6 | 2.6 | 228 | 100.0 |

© University of Pretoria

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



g. Huwelikstaat en deelname aan sport

In tabel 50(a) word die frekwensie van deelname aan sport volgens huwelikstaat en in tabel 50(b) die huwelikstaat volgens frekwensie van deelname aan sport ontleed.

Volgens tabel 50(a) maak die getroudes by ver die grootste persentasie uit van elke frekwensiegroep.

In die frekwensiegroep wat minstens een keer per week deelneem, is die ongetroudes sterk oorverteenwoordig (21.0% teenoor 14.0% van die steekproef). Dit beteken dat die ongetroudes baie aan sport deelneem.

TABEL 50(b)
DIE HUWELIKSTAAT VOLGENS FREKWENSIE VAN DEELNAME AAN SPORT

| Huwelikstaat | Frekwensie: Een keer of meer per week | | Minder as een keer per week maar minstens een keer per maand | | Minder as een keer per maand of nooit | | TOTAAL | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Getal | % | Getal | % | Getal | % | Getal | % |
| Nooit getroud nie | 13 | 40.6 | 1 | 3.1 | 18 | 56.3 | 32 | 100.0 |
| Getroud | 49 | 25.8 | 10 | 5.3 | 131 | 68.9 | 190 | 100.0 |
| Wewenaar/ Geskei | 0 | 0.0 | 0 | 0.0 | 6 | 100.0 | 6 | 100.0 |
| Totaal | 62 | 27.2 | 11 | 4.8 | 155 | 68.0 | 228 | 100.0 |

Uit tabel 50(b) blyk dat alhoewel die getal klein is, 40.6 persent van die ongetroudes minstens een keer per week aan sport deelneem, teenoor die 25.8 persent van die getroudes.

Meer as sestig persent (68.9%) van die getroudes neem minder as een keer per maand, of nooit, deel nie.

Die ongetroudes het minder huislike verpligtinge as die getroudes en gevolglik is hulle vry om meer aan sport deel te neem.

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



## 2. BYWONING VAN SPORTBYEENKOMSTE

In hierdie afdeling word aandag geskenk aan die mee-doen as toeskouer by sportbyeenkomste.

### a. Inleiding

Dit blyk dat met slegs enkele uitsonderings al die toeskouers besoek aflê by sokkerwedstryde. Slegs enkele persone het tenniswedstryde bygewoon.

### b. Frekwensie van bywoning van sportbyeenkomste

In tabel 51 word die frekwensie van bywoning van sportbyeenkomste gegee.

TABEL 51
FREKWENSIE VAN BYWONING VAN SPORTBYEENKOMSTE

| Frekwensie van bywoning | Getal | % |
|---|---|---|
| Een keer of meer per week | 130 | 57.0 |
| Minder as een keer per week maar minstens een keer per maand | 50 | 21.9 |
| Minder as een keer per maand | 14 | 6.2 |
| Nooit | 34 | 14.9 |
| TOTAAL | 228 | 100.0 |

Volgens tabel 51 woon 57.0 persent van die ondervraagdes minstens een keer per week sportbyeenkomste as toeskouer by, 21.9 persent minder as een keer per week maar minstens een keer per maand, 6.2 persent minder as een keer per maand en 14.9 persent woon nooit sportbyeenkomste by nie.

Byna tagtig persent, wat as hoog bestempel kan word, woon dus minstens een keer per maand sportbyeenkomste by. Dié persentasie is heelwaarskynlik so hoog omdat daar ten tye van die ondersoek, onvoldoende fasiliteite was om meer persone te laat deelneem. Gevolglik het die ander nie self aan sport deelgeneem nie maar wel die byeenkomste bygewoon.

© University of Pretoria Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



TABEL 52(a)

DIE FREKWENSIE VAN BYWONING VAN SPORTBYEENKOMSTE VOLGENS OUDERDOM

| Frekwensie van bywoning | Ouderdom | | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | 18-24 jaar | | 25-29 jaar | | 30-39 jaar | | 40-49 jaar | | 50-59 jaar | | TOTAAL | |
| | Getal | % | Getal | % | Getal | % | Getal | % | Getal | % | Getal | % |
| Een keer of meer per week | 34 | 26.2 | 29 | 22.3 | 45 | 34.6 | 17 | 13.1 | 5 | 3.8 | 130 | 100.0 |
| Minder as een keer per week maar minstens een keer per maand | 10 | 20.0 | 7 | 14.0 | 16 | 32.0 | 15 | 30.0 | 2 | 4.0 | 50 | 100.0 |
| Minder as een keer per maand of nooit | 5 | 10.4 | 8 | 16.7 | 10 | 20.8 | 10 | 20.8 | 15 | 31.3 | 48 | 100.0 |
| Totaal | 49 | 21.5 | 44 | 19.3 | 71 | 31.1 | 42 | 18.4 | 22 | 9.6 | 228 | 100.0 |

© University of Pretoria

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



c. Ouderdom en bywoning van sportbyeenkomste

In tabel 52(a) word die frekwensie van bywoning van sportbyeenkomste volgens ouderdom en in tabel 52(b) die ouderdom volgens frekwensie van bywoning van sportbyeenkomste ontleed.

Volgens tabel 52(a) maak die persone tussen 30 en 39 jaar meer as 'n derde (34.6%) van die eerste en byna 'n derde (32.0%) van die tweede frekwensiegroepe uit.

Van die persone wat minder as een keer per maand of nooit sportbyeenkomste bywoon nie, maak die ouderdomsgroep 50 tot 59 jaar die grootste persentasie, naamlik 31.3 persent uit, terwyl hulle slegs 9.6 persent van die totale ondersoekgroep uitmaak.

TABEL 52(b)
DIE OUDERDOM VOLGENS FREKWENSIE VAN BYWONING VAN SPORTBYEENKOMSTE

| Ouderdom | Frekwensie | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Een keer of meer per week | | Minder as een keer per week maar minstens een keer per maand | | Minder as een keer per maand of nooit | | TOTAAL | |
| | Getal | % | Getal | % | Getal | % | Getal | % |
| 18-24 jaar | 34 | 69.4 | 10 | 20.4 | 5 | 10.2 | 49 | 100.0 |
| 25-29 jaar | 29 | 65.9 | 7 | 15.9 | 8 | 18.2 | 44 | 100.0 |
| 30-39 jaar | 45 | 63.4 | 16 | 22.5 | 10 | 14.1 | 71 | 100.0 |
| 40-49 jaar | 17 | 40.5 | 15 | 35.7 | 10 | 23.8 | 42 | 100.0 |
| 50-59 jaar | 5 | 28.7 | 2 | 9.1 | 15 | 68.2 | 22 | 100.0 |
| Totaal | 130 | 57.0 | 50 | 21.9 | 48 | 21.1 | 228 | 100.0 |

Tabel 52(b) toon duidelik dat namate die ouderdom styg, daal die persentasie wat minstens een keer per week sportbyeenkomste bywoon. Veral opvallend is die skerp daling in die persentasie vanaf die ouderdomsgroep 30 tot 39 jaar na die groep 40 tot 49 jaar. Die verklaring hiervoor is dat die ouderdomsgroep 30 tot 39 jaar die oorgangsouderdomsgroep uit-

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



TABEL 53(a)

DIE FREKWENSIE VAN BYWONING VAN SPORTBYEENKOMSTE VOLGENS ONDERWYSPEIL

| Frekwensie van bywoning | Onderwyspeil | | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Geen | | Grade-St.5 | | St.6-St.7 | | St.8 | | St.9-St.10 | | TOTAAL | |
| | Getal | % | Getal | % | Getal | % | Getal | % | Getal | % | Getal | % |
| Een keer of meer per week | 2 | 1.5 | 36 | 27.7 | 57 | 43.8 | 21 | 16.2 | 14 | 10.8 | 130 | 100.0 |
| Minder as een keer per week maar minstens een keer per maand | 3 | 6.0 | 23 | 46.0 | 17 | 34.0 | 5 | 10.0 | 2 | 4.0 | 50 | 100.0 |
| Minder as een keer per maand of nooit | 7 | 14.6 | 25 | 52.1 | 10 | 20.8 | 3 | 6.3 | 3 | 6.3 | 48 | 100.0 |
| Totaal | 12 | 5.3 | 84 | 36.8 | 84 | 36.8 | 29 | 12.7 | 19 | 8.3 | 228 | 100.0 |

© University of Pretoria

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



maak - na dié ouderdom neem baie min persone nog aktief aan veeleisende sportsoorte deel. Die belangstelling vir die sportsoort sal dan begin daal en gevolglik sal hulle dit ook minder bywoon.

d. Onderwyspeil en bywoning van sportbyeenkomste

In tabel 53(a) word die frekwensie van bywoning van sportbyeenkomste volgens onderwyspeil en in tabel 53(b) die onderwyspeil volgens frekwensie van bywoning van sportbyeenkomste ontleed.

Volgens tabel 53(a) het 43.8 persent van die persone wat minstens een keer per week sportbyeenkomste bywoon, standerd ses of sewe geslaag - hulle is ook sterk oorverteenwoordig in dié frekwensiegroep.

Die persone wat hoogstens standerd vyf geslaag het, is sterk oorverteenwoordig in die frekwensiegroep wat minstens een keer per maand sportbyeenkomste bywoon.

Meer as die helfte van die persone wat minder as een keer per maand of nooit sportbyeenkomste bygewoon het, het hoogstens standerd vyf geslaag.

TABEL 53(b)
DIE ONDERWYSPEIL VOLGENS FREKWENSIE VAN BYWONING VAN SPORTBYEENKOMSTE

| Onderwyspeil | Frekwensie: Een keer of meer per week | | Minder as een keer per week maar minstens een keer per maand | | Minder as een keer per maand of nooit | | TOTAAL | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Getal | % | Getal | % | Getal | % | Getal | % |
| Geen | 2 | 16.7 | 3 | 25.0 | 7 | 58.3 | 12 | 100.0 |
| Grade-St.5 | 36 | 42.9 | 23 | 27.4 | 25 | 29.8 | 84 | 100.0 |
| St.6-St.7 | 57 | 67.9 | 17 | 20.2 | 10 | 11.9 | 84 | 100.0 |
| St.8 | 21 | 72.4 | 5 | 17.2 | 3 | 10.3 | 29 | 100.0 |
| St.9-St.10 | 14 | 73.7 | 2 | 10.5 | 3 | 15.8 | 19 | 100.0 |
| Totaal | 130 | 57.0 | 50 | 21.9 | 48 | 21.1 | 228 | 100.0 |

© University of Pretoria Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Blykens tabel 53(b) het 'n hoër onderwyspeil 'n gunstige uitwerking op die bywoning van sportbyeenkomste minstens een keer per week.

Veral opvallend in die tabel is die groot styging in die persentasie vanaf standerd vyf (42.9%) na standerd ses of sewe (67.9%).

Die tendense van bywoning en van deelname aan sport stem ooreen wat onderwyspeil betref.

e. <u>Inkomste en bywoning van sportbyeenkomste</u>

In tabel 54(a) word die frekwensie van bywoning van sportbyeenkomste volgens maandelikse inkomste en in tabel 54(b) die maandelikse inkomste volgens frekwensie van bywoning van sportbyeenkomste ontleed.

Uit tabel 54(a) blyk dat meer as die helfte (53.8%) van die persone wat minstens een keer per week sportbyeenkomste bywoon, tussen R40 en R79 per maand verdien.

Presies die helfte van die persone wat sportbyeenkomste minstens een keer per maand bywoon, verdien tussen R40 en R79 per maand.

Van die persone wat minder as een keer per maand, of nooit, sportbyeenkomste bywoon nie, verdien 41.7 persent minder as R40 per maand.

Tabel 54(a)/.....

© University of Pretoria Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

TABEL 54(a)

DIE FREKWENSIE VAN BYWONING VAN SPORTBYEENKOMSTE VOLGENS MAANDELIKSE INKOMSTE

| Frekwensie van bywoning | Maandelikse inkomste | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | -R40 | | R40-R79 | | R80-R124 | | R125+ | | TOTAAL | |
| | Getal | % | Getal | % | Getal | % | Getal | % | Getal | % |
| Een keer of meer per week | 28 | 21.5 | 70 | 53.8 | 25 | 19.2 | 7 | 5.4 | 130 | 100.0 |
| Minder as een keer per week maar minstens een keer per maand | 17 | 34.0 | 25 | 50.0 | 4 | 8.0 | 4 | 8.0 | 50 | 100.0 |
| Minder as een keer per maand of nooit | 20 | 41.7 | 15 | 31.3 | 10 | 20.8 | 3 | 6.2 | 48 | 100.0 |
| Totaal | 65 | 28.5 | 110 | 48.2 | 39 | 17.1 | 14 | 6.1 | 228 | 100.0 |



© University of Pretoria

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



TABEL 54(b)

DIE MAANDELIKSE INKOMSTE VOLGENS FREKWENSIE VAN BYWONING VAN SPORTBYEENKOMSTE

| Maandelikse inkomste | Frekwensie | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Een keer of meer per week | | Minder as een keer per week maar minstens een keer per maand | | Minder as een keer per maand of nooit | | TOTAAL | |
| | Getal | % | Getal | % | Getal | % | Getal | % |
| -R40 | 28 | 43.1 | 17 | 26.2 | 20 | 30.8 | 65 | 100.0 |
| R40-R79 | 70 | 63.6 | 25 | 22.7 | 15 | 13.6 | 110 | 100.0 |
| R80-R124 | 25 | 64.1 | 4 | 10.3 | 10 | 25.6 | 39 | 100.0 |
| R125+ | 7 | 50.0 | 4 | 28.6 | 3 | 21.4 | 14 | 100.0 |
| Totaal | 130 | 57.0 | 50 | 21.9 | 48 | 21.1 | 228 | 100.0 |

Soos blyk uit tabel 54(b) het meer as 60 persent wat tussen R40 en R79 en R80 en R124 per maand verdien minstens een keer per week sportbyeenkomste bygewoon.

Dit wil dus voorkom asof die grootste belangstelling vir sport kom van die persone wat tussen R40 en R124 per maand verdien. Persone uit die hoogste inkomstegroepe het blykbaar ander vryetydsaktiwiteite.

Die tendense van deelname en bywoning van sportbyeenkomste stem ooreen wat die inkomste betref.

f. <u>Beroep en bywoning van sportbyeenkomste</u>

In tabel 55(a) word die frekwensie van bywoning van sportbyeenkomste volgens beroep en in tabel 55(b) die beroep volgens frekwensie van bywoning van sportbyeenkomste ontleed.

Uit tabel 55(a) is geen opvallende gegewens waar te neem nie.

Die grootste persentasie (71.5%) wat minstens een keer per week sportbyeenkomste bywoon, is arbeiders. Hulle

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



TABEL 55(a)

DIE FREKWENSIE VAN BYWONING VAN SPORTBYEENKOMSTE VOLGENS BEROEP

| Frekwensie van bywoning | Beroep | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Professionele werkers | | Semi-professionele werkers | | Arbeiders | | Selfgeëm-plojeerdes | | TOTAAL | |
| | Getal | % | Getal | % | Getal | % | Getal | % | Getal | % |
| Een keer of meer per week | 6 | 4.6 | 18 | 13.8 | 93 | 71.5 | 13 | 10.0 | 130 | 100.0 |
| Minder as een keer per week maar minstens een keer per maand | 1 | 2.0 | 7 | 14.0 | 39 | 78.0 | 3 | 6.0 | 50 | 100.0 |
| Minder as een keer per maand of nooit | 2 | 4.2 | 5 | 10.4 | 37 | 77.1 | 4 | 8.3 | 48 | 100.0 |
| Totaal | 9 | 3.9 | 30 | 13.2 | 169 | 74.1 | 20 | 8.8 | 228 | 100.0 |

© University of Pretoria

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



maak terselfdertyd ook die grootste persentasies uit by die ander twee frekwensiegroepe.

TABEL 55(b)
DIE BEROEP VOLGENS FREKWENSIE VAN BYWONING VAN SPORTBYEENKOMSTE

| Beroep | Frekwensie | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Een keer of meer per week | | Minder as een keer per week maar minstens een keer per maand | | Minder as een keer per maand of nooit | | TOTAAL | |
| | Getal | % | Getal | % | Getal | % | Getal | % |
| Profes-sionele werkers | 6 | 66.7 | 1 | 11.1 | 2 | 22.2 | 9 | 100.0 |
| Semi-pro-fessionele werkers | 18 | 60.0 | 7 | 23.3 | 5 | 16.7 | 30 | 100.0 |
| Arbeiders | 93 | 55.0 | 39 | 23.1 | 37 | 21.9 | 169 | 100.0 |
| Selfgeëm-plojeerdes | 13 | 65.0 | 3 | 15.0 | 4 | 20.0 | 20 | 100.0 |
| Totaal | 130 | 57.0 | 50 | 21.9 | 48 | 21.1 | 228 | 100.0 |

Volgens tabel 55(b) het meer as sestig persent van al die beroepsgroepe, behalwe van die arbeiders, minstens een keer per week sportbyeenkomste bygewoon.

'n Kleiner persentasie arbeiders as van die ander beroepsgroepe woon minstens een keer per week sportbyeenkomste by - hulle neem ook persentueel minder deel aan sport as die ander beroepsgroepe (tabel 49(b)).

g. <u>Huwelikstaat en bywoning van sportbyeenkomste</u>

In tabel 56(a) word die frekwensie van bywoning van sportbyeenkomste volgens huwelikstaat en in tabel 56(b) word die huwelikstaat volgens frekwensie van bywoning van sportbyeenkomste ontleed.

Daar is geen opvallende gegewens uit tabel 56(a) te verkry nie.

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

TABEL 56(a)

DIE FREKWENSIE VAN BYWONING VAN SPORTBYEENKOMSTE VOLGENS HUWELIKSTAAT

| Frekwensie van bywoning | Huwelikstaat | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Nooit getroud nie | | Getroud | | Wewenaar/ Geskei | | TOTAAL | |
| | Getal | % | Getal | % | Getal | % | Getal | % |
| Een keer of meer per week | 19 | 14.6 | 108 | 83.1 | 3 | 2.3 | 130 | 100.0 |
| Minder as een keer per week maar minstens een keer per maand | 7 | 14.0 | 41 | 82.0 | 2 | 4.0 | 50 | 100.0 |
| Minder as een keer per maand of nooit | 6 | 12.5 | 41 | 85.4 | 1 | 2.1 | 48 | 100.0 |
| Totaal | 32 | 14.0 | 190 | 83.3 | 6 | 2.6 | 228 | 100.0 |



© University of Pretoria

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Die getroude persone maak meer as tagtig persent van al die frekwensiegroepe uit. Hulle maak ook die grootste persentasie van al die huweliksgroepe uit in die steekproef.

TABEL 56(b)
DIE HUWELIKSTAAT VOLGENS FREKWENSIE VAN BYWONING VAN SPORTBYEENKOMSTE

| Huwelikstaat | Frekwensie | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Een keer of meer per week | | Minder as een keer per week maar minstens een keer per maand | | Minder as een keer per maand of nooit | | TOTAAL | |
| | Getal | % | Getal | % | Getal | % | Getal | % |
| Nooit getroud nie | 19 | 59.4 | 7 | 21.9 | 6 | 18.8 | 32 | 100.0 |
| Getroud | 108 | 56.9 | 41 | 21.5 | 41 | 21.5 | 190 | 100.0 |
| Wewenaar/ Geskei | 3 | 50.0 | 2 | 33.3 | 1 | 16.7 | 6 | 100.0 |
| Totaal | 130 | 57.0 | 50 | 21.9 | 48 | 21.1 | 228 | 100.0 |

Blykens tabel 56(b) woon meer as 55 persent van die persone wat nog nooit getroud was nie, sowel as van die getroudes minstens een keer per week sportbyeenkomste by.

Daar is geen noemenswaardige verskille of ooreenkomste in die res van die tabel nie.

Die huwelikstaat het dus blykbaar nie veel invloed op die frekwensie van bywoning van sportbyeenkomste nie.

## 3. SAMEVATTING

### a. Deelname aan sportaktiwiteite en bywoning van sportbyeenkomste

Van die ondersoekgroep neem 27.2 persent minstens een keer per week aan sport deel en 63.5 persent het verklaar dat hulle nooit aan sport deelneem nie. Meer as die helfte

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



van die ondersoekgroep woon minstens een keer per week sportbyeenkomste as toeskouer by terwyl 14.9 persent verklaar dat hulle dit nooit bywoon nie.

(i) Ouderdom en deelname aan sport en bywoning van sportaktiwiteite:

Meer as nege uit elke tien van die persone wat minstens een keer per week aan sport deelneem, is jonger as 40 jaar. Dit is hoofsaaklik ook die jonger ouderdomsgroepe wat minstens een keer per week sportaktiwiteite bywoon.

Die jongste persone neem persentueel by ver die meeste aan sport deel. Met 'n styging in die ouderdom neem die persentasie persone wat minstens een keer per week sportaktiwiteite bywoon, af.

(ii) Onderwyspeil en deelname aan sport en bywoning van sportaktiwiteite:

Byna veertig persent van die persone wat minstens een keer per week aan sport deelneem, het standerd ses of sewe geslaag. Ietwat meer persone uit dieselfde onderwysgroep besoek minstens een keer per week sportaktiwiteite.

Namate die onderwyspeil verbeter, neem meer persone deel aan sport of besoek sportaktiwiteite minstens een keer per week.

(iii) Inkomste en deelname aan sport en bywoning van sportaktiwiteite:

Ongeveer die helfte van die persone wat minstens een keer per week aan sport deelneem, of sportaktiwiteite besoek, verdien tussen R40 en R79 per maand.

Van die persone wat tussen R80 en R124 per maand verdien het persentueel die meeste van alle inkomstegroepe,

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



minstens een keer per week aan sport deelgeneem. Van die inkomstegroepe R40 tot R79 en R80 tot R124 per maand besoek elk ongeveer 64 persent minstens een keer per week sport-aktiwiteite.

(iv) Beroep en deelname aan sport en bywoning van sport-aktiwiteite:

Die arbeiders maak ongeveer 'n driekwart uit van die persone wat minstens een keer per week deelneem aan sport of dit besoek.

Van die professionele- sowel as van die semi-professionele werkers neem elk een-derde minstens een keer per week aan sport deel. Van elke beroepsgroep het minstens die helfte minstens een keer per week sportaktiwiteite besoek.

(v) Huwelikstaat en deelname aan sport en bywoning van sportaktiwiteite:

Ongeveer tagtig persent van die getroudes het minstens een keer per week aan sport deelgeneem of besoek afgelê by sportaktiwiteite.

Van die ongetroude persone neem meer as veertig persent deel aan sport en meer as sestig persent besoek sportaktiwiteite minstens een keer per week.

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



# H O O F S T U K 9

## SLOTBESKOUING

### a. INLEIDING

Aleer tot 'n finale beskouing oor die vryetydsaktiwiteite van die ondersoekgroep gekom kan word, is daar 'n paar faktore wat kortliks bespreek moet word omdat hulle van groot belang is by 'n finale evaluasie.

Eerstens moet in gedagte gehou word dat Eersterust tydens die ondersoek in 'n vroeë ontwikkelingstadium was. Baie min, indien enige, fasiliteite vir vryetydsbesteding was ten tye van die ondersoek beskikbaar. Die enigste sokkerveld in die woongebied het toe byvoorbeeld aan die skool behoort, daar was geen krieketveld, tennisbane, swembad of 'n bioskoop nie. Sedertdien is egter in verskeie van hierdie behoeftes voorsien.

'n Tweede baie belangrike faktor is die feit dat die grootste persentasie van die ondersoekgroep ongeskoolde arbeiders is. Dit is die beroepsgroep wat die laagste onderwyspeil het en ook die swakste besoldig word. Finansiële beperkings moet dus noodwendig 'n baie belangrike rol speel by die keuse van vryetydsaktiwiteite.

'n Derde faktor van belang is die feit dat Eersterust nog nie 'n gevestigde gemeenskap is waar reeds 'n samehorigheidsgevoel ontwikkel het nie. Daar was nog nie voldoende tyd en geleentheid vir leiers om na vore te tree en te organiseer nie. 'n Sportvereniging is wel gestig en het die taak aangepak om sportsoorte te organiseer en meer fasiliteite te verkry.

© University of Pretoria Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



b. ALGEMENE GEVOLGTREKKINGS

Lees is seker een van die vryetydsaktiwiteite waaraan die meeste mense deelneem en ook heel dikwels word die waarde van lees onderskat. Die magtige invloed wat van die pers uitgaan kan nouliks onderskat word.

Wat die ondersoekgroep betref kan die lees van koerante as goed bestempel word. 'n Hoë persentasie lees koerante en terselfdertyd lees hulle ook betreklik gereeld. Daar is tot hierdie gevolgtrekking gekom nadat in aanmerking geneem is dat 57.8 persent van die ondersoekgroep 'n onderwyspeil hoër as standerd vyf het, maar dat meer as sestig persent van die ondersoekgroep minstens een keer per week 'n koerant lees.

By 'n beoordeling van die gegewens oor die lees van tydskrifte en boeke kan die ondersoeker egter nie anders as om met Dyason (47, p.384) saam te stem dat die leesstof van Kleurlinge lig van aard is en nie van 'n hoë letterkundige waarde is nie.* Die getalle wat tydskrifte en boeke lees is klein en hulle lees ook minder gereeld. Die lees van tydskrifte en boeke vergelyk ongunstig met die lees van koerante.

Ongeveer een-tiende van die ondersoekgroep het verklaar dat hulle nooit na die radio luister nie. Indien die ouderdomme en die ekonomiese posisie van die ondersoekgroep in ag geneem word, is dit inderdaad 'n gunstige toestand. Luister na die radio is beslis 'n gewilde vryetydsaktiwiteit. 'n Groot persentasie van die ondersoekgroep luister gereeld na die radio en die besit van 'n radiogram is 'n statussimbool onder die Kleurlinge. Die gewildheid van die radio moet toegeskryf word

---

* Dyason gee geen statistieke nie en 'n vergelyking was dus nie moontlik nie.

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



aan die feit dat dit 'n baie geringe uitgawe meebring nadat dit aangekoop is en verder bied dit vermaak aan die hele gesin.

Die ondersoekgroep hou beslis daarvan om besoek af te lê en te ontvang. Uit die gegewens blyk dit dat dit 'n baie gewilde tydverdryf is. Dit is veral die jonger groep wat in groot getalle en meer dikwels oor en weer besoek aflê of ontvang.

Die ideaal is dat soveel moontlik persone aan sportaktiwiteite wat by hulle ouderdom pas, moet deelneem. Opvallend is die verskynsel dat die ouer persone in Eersterust geen sportsoort het waaraan hulle deelneem of kan deelneem nie. Die geesdrif onder die jongeres vir sokker is baie hoog en indien die uiters beperkte fasiliteite in ag geneem word, kan die ondersoeker nie anders as om tot die gevolgtrekking te kom dat die deelname goed is nie. Daar is byvoorbeeld ten tye van hierdie ondersoek nege wedstryde op een dag op een veld beslis.

Die belangstelling in sport blyk ook duidelik uit die groot getalle toeskouers wat gereeld by die oefeninge en wedstryde opdaag.

Die gebruik van drank gedurende vrye tyd word by 'n groot gedeelte van die ondersoekgroep aangetref. Daar het ruim 64 persent van die ondersoekgroep verklaar dat hulle minstens op een dag per week drank gebruik teenoor 12.3 persent wat nooit drank gebruik nie. 'n Hoë persentasie gebruik dus gereeld drank met kort tussenposes.

In die geheel beoordeel kan beslis nie met Dyason se bevindinge oor die vryetydsbesteding van Kleurlinge saamgestem word nie. Tydens haar opname in Kimberley in 1955 het sy

© University of Pretoria Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



melding gemaak van „die belangelose lusteloosheid wat die lede van hierdie gesinne geopenbaar het", (47, p.382). Ongelukkig gee die skryfster geen statistiek waarop dié bewering gegrond word nie. Die slotsom is dat daar, nieteenstaande groot leemtes in die beskikbaarheid van fasiliteite vir ontspanning tydens die ondersoek, dit by die inwoners van Eersterust nie ontbreek het aan belangstelling en entoesiasme vir deelname aan gesonde vryetydsaktiwiteite nie.

* * * * * * *

© University of Pretoria Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



## BYLAAG 1

## V R A E L Y S

U ANTWOORDE IS VERTROULIK

A. 1. Name van manlike persone tussen 18 en 59 jaar in die wooneenheid.

2. Adres van wooneenheid.

B. 1. Wat is u ouderdom?

2. Wat is die hoogste standerd wat u op skool geslaag het?

3. Wat is u inkomste per maand?

4. Wat is u beroep?

5. Wat is u huwelikstaat?

C. 1. Hoe dikwels lees u: (a) Koerante
(b) Tydskrifte
(c) Boeke.

2. Watter soort (a) Koerante,
(b) Tydskrifte,
(c) Boeke, verkies u om te lees?

D. 1. Hoe dikwels neem u deel aan sport?

2. Aan watter sportsoort neem u deel?

E. 1. Hoe dikwels besoek u sportaktiwiteite?

2. Watter sportaktiwiteite besoek u?

© University of Pretoria Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



F. 1. Hoe dikwels lê u besoek af?

2. By wie (vriende, familie) lê u die meeste besoek af?

G. 1. Hoe dikwels ontvang u besoek?

2. Van wie (vriende, familie) ontvang u die meeste besoek?

H. 1. Hoe dikwels gebruik u drank?

2. Watter soort drank verkies u?

I. 1. Hoe dikwels luister u na die radio?

2. Na watter sender luister u die meeste?

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



# BIBLIOGRAFIE

## BOEKE


1. Anderson, N. : Work and Leisure, Routledge and Kegan Paul, London, 1961.
2. Bogardus, E.S. : Introduction to Sociology, MacMiller New York, 1949.
3. Bruwer, J.P. : Die ontstaan van die Kleurlinge, Departement van Volkekunde, Universiteit van Stellenbosch, 1959.
4. Bucher, C.A. : Foundations of Physical Education, The C.V. Mesby Company, St. Louis, 1960.
5. Burns, C.D. : Leisure in Modern World, George Allen and Unwin Ltd., London, 1932.
6. Butler, G.D. : Introduction to Community Recreation New York, McGraw-Hill, 1940.
7. Curtis, H.S. : Education through Play, MacMillen Company, New York, 1922.
8. Cutten, G.B. : The Threat of Leisure, New Haven, Yale University Press, 1939.
9. Du Toit, J.B. : Die Naskoolse Jeug Arbeid en Vrye Tyd, ongepubliseerde D. Phil.-proefskrif, Universiteit van Stellenbosch, 1956.
10. Erwee, J.J. : „Nywerheidsontspanning", Artikel in Vigor, Vol.II, No.1, Desember 1948.
11. Fairchild, H.P. : Dictionary of Sociology, Littlefield, Adams and Company, Totowa, New Jersey, 1965.
12. Hutchinson, J.L. : Principles of Recreation, A.S. Barnes and Company, New York, 1949.
13. Keyter, J. de W. : „Die Plek van Ontspanning in Maatskaplike werk", Ontspanning en Maatskaplike Werk, „Tweede-Trek"-Reeks No.XIII, Nasionale Pers Bpk., Bloemfontein, 1941.
14. Kraus, R.G. : Recreation and the Schools, MacMillan Company, New York, 1964.
15. Kuylaars, A.M. : Werk en Leven, H.E. Stenfert Croese, N.V., Leiden, 1951.
16. Meyer, H.D. en Brightbill, C.K. : Recreation Administration, Prentice-Hall, Inc., New Jersey, 1956.


© University of Pretoria Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



17. Nash, J.B. : Philosophy of Recreation and Leisure, St. Louis, 1953,

18. Neumeyer, M.H. en E.S. : Leisure and Recreation, A.S. Barns and Company, New York, 1936.

19. Oxford English Dictionary, Volume VI, L-M, Oxford University Press, 1933.

20. Pauw, S. : Die Beroepsarbeid van die Afrikaner in die Stad, Pro Ecclesia Drukkery, Stellenbosch, 1946.

21. Pieterse, J.E. : Drankmisbruikers 'n Sosiologiese ondersoek van 250 aangehoudenes in werkkolonies, H.A.U.M., Pretoria, 1959.

22. Pietersen, L. : Sociologie van de Sport, Uitgeverij Het Spectrum, Utrecht/Antwerpen, 1961.

23. Riesman, G.D. : Introduction to Community Recreation, New York, McGraw-Hill, 1940.

24. Schuler, E.A., Gibson, D.L., Fiero, M.L. en Brookover, W.B. : Outside Readings in Sociology, Thomas Y. Crowell Company, New York, 1953.

25. Sweedlun, V.S. en Crawford, G.M. : Man in Society, Vol. III, American Book Company, New York, 1956.

26. Timasheff, N.S. en Facy, P.W. : Sociology: An Introduction to Sociological Analysis, Bruce Publishing Company, Milwaukee, 1949.

27. Van der Merwe, I.R.: „Gesonde Gesinsontspanning", Die Anker van 'n Volk, Federale Vroueraad, Bloemfontein, 1960.

28. Webb, T.L. en Richards, S.J. : Data on Housing Conditions in South Africa, National Building Research Institute, C.S.I.R., Pretoria, 1961.

29. Websters Third New International Dictionary, Bell and Sons, Ltd., London, 1961.

30. Winn, R.B. : Encyclopedia of Child Guidance, The Philosophical Library, New York, 1943.

31. Young, Kimball : An Introductory Sociology, American Book Company, New York, 1939.

## TYDSKRIFARTIKELS

32. Du Plessis, J.D. : „Die Kleurling in die Raamwerk van ons Rasseverhoudings", Artikel in Tydskrif vir Rasse-Aangeleenthede, Vol.8, Nr.3, April 1957, Pro Ecclesia-Drukkery, Stellenbosch.

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



33. „Leisure and Technological civilization", International Social Journal, Volume XII, No.4, 1960.

34. Voorzanger, H. : „De Taak van het bedrijfsleven m.b.t. de vrijetijdsbesteding der werknemers", Tijdschrift voor Maatschappelijke Werk, Jaargang 5, No. 16, Sept. 1951.

35. „Current Problems of the Sociology of Leisure", International Social Science Journal, Volume XII, No.4, 1960.

36. Dumazedier, J. : „The current problems of the Sociology of Leisure", International Social Science Journal, Volume XII, No.4, 1960.

37. Romney, G.O. : „My Philosophy of Recreation", Recreation, Vol. XLVI, Maart 1953.

38. Smit, C. : „Ontspanning en die Gesin", Lantern, April-Julie 1960.

39. Lighton, R.E. : „The use of Leisure", Lantern, Vol. 9, No.4, April-Julie 1960.

## VERSLAE

40. Verslag Kommissie van Ondersoek insake die Kleurlingbevolking van die Unie; U.G. No. 54, 1937.

41. Verslag van die Kommissaris van Kleurlingsake vir die jaar geëindig 31 Maart 1952; Staatsdrukker, Pretoria, 1953.

42. Verslag van die Kommissie van Ondersoek insake die Kaapse Kleurlingbevolking van die Unie - 1937; Staatsdrukker, Pretoria, 1938.

43. Martin, A.R.: „Recreation for the Mentally Ill", Conference Report of American Association for Health, Physical Education and Recreation, Washington, D.C., 1958.

44. American Youth Commission: Youth and the Future, American Council on Education, Washington, 1942.

45. Cantrill, H. en Allport, G.W.: The Psychology of Radio, Harper Brothers Publishers, New York, 1935.

## VERHANDELINGS EN PROEFSKRIFTE

46. De Villiers, Jan J.: Elim 'n Gemeenskapstudie van 'n Sendingstasie, ongepubliseerde M.A.-verhandeling, Stellenbosch, 1948.

© University of Pretoria Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



47. Dyason, E.R.: '_n Sosiologiese ondersoek van die kleurlingbevolking binne die munisipale gebied van Kimberley_, ongepubliseerde D. Phil.-proefskrif, Universiteit van Bloemfontein, 1955.

48. Van der Walt, T.: _Kleurlingbehuising in Eersterust, Pretoria_, ongepubliseerde M.A.-verhandeling, Universiteit van Pretoria, 1966.

* * * * * *

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021